

Spirituele ontwikkeling by kinders: 'n Konseptuele studie

Karla van Biljon



Tesis voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Theologia in Praktiese Teologie by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Dr. A Cloete

.

.....8 YgYa VYf &\$%

VERKLARING

Met die indien van hierdie navorsingswerkstuk verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe waar uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Karla van Biljon

Datum: 23 Augustus 2013

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

Á

S [] á | ^ * Á Á G F H Ú c | | ^ } à [• & @ M } ã ^ | • ã ^ ã

Ø | ^ Á ^ * c Á [[| à ^ Q ~ Á

OPSOMMING

Die doel van die navorsing is om vas te stel hoe ons kinders, veral binne die gemeentelike konteks, meer effektief kan begelei as deel van hul spirituele ontwikkeling. Vele studies oor kinders se spirituele ontwikkeling is reeds gedoen, maar nogtans bestaan daar steeds wanpersepsies en vooropgestelde idees oor kinders se spirituele vermoëns en ontwikkeling. In hierdie studie word daar gepoog om van hierdie wanpersepsies en vooropgestelde idees aan te spreek en so tot 'n ryker konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling te kom. Die studie probeer 'n ryker konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling vorm, aan die hand van die vraag: Hoe kan ons kinders se spirituele ontwikkeling beter verstaan en wat is die implikasies vir kinderbediening?

Die navorsing ondersoek eerstens die konseptuele en omskrywende verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling. Die navorsingsafdeling toon aan dat spiritualiteit inherent deel is van elke mens se bestaan. Hierdie inherente spiritualiteit ontwikkel in die loop van die mens se lewensjare. Die ondersoek toon dat 'n definisie vir algemene spiritualiteit aan die transendente en relasionele verwantskap erkenning gee. Definisies vir kinder-spiritualiteit stem ooreen met die algemene definisies vir spiritualiteit, maar terme soos “ontwikkel” of “groei” word bygevoeg. Die ondersoek bespreek ook kinders se spirituele ontwikkeling as 'n verdieping of verryking van die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self, en die wêreld, en nie as 'n liniêre of chronologiese ontwikkelingsproses nie.

Die navorsing ondersoek tweedens die historiese en kontemporêre perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling. Vanuit die historiese perspektief word aangetoon dat daar eensydig op kognitiewe ontwikkeling as spirituele ontwikkeling van kinders klem geplaas is. Die beperktheid van die faseteorieë het die ondersoek in die rigting gestuur om 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm. Die konteks, die universele aard van ontwikkeling, en 'n kollektiewe benadering word as faktore wat 'n rol in die spirituele ontwikkeling van kinders speel, aangetoon.

Derdens word ondersoek gedoen na watter teologiese nadenke oor kinders se spirituele ontwikkeling as gepaste teologiese begroning vir kinderbediening binne 'n gemeentelike konteks beskou kan word. Huidige kinderbedieningsmodelle word krities evalueer en die noodsaaklikheid van verandering word aangedui. Enkele bedieningsmodelle word as meer effektief voorgestel, omdat hulle 'n holistiese en inklusiewe benadering tot kinderbediening verteenwoordig.

Die samevattende gedagte vanuit hierdie studie kan as volg geformuleer word: Kinderbediening is 'n omvattende bediening wat op die totale menswees van kinders en hulle behoeftes gerig is. Kinderbediening moet geleenthede vir kinders inhou om deur denke, refleksie, ervaring en aksie spiritueel te kan ontwikkel. Wanneer hierdie vier momente gelyktydig teenwoordig is, ontwikkel kinders 'n toewyding om 'n volgehoue en lewenslange spiritualiteit te beoefen. Dit is van kritiese belang dat kinderbediening doelgerig toegepas word en die doel van kinderbedienings moet met teologiese begroning geformuleer word.

Sleutelterme: kinders, spiritualiteit, kinderspiritualiteit, kinders se spirituele ontwikkeling, kinderbediening, spirituele begeleiding.

SUMMARY

The purpose of this research is to determine how we can better accompany and serve children through their spiritual development, especially within the congregational context. Many studies on children's spiritual development have been done, but misperceptions and preconceived ideas about children's spiritual abilities and development still exist. In this study, an attempt is made to address some of these misperceptions and preconceived ideas and so attain a richer conceptual understanding of children's spiritual development. This is done on the basis of the question: How can we understand children's development better and what are the implications for children's ministry?

This research firstly examines the conceptual and definitive understanding of children's spiritual development. The research section indicates that spirituality is an inherent part of every person's life. This inherent spirituality develops in the course of a person's life. Definitions for childhood spirituality concurs with the general definitions for spirituality, but terms such as "develop" or "grow" are added. The study also addresses children's spiritual development as a deepening or enhancement of the awareness of the transcendental and relational kinship with others, the self, and the world, and not as a linear or chronological development process.

The research secondly examines the historical and contemporary perspectives on children's spiritual development. In the light of historical perspectives, the research discusses the emphasis that is mistakenly put on cognitive development as spiritual development in children. The limitedness of the phases theory sent the research in the direction of finding and forming a richer picture of children's spiritual development. The context, the universal nature of development and a collective approach are indicated as factors that play a role in the spiritual development of children.

Thirdly, the research examines which theological thoughts on children's spiritual development can be regarded as appropriate theological grounds for children's ministry within a congregational context. Current children's ministry models are critically evaluated

and the necessity of change is indicated. Some ministry models are suggested as being more effective, as they represent a holistic and inclusive approach to children's ministry.

The consolidated thought from this study can be formulated as follows: Children's ministry is a comprehensive ministry that is directed at the total being of children and their needs. Children's ministry should pose opportunities for children to develop spiritually through thought, reflection, experience and action. When these four moments are present simultaneously, children develop a commitment to practicing a sustained and lifelong spirituality. It is of critical importance that children's ministry is applied purposefully, and the purpose of children's ministries should be formulated on a theological foundation.

Key terms: children, spirituality, children's spirituality, children's spiritual development, children's ministry, spiritual mentorship.

VOORWOORD

Ek het die voorreg gehad om in 'n ongelooflike gesin groot te word, waar beide my ouers toegewyde Christene was. Op hulle troudag het hulle reeds hulle beloftes op Josua 24:15 gebaseer: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien." Hierdie belofte het hulle terdeë nagekom en ons as kinders van kleins af in die weë van die Here grootgemaak. Dit is ook dan geen wonder dat my liefde vir die Here in my kindertyd diep wortels geskiet het en oorgespoel het na 'n behoefte om vir soveel as moontlik kinders dieselfde geleentheid te bied om die liefde van die Here te leer ken.

As kinderwerker het ek die begeerte ontwikkel om meer diepgaande kennis te ontwikkel oor kinders se spirituele ontwikkeling, sodat ek hulle beter op hierdie paadjie kan begelei. 'n Meestersgraad het vir my na die gepaste metode geklink om hierdie kennis op te doen. Buiten die literatuurkennis wat ek ryker geword het, was daar ook persoonlike omstandighede wat vir my praktiese lewenslesse geleer het. In die tyd wat ek besig was met my meestersgraad het ek my ma aan die dood afgestaan, en in daardie broos en kwesbare tyd het ek soveel meer nagedink oor die kragtige impak wat my ma op my eie spirituele ontwikkeling gehad het. Ek het ook tydens die voltooiing van die graad van mejuffrou na mevrou verander, en deur in die huwelik te tree, is ek gekonfronteer met die gedagte oor hoe ek eendag graag my eie kinders sal wil grootmaak om allereers die wil van God te soek. Beide hierdie uiteenlopende lewenservarings het vir my regdeur die studie inspirasie gebied om dit met volharding en deernis te voltooi.

Ek wil graag begin om dankie te sê vir beide my ouers, Mamma Leonie en Pappa Wimpie. Baie dankie vir die onwankelbare en konsekwente voorbeeld wat julle vir my as kind gegee het om lief te word vir die Here - julle het die saadjie geplant wat die ontstaan van hierdie studie verseker het. Baie dankie vir my man, Emile, wat met geduld vir my die tyd gegun het om navorsing te doen oor dit waarvoor ek lief is. Dankie dat jy altyd met gretige belangstelling geluister het na my opwinding oor kinders se spiritualiteit. Jou daaglikse belangstelling was vir my soos water wat elke dag die saadjie gevoed het.

Baie dankie vir NG Gemeente Kenridge wat vir my die geleentheid gegun het om, te midde van my verantwoordelikhede by die kerk, gefokus te kan wees op my studies. Dankie ook vir die finansiële bydraes. Daar waar ek op die kerkgronde met kinders omring word, is dit elke keer vir my 'n herinnering van hoe belangrik dit is om kinders na waarde te hanteer. Ek glo en vertrou dat ek al die nuwe insigte vanuit die studie in die gemeente sal kan terugploeg. Kennis is sinneloos sonder toepassing - dankie dus vir die geleentheid wat ek het om hierdie kennis by die gemeente te kan kom toepas. Julle is die sonlig wat die saadjie verder laat groei en die plant die lig laat sien.

Laastens, Dr Anita Cloete: my opregte waardering vir al die insette wat jy gelewer het, sal te kort skiet as ek dit in woorde moet omsit. Nietemin wil ek opreg my dankbaarheid betoon vir hoe jy my persoonlik bemoedig en geïnspireer het en vir die noukeurige wyse waarop jy my gelei het om gefokus te bly in die studie. Dis waarlik asof jy die snoeiskêr was om alles wat onnodig is, van my persoonlike frustrasies tot inligting wat nie verband hou met die studie se uitkomst nie, af te sny sodat die pragtigste afgeronde plant na vore kan kom. Baie dankie vir jou menswees wat 'n groot impak op die voltooiing van die studie gehad het.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VERKLARING	ii
OPSOMMING	iii
SUMMARY	v
VOORWOORD	vii
INHOUDSOPGAWE	ix
FIGURE & TABELLE	xiii
HOOFSTUK 1: ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE	
1.1 Inleiding	1
1.2 Agtergrond van die studie	2
1.3 Navorsingspropleem en -vraag	5
1.4 Navorsingsontwerp en –metodologie	7
1.5 Bydrae tot praktiese teologie	10
1.6 Beperkinge van die navorsing	13
1.7 Sleutelbegrippe	13
1.7.1 Spiritualiteit en godsdienst	13
1.7.2 Kinders	15
1.7.3 Spirituele ontwikkeling en spirituele groei, en geloofsontwikkeling en geloofsvorming	16
1.7.4 Spirituele versorging	17
1.8 Samevatting	18
HOOFSTUK 2: WAT IS SPIRITUELE ONTWIKKELING?	
2.1 Inleiding	20
2.2 Omskrywing van spiritualiteit	21
2.2.1 Nie-godsdienstige spiritualiteit	23
2.2.2 Godsdienstige spiritualiteit	24
2.2.3 Christelike spiritualiteit	26
2.2.4 Uitdagings tot 'n definisie van spiritualiteit	28
2.3 Omskrywing van kinderspiritualiteit	32
2.4 Omskrywing van spirituele ontwikkeling	36
2.5 Samevatting	36
HOOFSTUK 3: 'N OORSIG OOR DIE HISTORIESE PERSPEKTIEWE OP KINDERS SE SPIRITUELE ONTWIKKELING	
3.1 Inleiding	38
3.2 Vroeë holisme (1892-1930)	39
3.2.1 Erik Erikson: Identiteitsvorming by kinders	40
3.3 Afname in godsdienstige beklemtoning (1930-1960)	42
3.4 Kognitiewe periode (1960-1990)	43
3.4.1 Jean Piaget: Teorie oor kognitiewe ontwikkeling	44
3.4.2 David Elkind: Kinders se verstaan van geloofstradisies	45
3.4.3 Ronald Goldman: Geloofsvoorligting vir kinders bevraagteken	46
3.4.4 Lawrence Kohlberg: Morele ontwikkelingsfases	46
3.4.5 James Fowler: Geloofsontwikkeling-faseteorie	48
3.5 Leemtes in die faseteorieë	50

3.5.1 Beperkte teoretiese vertrekpunt	50
3.5.2 Problematiese kognitiewe-spirituele verhouding	51
3.5.3 'n Beperkte antropologie oor kinders	51
3.5.4 Gebrek aan verrekening van kultuur en konteks	52
3.5.5 Oorbeklemtoning van universalisme teenoor individualisme	52
3.5.6 Gebrek aan teologiese begroning in onderrig	52
3.6 Kinderspiritualiteit (1990-2013)	53
3.6.1 Robert Coles: Die spirituele lewe van kinders	55
3.6.2 Rebecca Ney: Relasionele bewustheid	56
3.7 Kinderteologie-beweging (2000-2013)	57
3.8 Samevatting	59
HOOFSTUK 4: 'N KONTEMPORÊRE PERSPEKTIEF OP DIE SPIRITUELE ONTWIKKELING VAN KINDERS	
4.1 Inleiding	60
4.2 Essensiële elemente vir 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling	61
4.3 Kontekstuele faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed	65
4.3.1 Urie Bronfenbrenner: Ekologiese model vir kinders se spirituele Ontwikkeling	66
4.3.2 Lillian Breckenridge: Ekologiese perspektief en spirituele leiding vir kinders	68
4.3.3 Lev Vygotsky: Teorie van geleerdheid en ontwikkeling	70
4.4 'n Universele benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling	72
4.5 'n Kollektiewe benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling	75
4.6 Samevatting	78
HOOFSTUK 5: 'N TEOLOGIESE BEGRONDING VIR SPIRITUELE BEGELEIDING VAN KINDERS BINNE 'n GEMEENTELIKE KONTEKS	
5.1 Inleiding	79
5.2 Tendense ten opsigte van kinderbedienings	80
5.2.1 Kinderbediening is nie 'n hoë prioriteit nie	80
5.2.2 Geloofsvormende invloed van ouers ontbreek	81
5.2.3 Familiebediening kom nie tot sy reg nie	82
5.2.4 Kinderbediening is nie genoegsaam na buite gerig nie	83
5.2.5 Kinderbediening bestaan hoofsaaklik uit kategetiese en leer en lewe word nie genoegsaam geïntegreer nie	84
5.3 Huidige kinderbedieningsmodelle	86
5.3.1 Bedieningsmodel 1: Ignorering en miskennig	87
5.3.2 Bedieningsmodel 2: Fragmentasie en isolasie	88
5.3.3 Bedieningsmodel 3: Akkommodasie	89
5.4 Die noodsaaklikheid van verandering in kinderbedieningsmodelle	91
5.5 Teologiese begroning vir spirituele ontwikkeling in kinders	94
5.5.1 Kinders as geskenke van God en 'n bron van vreugde	94
5.5.2 Sondige skepsels en morele agente	96
5.5.3 Ontwikkelende wesens wat onderrig en leiding nodig het	98
5.5.4 Volle mens en na die beeld van God gemaak	99
5.5.5 Toonbeeld vir geloof en bronne van openbaring	99
5.5.6 Weeskinders, naastes en vreemdelinge wat ontfermig en geregtigheid nodig het	100
5.6 Geloofspraktyke wat spirituele ontwikkeling bevorder	101
5.7 Voorstelle om bestaande kinderbedieningsmodelle te evalueer	105
5.7.1 'n Paradigma om spirituele ontwikkelingsmodelle te onderskei	106

5.7.2 Die Frankena-model: Riglyne om 'n kurrikulum saam te stel	108
5.7 Samevatting	110
HOOFSUK 6: KONKLUSIE	
6.1 Inleiding	112
6.2 Gevolgtrekkings	112
6.2.1 Wat word verstaan onder kinderspiritualiteit?	112
6.2.2 Wat word verstaan onder kinders se spirituele ontwikkeling?	113
6.2.3 Insigte vanuit historiese en kontemporêre perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling	114
6.2.4 Teologiese begroning vir kinders se spirituele ontwikkeling	115
6.3 Pragmatiese voorstelle vir kinderbediening	117
6.4 Verdere studies	119
6.5 Slot	120
BRONNELYS	122

FIGURE & TABELLE

Figuur	Titel	Bladsy
1.1	Die vier take van 'n prakties-teologiese interpretasie	9
1.2	Spiritualiteit/godsdiens Venn-diagram	14
2.3	Teologiese perspektiewe op spiritualiteit	25
4.1	Essensiële elemente vir 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling	62
4.2	Bronfenbrenner se interafhanklike sisteme	66
4.3	'n Voorlopige raamwerk vir kinder- en adolessente spirituele ontwikkeling	74
5.1	Modelle van kinders se spirituele ontwikkeling	106
5.2	Die Frankena-model	109
Tabel	Titel	
3.1	Erikson se eerste vier fases van kinders se identiteitsvorming	41
3.2	Piaget se eerste vier fases van kinders se kognitiewe ontwikkeling	45
3.3	Kohlberg se morele ontwikkeling by kinders	47
3.4	Fowler se eerste vier fases van geloof	49

HOOFSTUK 1

ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Daar blyk vandag groot kommer te wees oor kinders. 'n Mens raak meer daarvan bewus as ouers, onderwysers en geestelike leiers die volgende vrae stel: Word ons kinders met liefde grootgemaak? Is die huidige onderrigstelsels goed genoeg vir hulle? Is kinders veilig in hul huise en by skole? Sal kinders 'n gevoel van betekenis en doelgerigtheid in hul lewens hê? Sal kinders 'n positiewe bydrae in die samelewing kan maak? In die kerk is daar ook 'n besorgdheid om te weet: Gaan ons kinders eendag 'n lewende geloof hê? Gaan ons kinders hierdie geloof daaglik uitleef deur diensbaarheid en versorging aan ander? [Bunge 2003: 11]

Ten spyte van hierdie sorg kom dit voor asof kinders nie die nodige aandag kry wat hulle verdien nie. Marcia Bunge se woorde getuig van haar sterk reaksie teenoor hierdie nalatigheid om vir kinders te sorg: "While we express such concerns, our actions - not only in our society, but even in our churches - reveal a lack of commitment to children. Many countries fail to meet even the basic needs of children, and children around the world suffer hunger, poverty, abuse and neglect, and depression." [2003: 11] In die samelewing het ons verwronge en simplistiese sienings oor kinders. Kinders word as ekonomiese laste, verbruikers en sondige skepsels beskou wat nog nie "volle-mens" is nie. 'n Ryker prentjie oor kinderjare vanuit die Skrif en Christelike tradisies bied vir ons 'n grondige fondasie om kreatiewe godsdiensonderrig aan kinders te gee, om teologies dieper oor kinders te besin en om weer 'n hernude verbintenis aan alle kinders te toon [Bunge 2003: 11].

1.2. Agtergrond van die studie

Children are as much spiritual beings as are the adults in their lives. From the very beginning of life, infants seem to live a life of awe and wonder, often transfixed in the moment. Watch a baby who gazes at the face of his mother in wonder of this mysterious other... Spiritual aliveness knows no age barriers; the young child and aged philosopher stand on level ground. [Ratcliff, 2004: 7-8]

Kinders is van nature leergierig. Van geboorte af begin hulle die wêreld rondom hulle verken om hulself en hul plek in die wêreld te verstaan. T Wyatt Watkins [2008: 132] vertel die verhaal van 'n ouerpaar wat geboorte gegee het aan hulle tweede kind, 'n seun. Die ouer sussie vra toe eendag om 'n paar minute alleen by haar nuwe boetie te wees. Die ouers was huiwerig, maar hulle gee haar toe 'n kans. Hulle luister toe af wat sy vir hom fluister, en hoor hoe sy vra: "Vertel my van God – ek het al amper vergeet". Elke mens behoort by hierdie verhaal aanklank te vind, want van kleins af het ons 'n soeke na iets groter as onself, 'n hunkering na die verstaan van 'n inherente spirituele verbondenheid.

Benson, Roehlkepartain en Rude definieer spiritualiteit so:

Spirituality is the intrinsic human capacity for self-transcendence in which the individual participates in the sacred – something greater than the self. It propels the search for connectedness, meaning, purpose and ethical responsibility. It is experienced, formed, shaped and expressed through a wide range of religious narratives, beliefs, and practices, and is shaped by many forces in the society and culture. [2003: 204-212]

Hierdie definisie help ons verstaan dat alle mense 'n ingebore spiritualiteit het. Ten spyte hiervan het ons 'n wanpersepsie en vooropgestelde idees oor kinders se spirituele vermoëns en ontwikkeling. Van hierdie wanpersepsies word deur Watkins in *Nurturing children's spirituality* bevestig as hy sê dat kinders nie voor die ouderdom van twaalf aan sinvolle geloofspraktyke kan deelneem nie en dat hulle nie die vermoë het om 'n werklike verhouding met God te vorm nie [2008: 135]. Daarteenoor sê Karen-Marie Yust in *Real kids, real faith*: "If faith is not something we do but something we are given by God, then anyone can be recipient of faith and respond with faithfulness, even if that person is

incapable of rational reasoning” [2004: 7]. Sulke teenstrydige stellings laat ’n mens wonder of die spiritualiteit van kinders enigsins verskil van volwassenes se spiritualiteit. Dit gee aanleiding tot ’n verdere vraag: Hoe groei kinders spiritueel? Wat behels spirituele ontwikkeling en geloofsgroei by kinders?

Om kinders se spirituele ontwikkeling vanuit ’n Christelike perspektief te verstaan, behels verskeie interdisiplinêre velde se insette. Ontwikkelingsielkunde, teologie, kinderontwikkelingspesialiste en pedagogiek kan waardevolle bydrae maak tot die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling. Die sosiale wetenskappe voorsien ons van empiriese navorsing deur hipoteses oor die ontwikkeling van kinders.

Jean Piaget, Erik Erikson, Lawrence Kohlberg en James Fowler staan bekend vir hulle teorieë en ontwikkelingsfases wat die kollig weer op kinders geplaas het [Allen, 2008: 5]. Kerkvaders herinner ons aan die belangrikheid van kinders in die Bybel en watter sentrale rol hulle deur die hele Bybel speel. Spirituele leiers help ons om kinders se geloofsonwikkeling te verstaan asook die belangrike rol wat ouers in hierdie proses speel. Freudenberg verwoord dit só in sy boek *Family-friendly church*: “Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for building faith in young people and for passing faith on from one generation to the next.” [Freudenberg, 1998: 10]

Om kinders se spirituele ontwikkeling te verstaan, moet alle aspekte van die kind in ag geneem word. Dit sluit emosionele-, verbale-, sosiale-, en gedragsonwikkeling in, asook ander baie belangrike aspekte van kinders se menswees, soos verbeelding en kreatiwiteit [Allen, 2008: 37]. Hierdie interdisiplinêre velde, asook studies wat reeds oor kinders se spirituele ontwikkeling gedoen is, kan teologie help om ’n deeglike en omvattende begrip van kinders se spirituele ontwikkeling te ontwikkel. Met ’n beter verstaan van wat die spirituele ontwikkeling van kinders behels, kan bedieners hulle beter begelei tydens hierdie fase. Gedurende die afgelope dekade het navorsers baie aandag begin gee aan die ontwikkeling van kinders se spiritualiteit. So het kinderteologie met die konferensie in Chicago in 2003 ’n subdissipline van praktiese teologie geword. Tydens hierdie konferensie is daar in diepte gekyk na verskeie aspekte van kinders en ’n baie waardevolle boek, naamlik *Children’s spirituality*, het daaruit ontstaan [Ratcliff, 2003:8].

Ten spyte van die hoeveelheid navorsing wat reeds oor kinders se ontwikkeling gedoen is, is daar nog leemtes in die teologiese begroning daarvan. Aangesien daar verskillende dissiplines by nadenke oor die spirituele ontwikkeling van kinders betrek word, is daar teenstrydigheid oor die teologiese begroning van al die navorsing en of dit waarlik spiritueel van aard is. Allen sê in *Nurturing children's spirituality*:

Examining more than a century of research on children's spirituality is an overwhelming task. Attempting practical application of this literature is also difficult, or rather, it is impossible, as the varying perspectives suggest conflicting recommendations. The wide variety of theories, methods, and specific issues involved present a virtual kaleidoscope of possible lenses on children's spirituality. Several major points however deserve additional consideration. [2008a: 36]

Ek stem saam met Allen dat dit 'n geweldige taak is om die teologiese aard van kinders se spiritualiteit tot reg te laat kom tussen al die ander verskillende dissiplines. Dieper teologiese refleksie of besinning oor die spirituele ontwikkeling van kinders kan help om die teologiese aard van spirituele ontwikkeling in kinders tot regte te laat kom. Dus poog hierdie studie om 'n dieper teologiese begroning vir die spirituele ontwikkeling van kinders te bied. Verder stem ek nie saam met Allen dat dit 'n onmoontlike taak is om hierdie insigte oor die teologiese aard van kinders se spirituele ontwikkeling, na die praktyk te neem nie. Ek vermoed dat 'n beter verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling, waardevolle insigte kan bied oor hoe kinders in die bediening tydens hierdie spirituele ontwikkeling begelei kan word.

Ek bevind myself tans in 'n gemeente as proponent met die postitel "kinderwerker". Vanuit my praktykervaring ervaring in die NG Kerk met kinders het daar 'n behoefte by my ontstaan om kinders so goed as moontlik te begelei in hulle spirituele ontwikkeling. Hierdie behoefte het my gemotiveer om deur formele studies na te dink oor die belangrikheid van die vormingsjare van kinders vir die ontwikkeling van 'n gesonde, lewenslange spiritualiteit. George Barna bevestig die belangrikheid van hierdie vormingsjare as hy sê dat die morele-, spirituele- en verhoudingswaardes van alle mense voor die ouderdom van dertien jaar vasgelê word; na dié spesifieke ouderdom is dit heelwat moeiliker om hierdie waardes vas te lê [in Holmen, 2010: 9]. Verdere studies asook ervaring het vir my as jeugwerker geleer dat die kerk nie alleen die verantwoordelikheid kan dra om kinders spiritueel te begelei nie. Plaaslike gemeentes

speel 'n belangrike rol in die spirituele vorming van kinders, maar kerklike betrokkenheid is nie die enigste sleutel tot sukses om gelowige kinders groot te maak nie. Die primêre invloed wat kinders se spirituele ontwikkeling bepaal is die voorbeeld van hulle ouers en dit wat spesifiek in hul huise gebeur [Holmen, 2010: 10].

Met die opkoms van die nuwe beweging van familiebediening het daar baie vrae rondom die verantwoordelikheid van die kerk en die verantwoordelikheid van ouers ten opsigte van kinders se geloofsvorming ontstaan. Baie van hierdie navorsing toon dat die kerk en ouers nie ingelig is oor hoe hulle spesifiek hierdie rol moet vervul nie. Timothy Paul Jones skryf in sy boek *Family ministry field guide* dat ouers in gemeentes 'n dringendheid ervaar om hulle kinder spiritueel te begelei. Hoewel die gemeentes ouers aanspoor om betrokke te wees in hulle kinders se spirituele groei en die ouers gewillig is om hierdie taak te vervul, ervaar die ouers 'n gevoel van onkunde oor hoe hulle hierdie taak moet vervul. Paul skryf hierdie onkunde toe aan die kerke en die leiers van hierdie kerke wat self nie presies weet hoe hierdie taak vervul kan word nie [2011: 32]. Hierdie onsekerheid oor hoe om kinders spiritueel te begelei, kan moontlik toegeskryf word aan die onsekerheid oor hoe kinders spesifiek spiritueel ontwikkel. Hierdie vermoede het gelei tot die besef dat 'n dieptestudie hieroor moontlike antwoorde kan bied, wat gelei het tot die besluit om op 'n gestruktureerde wyse ondersoek in te stel na wat die ontwikkeling van kinders se spiritualiteit behels.

1.3 Navorsingspropleem en -vraag

Vanuit die agtergrond en motivering van die studie is dit duidelik dat daar nog nie konsensus is oor 'n definisie vir kinderspiritualiteit nie, en ook nie eensgesindheid oor al die verkillende aspekte van kinders se ontwikkeling wat 'n invloed op hul spirituele ontwikkeling het nie. In die verlede het die tema van kinders en jongmense beperkte aandag in teologiese nadenke geniet. Dit is moontlik die rede waarom die onderwerp van kinderspiritualiteit in die wetenskapsveld van Praktiese Teologie nog nie volledig ontgin is nie. Bestaande leemtes in die interdisiplinêre bestudering van kinderspiritualiteit dui op 'n behoefte na groter konsensus oor die konseptuele omskrywing van kinderspiritualiteit asook watter dimensies van kinders se ontwikkeling 'n invloed op spirituele ontwikkeling het. Dit blyk dat on oor die aard van kinders se spiritualiteit en die ontwikkeling daarvan

gevolge vir die praktyk van spirituele begeleiding van kinders, veral in die konteks van gemeentes, inhou. Die leemte aan teologiese besinning, enersyds oor die waarde van die kind as mens en andersyds oor die belang van rigtinggewende begeleiding aan kinders, dra verder by tot die verwaarlosing van spirituele begeleiding aan kinders. Hierdie kennisleemte in Teologie beklemtoon opsigself die belang van teologiese grondslae vir die versorging van kinders se spiritualiteit in die konteks van gemeentes.

In die bediening aan kinders ondervind kinderwerkers of jeugwerkers menige probleme. Hierdie probleme is dikwels gegrond op die gebreke wat daar in die teologiese refleksie oor kinders se spiritualiteit bestaan. Bunge verwoord dit soos volg: “Many churches consider reflection on the moral and spiritual formation of children as “beneath” the work of their theologians and as a fitting area of inquiry only for pastoral counsellors and religious educators” [2004: 34]. Sy skryf hierdie ingesteldheid toe aan gebrekkige aandag aan kinders in die kerk en in die wyer gemeenskap [2004: 44].

In ooreenstemming hiermee verduidelik Sims dat kinders en studies oor kinders se spiritualiteit vir lank op die kantlyn gebly het omdat kinders as onderdaniges in die gemeenskap of kulture gesien is, as gevolg van hulle afhanklikheid, magteloosheid en hul onvermoë om hulself te verdedig, en gevolglik ook as minder belangrik vir teologiese konseptualisering beskou word. Hy voeg daarby watter lae siening oor kinders in die samelewing bestaan: “[t]heologically they have not been viewed as active, formative agents in their relationships with God, others, themselves, society and culture, but rather as passive recipients of formation for such relationships or as young, immature sinners in need of conversion” [2005: 11]. Hierdie beperkte besinning oor kinders laat ons met die uitdaging om só na te dink oor kinders dat hulle ook tot hul reg kan kom. Teologiese besinning oor kinders se spirituele ontwikkeling kan ’n waardevolle bydrae maak tot die bediening aan kinders, spesifiek binne gemeentelike verband.

Die **navorsingsvraag** wat dus hieruit voortvloei, is:

Wat is die aard van kinders se spirituele ontwikkeling en die implikasies daarvan vir die spirituele begeleiding van kinders binne gemeentelike konteks? in kinderbediening?

Om ’n beter verstaan van kinders se spiritualiteit te ontwikkel wat ook rigtinggewend vir kinderbedienings kan wees, word die volgende sub-vrae in die studie gevra:

- Wat word onder “spiritualiteit” verstaan?
- Verskil kinders se spiritualiteit van volwassenes se spiritualiteit en indien wel, hoe?
- Wat word verstaan onder spirituele ontwikkeling en hoe is dit van toepassing op kinders?
- Watter bydrae maak Jean Piaget, Erik Erikson, Lawrence Kohlberg en James Fowler se teorieë oor kinderontwikkelingsfases tot die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling?
- Watter kontemporêre perspektiewe help ons om ’n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm?
- Wat is die teologiese perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling?
- Hoe kan ons die insigte oor die proses van kinders se spirituele ontwikkeling gebruik om gemeentes toe te rus in hul taak as begeleiers van kinders se spirituele ontwikkeling?

Deur hierdie vrae in die studie te beantwoord, kan die navorsingsvraag en navorsingsprobleem suksesvol aangespreek word.

1.4 Navorsingsontwerp en -metodologie

Mouton verduidelik dat ’n navorsingsontwerp die keuse van ’n toepaslike wyse waarop navorsing en ondersoek gedoen word, is [2001: 55]. Volgens Fouché is dit die keuse vir ’n klein, goed-uitgewerkte formule wat gepas is om die navorsingsdoelwit te bereik [2005: 268]. Vir hierdie navorsing is ’n literatuurstudie as ontwerp gekies. Mouton verduidelik dat ’n literatuurstudie die ondersoek van die versamelde vakkundigheid van ’n spesifieke onderwerp is [2001: 87]. Ek kies spesifiek die ontwerp van ’n literatuurstudie sodat ek in hierdie studie literatuur en bestaande data oor ontwikkelingsteorieë kan vergelyk en ook om vanuit hierdie versamelde inligting ’n moontlike begrip te vind wat binne die Christelike tradisies toegepas kan word.

Mouton verkies die term “scholarship review” wanneer hy die metodologie van literatuurstudies beskryf, aangesien dit nie net na die inhoud van ondersoek verwys nie,

maar ook na die outeurs en die betrokke veld in die akademiese konteks van die studie [2001: 87]. Die nadele van hierdie metodologie is dat al is daar baie leeswerk betrokke, kan dit min nuwe resultate of gevolgtrekkings lewer. Die spesifieke metodologie bring mens ook nie in direkte kontak met kinders om hul eie spirituele ervarings te hoor nie. Jensen gebruik 'n metode vir sy eie studies om kinders nie net as abstrakte objekte van 'n ondersoek te sien nie, maar om direk aan hulle menswees te dink in terme van sy studie. Hy dink aan die gesigte van die kinders oor wie hy die studie doen. So bly hy in 'n mate in gesprek met hulle [2005: xii]. In hierdie betrokke studie sal ek ook poog om nie net abstrakte literatuur oor kinders saam te stel nie, maar om werklik hulle "gesigte te sien" en hulle in gedagte te hou soos ek inligting versamel en aandagtig na ander navorsers luister. Geen navorsers kan hom- of haarself as onbevooroordeeld of objektief teenoor 'n studie beskou nie. Osmer neem waar dat alle interpretasies met 'n voorveronderstelling begin wat vanuit die verlede geleer is [2008: 22]. My vooropgestelde idees oor kinders word deur my eie praktykervaring in die bediening aan kinders binne 'n Christelike raamwerk beïnvloed. Dus moet ek as navorsers sensitief bly om alle literêre bronne so objektief as moontlik te bestudeer, en nie net my eie ervaring of konteks waarbinne ek werk as verwysingsraamwerk te gebruik nie.


Die voordele van 'n literatuurstudie is dat die rykdom van sekondêre navorsing bestudeer, geïntegreer en geïmplementeer kan word. Babbie en Mouton stel dat hierdie inligting met noukeurige bestudering en analiese, in 'n samehangende en sistematiese kennis sisteem geïntegreer kan word [2009: 5]. Die oorsig van navorsing in hierdie studie kan 'n grondige basis vir verdere empiriese studies bied. Hierdie betrokke studie poog om waardevolle insigte oor kinders se spirituele ontwikkeling te bied, sodat daar in die bediening aan kinders meer gefokusde aandag aan hierdie spirituele begeleiding gegee kan word.

Navorsingsmetodologie behels die metode waarvolgens navorsing gedoen word [Mouton, 2001: 55]. Die roete vir dié literêre oorsig word binne die raamwerk van prakties-teologiese ondersoek gedoen. Praktiese teoloë bevind hulself gedurig in die kringloop van praktyk-teorie-praktyk, waarbinne hulle deel is van 'n drievoudige proses van ervaring tot refleksie tot nuwe aksie [Root, 2007: 20]. Vir hierdie spesifieke ondersoek is 'n literatuurstudie volgens die prakties-teologiese interpretasiemodel van Richard Osmer as toepaslike metode gekies. Osmer verduidelik dat prakties-teologiese

interpretasie vier kerntake het, met rigtinggewende vrae om oor die praktyk te besin sodat daar na teorie beweeg kan word, en weer terug na die praktyk vir nuwe toepassings. Die vier kerntake van Osmer is soos volg [2008: 4]:

- i. Die *beskrywend-empiriese taak* behels die versameling van inligting wat help om sekere patrone en dinamika te onderskei in spesifieke vraagstukke.
- ii. Die *interpreterende taak* maak gebruik van teorieë uit ander wetenskappe om die patrone en dinamika te verstaan en verduidelik.
- iii. Die *normatiewe taak* gebruik teologiese konsepte om spesifieke vraagstukke te interpreteer en etiese norme daar te stel wat die reaksie op die vraagstuk sal bepaal en praktyke te reformeer indien nodig.
- iv. Die *pragmatiese taak* is die vorming van aksie-strategieë wat situasies in so 'n mate sal beïnvloed dat gewenste optrede daaruit sal voortvloei en 'n reflekerende dialoog uit die aksie sal voortbring.

Hierdie interpreterende spiral in praktiese teologie kan ook soos volg diagrammaties voorgestel word:



Figuur 1.1: Die vier take van prakties-teologiese interpretasie [aangepas uit Osmer, 2008: 11].

Die rigtinggewende vrae wat Osmer [2008: 4] aan hierdie vier kerntake toeskryf, is:

- i. Wat gebeur?
- ii. Hoekom gebeur dit?
- iii. Wat is veronderstel om te gebeur?
- iv. Hoe kan ons reageer?

Osmer se vier kerntake vir prakties-teologiese interpretasie vorm ook die raamwerk vir die hoofstukindelings. **Hoofstuk een** vorm die inleiding wat beskryf waaroor hierdie studie gaan. **Hoofstuk twee** sal teen die agtergrond van Osmer se beskrywend-empiriese taak kyk na hoe ons kinders se spirituele ontwikkeling huidiglik verstaan. Hierdie hoofstuk sluit vrae in soos: Wat is spiritualiteit? Wat is die verskillende definisies vir spirituele ontwikkeling? Wat is die verskil tussen geloofsgroei, geloofsontwikkeling en geloofsvorming? Het net kinders geloofsontwikkeling nodig of is dit 'n deurgaande proses? **Hoofstuk drie** bied 'n siening van die studies wat reeds gedoen is oor kinders se spiritualiteit. Hierdie hoofstuk word onderverdeel in vier hooftydperke, naamlik vroeë holisme (1892-1930); afname in godsdienstige beklemtoning (1930-1960); kognitiewe periode (1960-1990); en kinderspiritualiteit (1990-2013). Hierdie hoofstuk kyk teen die agtergrond van Osmer se interpreterende taak na die insette en teorieë vanuit ander wetenskappe wat ons kan help om die dinamika en patrone in kinderspiritualiteit te ontdek. Deur middel van die interpreterende taak van Osmer kan hierdie hoofstuk 'n raamwerk bied vir 'n holistiese benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling. **Hoofstuk vier** handel oor 'n kontemporêre perspektief op kinders se spirituele ontwikkeling en die kompleksiteit daarvan. Kontekstuele faktore, universele faktore en kollektiewe faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed, word bespreek. Deur middel van Osmer se interpreterende taak kan hierdie hoofstuk insigte bied om 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm. **Hoofstuk vyf** kyk teen die agtergrond van Osmer se normatiewe taak na hoe ons kinderbedienings dan teologies moet begrond. Tendense in kinderbedienings, huidige kinderbedieningsmodelle, die noodsaaklikheid van veranderings en nuwe voorgestelde kinderbedieningsmodelle word in die hoofstuk bespreek ten einde 'n dieper teologiese refleksie oor kinderbedienings te vorm. **Hoofstuk ses** sal aan die hand van Osmer se vierde kerntaak, naamlik die pragmatiese taak, voorstelle bied vir hoe daar na die praktyk beweeg kan word om hierdie ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling met teologiese begronding in die praktyk toe te kan pas.

1.5 Bydrae tot praktiese teologie

Vanaf die negentiende eeu het die teologie in vier hoofstrominge verdeel, naamlik sistematiese, bybelse, historiese, en praktiese teologie [Miller-McLemore, 2003: xxviii]. Swinton en Harriett beskryf die uniekheid van praktiese teologie op 'n gepaste wyse. Hulle skryf die rede vir die onderskeid van praktiese teologie teenoor ander teologiese dissiplines toe aan die oorsprong in die menslike ervaring [2006: 5]. Hulle definieer praktiese teologie as “critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world with a view to ensuring faithful participation in the continuing mission of the triune God” [2006: 25].

Prakties impliseer menslike aksie en *teologies* impliseer dat hierdie aksie ondersoek word vanuit die begronding van die teologie. Praktiese teologie as 'n vakgebied van teologie fokus dan op die gelowige menslike agent en sy handeling binne 'n teologiese raamwerk [Dean, 2001: 19]. Vanuit 'n spesifieke Christelike raamwerk gaan dit vir Malan Nel oor die kommunikasie van die evangelie, en hy verwoord dit soos volg: “...dit (gaan) dan basisteoreties om kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie en ... die Ryk van God in die moderne samelewing ... God handel met en deur mense.” [2001a: 4] Binne hierdie raamwerk van 'n *menslike ervaring* beklemtoon praktiese teologie die kompleksiteit van die lewe as 'n netwerk van verhoudings [Swinton & Harriett, 2006: 1]. Osmer verkies die konsep “web of life” om hierdie onderlinge verbondenheid, verhoudings en sisteme te beskryf [2008: 15-18]. Mercer sê dat kinders maklik in die sisteem van sistematiese teologie verlore kan raak, maar die interdissiplinêre aard van praktiese teologie, met sy veelvoudige perspektiewe, skep 'n ideale geleentheid vir die studies oor kinders [2005: 5]. In die geval van hierdie studie is praktiese teologie die gepaste dissipline waarbinne om die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling te ondersoek.

Osmer beskou die taak van praktiese teologie as 'n brug tussen verskillende subdissiplines [2008: 17]. Behalwe dat praktiese teologie nadink oor die gelowige, menslike agent se ervarings en kommunikatiewe handeling, is praktiese teologie ook die dissipline in die teologie wat in die grootste mate in dialoog met ander vakgebiede staan. Root stel dit dat die ander dissiplines van teologie wel ook 'n vorm van dialoog met

ander vakgebiede het, maar dat hierdie dissiplines steeds selfstandig kan “oorleef” sonder hierdie dialoog [2007: 19]. Praktiese teologie, daarenteen, is in dialoog met byvoorbeeld die sielkunde, filosofie, pedagogie en selfs met uitdagings soos die ekonomie en die ekologie. Praktiese teologie is dus die punt van samekoms tussen teologie en ander wetenskaplike velde.

Jeugwerk is ’n subdissipline van praktiese teologie en dus behels dit die “kommunikatiewe handeling” aan en deur die jeug (kinders, adolessente en jong volwassenes). Die verhouding tussen kinderbediening en jeugwerk kan ook van verskeie perspektiewe benader word. Mercer beskryf dit soos volg:

Practical theology of childhood involves persons and communities in actions on behalf of children, based on the conviction that in Christ, God already is at work on behalf of children to bring about transformation toward the reign of God ... In that sense, a practical theology of childhood concerns the church participation with God in what God is doing on behalf of the emancipation of children. [2005: 10]

Kinderbediening kan as ’n subdissipline van jeugwerk beskou word, en in sekere akademiese institusies word dit as ’n subdissipline bestudeer. In die vormingsjare het kinderbediening uit jeugwerk as ’n dissipline ontstaan, maar die groot hoeveelheid navorsing wat oor hierdie veld gedoen is, kan tot gevolg hê dat dit as ’n eie selfstandige dissipline gesien kan word. Navorsing op meesters- en doktorale vlak in kinderbediening, dra by tot die spesialisering van hierdie veld [Beckwith, 2004: 38]. Jensen verwys ook na die hernude aandag wat daar aan kinders in die Christelike tradisie en teologie, spandeer word [2005: xxii].

Anderson som die doel van praktiese teologie as ’n teologiese dissipline goed op: “...to faithfully reflect the nature and purpose of God’s continuing mission to the world and in so doing authentically address the contemporary context into which the church seeks to minister” [2001: 22]. Hierdie studie sal binne die vakgebied van praktiese teologie en ook jeugwerk as die subdissipline waardevolle bydraes maak ten opsigte van die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling. ’n Beter verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling kan praktiese teologie help om by die beste moontlike bedieningsgerigte aksie te kom, wat kinders maksimaal kan help tydens hulle spirituele ontwikkeling. Dit is

met hierdie praktykgerigte ingesteldheid wat ons dan voldoen aan Osmer se vierde taak, naamlik die *pragmatiese taak*. Hierdie studie poog dus om deur 'n ryker konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling, hulle beter te kan begelei tydens die proses van spirituele ontwikkeling, veral binne gemeentelike konteks.

1.6 Beperkinge van die navorsing

Om die beoogde doelwit so akkuraat as moontlik te bereik, is dit nodig om die studie af te baken. Die studie fokus net op die spirituele ontwikkeling van kinders binne die Christelike tradisie, en neem nie regtig ander gelowe in ag nie. Hierdie studie fokus ook nie op spesifieke Christelike doktrines, soos doop, nagmaal, die drie-enige God ensovoorts nie, maar eerder op die algemene spirituele ervarings van kinders. Hierdie studie sal spesifiek op die spirituele ontwikkeling van kinders tussen die ouderdomme van 0-13 fokus, wat as die vormingsjare bekend staan. Aangesien hierdie studie slegs fokus op die Christelike tradisie, bied dit 'n eensydige teologiese perspektief op kinders se spirituele ontwikkeling. Verdere studies oor hoe ander gelowe kinders se spirituele ontwikkeling verstaan, kan vanuit hierdie studie voortvloei.

1.7 Sleutelbegrippe

In hierdie studie word verskillende kernkonsepte gebruik wat steeds oop is vir ander interpretasies, maar om enige verwarring in hierdie studie uit te skakel, is dit nodig om 'n paar sleutelbegrippe kortliks te verduidelik. Ander konsepte wat meer gefokusde aandag verdien, sal in die relevante hoofstukke bespreek word. Spiritualiteit is 'n komplekse konsep en daarom word hierdie konsep in meer besonderhede in Hoofstuk 2 bespreek. In hierdie betrokke hoofstuk word konsepte wat algemeen in al die hoofstukke voorkom, bespreek.


1.7.1 Spiritualiteit en godsdiens

Die debat oor die verhouding tussen spiritualiteit en godsdiens hang af van die definiëring van elkeen van hierdie twee begrippe. As gevolg van die komplekse en veelvoudige aspekte van beide hierdie konsepte, is daar nie 'n eenvormige definisie vir

hierdie twee terme saam nie [Hay, Reich & Utsch, 2006: 46]. In die debat oor die verhouding tussen spiritualiteit en godsdiens is daar vier verskillende sienings, naamlik dat

- i. dit twee aparte entiteite is;
- ii. oorvleuel;
- iii. een ondergeskik is aan die ander;
- iv. een gebied wat twee aspekte verteenwoordig.

Ratcliff en May gebruik die voorstelling van twee sirkels wat gedeeltelik oorvleuel. Dit stel voor dat spiritualiteit en godsdiens van mekaar verskil, maar dat dit wel in 'n klein gebied gelyke grond deel [2004: 11]. Helm, Berg en Scranton bied die volgende diagram wat die gedeelde grond en afsonderlike grond uitbeeld [2008: 217]:



Figuur 1.2: Spiritualiteit/godsdiens Venn-diagram [Helm *et al.*, 2008: 217].

Beide hierdie konsepte word binne die raamwerk van die soeke na die heilige gevind. Die primêre funksie van godsdiens is om die soeke na die heilige te fasiliteer deurdat geloofspraktyke, geloofsoortuigings en gevoelens gebruik word om die doel te bereik. Die soeke na die heilige deur spiritualiteit behels ontmoetings met God, die hemelse of die transendente.

Verskeie navorsers neem aan dat daar 'n oorvleueling tussen spiritualiteit en godsdiens is, maar daar is spanning oor die grootte van die punte waar dit oorvleuel. Copsey is van mening dat kinders se spiritualiteit as 'n wegspringplek vir geloof gebruik kan word [2005: 17]. Konsepte wat met spiritualiteit geassosieer word, is byvoorbeeld kwesbaarheid, mistiek, welstand, verhoudings, die innerlike self en om in voeling met God te wees. Konsepte wat met geloof geassosieer word, is byvoorbeeld vertrouwe, hoop, liefde, verhoudings, God en die kruis. Copsey kom tot die slotsom dat spiritualiteit verband hou met enige waarnemings van in verhouding wees tot iets, en dat godsdiens of geloof meer 'n grondigheid of sekuriteit bied, wat verbind is aan die geloofsoortuigings en geloofspraktyke van 'n gegewe geloofsgemeenskap. Sy redeneer dat menslike spiritualiteit sy volle potensiaal kan bereik wanneer daar 'n Christelike raamwerk rondom dit geplaas word en dat hierdie godsdienstige raamwerk die basis vorm vir die uitlewing van die spiritualiteit [2005: 27]. Sy glo dat dit net so belangrik is om vir kinders hierdie godsdienstige raamwerk rondom hulle spiritualiteit te skep [2005: 71].

In hierdie studie word daar gekyk na die spirituele ontwikkeling van kinders binne 'n Christelike raamwerk en dus sluit die term spiritualiteit in dié studie die oorvleuelende grond met godsdiens in.

1.7.2 Kinders

Die meeste organisasies in Suid-Afrika verwys na die fase van kindwees as vanaf nul tot die ouderdom van 18 jaar, en tref nie 'n onderskeid tussen adolessensie en die jong kinderjare as twee aparte fases nie. Suid-Afrikaanse statistieke, wat deur die Children's Institute en die Child Rights Conventions voorsien is, gebruik ook hierdie ouderdomme om na kinders te verwys. Berry en Guthrie van die Children's Institute verduidelik die rede vir hulle keuse van hierdie spesifieke ouderdomme is omdat die Suid-Afrikaanse kinderwet aandui dat ouers verantwoordelik is vir die versorging en ondersteuning van kinders, en onder hierdie wet verantwoordelik is om in hul basiese behoeftes te voorsien tot en met die ouderdom van 18 jaar [2003: 11]. Artikel 28(3) van die Grondwet van Suid-Afrika definieer 'n "kind" as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Burke neem waar dat wat die ouderdom van kinders behels, verskillend geïnterpreteer word afhangende van die geskiedenis, samelewing en profesie van die betrokkenes [2008: sp]. In Artikel 1 van 1989 het die Verenigde Nasies se konferensie oor kinderegte

en die VN-kinderfonds ooreengekom dat 'n kind 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar is [UNICEF 2009: 9].

Dit blyk dat die verskil tussen kinders en adolessente nog baie vaag is, en dat dit somtyds as sinonieme gebruik word. Hierdie vaagheid in die onderskeid tussen kinders en adolessente skep probleme vir jeugwerkers wanneer daar 'n onderskeid getref moet word of hulle as 'n kinderwerker gesien word, wat met kinders werk, of as 'n tienerwerker, wat met tieners of adolessente werk [Mathewson, 2011: 16]. Kinderwerkers kan die primêre skoolvlakke gebruik as raamwerk of verwysing vir die ouderdomsgroepe waarmee hulle werk. Die VN-kinderfonds verklaar dat sekondêre onderrig in Suid-Afrika gelyk is aan universele ouderdomsgroepe en dat die meeste kinders tussen die ouderdomme van 7-17 vir formele onderrig by skole ingeskryf is. Vir hierdie studie se doeleindes word daar op kinders wat op preprimêre en primêre vlak onderrig ontvang, dus van die ouderdomme 0-13 jaar, gefokus.

Grobbelaar verkies om die meervoud “kinders” te gebruik, met die doel om kinders as 'n inklusiewe groep van die gemeenskap te sien, en om nie die kind as objek van studie te sien nie [2008: 35]. In hierdie studie word daar ook na die groepnaam “kinders” verwys, en indien daar in die enkelvoud van “kind” gepraat word, is dit 'n uitsonderlike geval waar die term “kinders” nie gepas is nie.

1.7.3 Spirituele ontwikkeling en spirituele groei, en geloofsontwikkeling en geloofsvorming

Dieselfde kompleksiteit wat gevind is in die definiëring van spiritualiteit en godsdiens word gevind in die definiëring van spirituele ontwikkeling en geloofsontwikkeling. Verskillende terme soos ontwikkeling, groei en vorming word gebruik. Hay *et al.* stel voor dat spirituele ontwikkeling, in die lig van onlangse navorsing, die volgende moet insluit: dit is 'n biologiese samestelling wat in alle mense gevind word, dit word deur middel van taal, rituele en kultuur uitgedruk en dit is 'n “verhoudings-bewustheid” [2006: 9]. Nuwe belangstelling in godsdienstige en nie-godsdienstige spiritualiteit bied verskeie perspektiewe en sienings oor spiritualiteit en die klem op spiritualiteit verskil ook. Dit het tot gevolg dat daar ook verskille ontstaan oor die verstaan van spirituele ontwikkeling. Roehlkepartain, King, Wagener en Benson vra: Wat is dit wat ontwikkel? [2006: 46].

Breckenridge stel weer voor dat die term “ontwikkeling” liniêre en hiërargiese konnotasies het, en daarom verkies hy eerder die term “vorming” [2004: 331].

Navorsing vanuit ’n Christelike perspektief verkies die term “geloofsvorming”, omdat dit geloof as die vertrekpunt van spiritualiteit gebruik en geloof as ’n proses van vorming eerder as ’n natuurlike proses van ontwikkeling by ’n kind beskryf [Brewster, 2005: 101]. Hoewel die term “geloofsvorming” bo die term “spirituele ontwikkeling” verkies word, tref nie alle navorsers hierdie onderskeid nie. Estep neem waar dat ontwikkelingsperspektiewe ’n waardevolle lens bied waardeur die teorieë oor spirituele formasie beter verstaan en geartikuleer kan word, asook beter konseptualisering tot stand kan bring [2004: 335]. Na aanleiding van Estep se siening dat “ontwikkeling” ’n waardevolle lens bied vir al die variasies van groei, ontwikkel, vorm en formeer, word daar in hierdie studie meestal voorkeur gegee aan die woord “ontwikkeling”. In die geval van die gebruik van een van die ander variasies, sal bespreek word waarom die spesifieke variant in die betrokke gedeelte voorkeur geniet. In hierdie studie word al die verskillende variasies gebruik. ’n Meer diepgaande bespreking van wat hierdie terme beteken, word in Hoofstuk 2 bespreek.

1.7.4 Spirituele versorging

Spirituele versorging gebruik spiritualiteit as ’n lens om na kinders se lewens te kyk binne die konteks waar hulle gevind word, en dit is gemoeid met kinders se algehele welvaart, nie net hulle geloofslawe nie. Vanaf die 1920’s is kinders se godsdienstige lewens geskei van ander aspekte van die lewe, en tydens die modernistiese era is die spirituele aspek van kinders se lewens onderspeel, maar vanaf die 1990’s is kinders meer as holistiese en volledige wesens gesien [Ratcliff, 2008: 26]. Bradford verduidelik wat holistiese spirituele versorging van kinders behels [1995: 3-34] wanneer hy kinders se lewens vergelyk met ’n lemoen wat in drie segmente verdeel is:

- i. Menslike spiritualiteit – dit beskryf die welsyn van die mens en die interne verband tussen die emosionele, kognitiewe en intuïtiewe self, wat ook sensitiwiteit tot die transendente insluit. Dit gaan daarvoor “om te wees” en het met basiese behoeftes soos liefde en goedgesindheid te doen.

- ii. Toewydingspiritualiteit – dit beskryf die vorming van 'n gesamentlike en persoonlike godsdienstige lewe. Dit gaan daarvoor “om te behoort” en sluit behoeftes om met ander te deel en mekaar in 'n geloofsgemeenskap te dien, in.
- iii. Praktiese spiritualiteit – dit beskryf die integrasie van die menslike en toewyding-spiritualiteit in die alledaagse lewe. Dit gaan daarvoor “om tot aksie oor te gaan” en dit word sigbaar in verhoudings, persoonlike ontwikkeling en sosiale verantwoordelikheid.

Bradford stel hierdie drievoudige dinamika van spiritualiteit voor as interafhanklik en inherent verbind aan mekaar, en stel dit dat al drie dele ewe belangrik is vir die algehele welstand vir alle kinders. Spirituele versorging van kinders fokus dus op die kind as 'n holistiese wese en nie net op sekere fragmente van die kind nie. Greener waarsku dat daar nie op gemaklike areas van bedieningsintervensie, wat die spirituele of die fisiese kan wees, gefokus moet word nie [2002: 1]. Sy pleit vir 'n duideliker definisie van al die verskillende aspekte, sodat verwarring uitgeskakel kan word. Die *spirituele* sluit veranderings in die bewustheid van God en die verhouding met God, in; die *fisiese* sluit die liggaamlike, brein- en motoriese ontwikkeling in; en die *sosio-emosionele* sluit sosiale aktiwiteite en emosionele intelligensie in; terwyl die kognitiewe veranderings in denknprosesse, intelligensie en taal insluit [Greener, 2003: 2-3]. De Klerk-Luttig sê dat spiritualiteit nie as 'n onafhanklike gedeelte van menswees gesien moet word nie, maar eerder as 'n integrale deel van elke mens se totale bestaan [2008: 506]. Byvoorbeeld: emosionele ontwikkeling het 'n effek op kinders se verstaan van God; spirituele ontwikkeling beïnvloed morele ontwikkeling; en geloofskonsepte beïnvloed positiewe sosiale vaardighede [Beckwith, 2004: 24]. Spirituele versorging behoort dus ander aspekte van kinders se lewens, soos hul konteks en kultuur, in ag te neem.

1.8 Samevatting

Daar bestaan groot kommer oor die toekoms van die jeug maar ten spyte hiervan word daar steeds gebrekkige aandag aan kinders gegee. Die hoeveelheid navorsing wat daar oor kinders gedoen word, getuig van die geringskatting van die waarde van kinders. Hierdie gebrekkige kennis oor kinders het tot gevolg dat ons onvoldoende kennis het oor hoe hulle werklik spiritueel ontwikkel en gevolglik beïnvloed dit die wyse waarop ons

hulle bedien en nadink oor kinderbedienings. In hierdie studie word die vraag gevra: Hoe kan ons kinders se spirituele ontwikkeling beter verstaan en wat is die implikasies vir kinderbedienings?

Die inleiding dui die behoefte aan dieper teologiese nadenke oor kinders se spirituele ontwikkeling aan en die agtergrond brei uit oor die onderwerp. In die motivering word daar aangedui dat ek, die navorser, self as kinderwerker in kinderbediening die behoefte ontwikkel het om kinders beter spiritueel te begelei. Vanuit die inleiding, agtergrond en motivering is dit ook duidelik dat spirituele ontwikkeling van kinders 'n komplekse onderwerp is en dat dit 'n geweldige taak is om eene se navorsing bymekaar te bring. Hierdie studie sal aan die hand van Osmer se vier praktiese teologiese take metodes en stelselmatig na al die verskillende komplekse hoeke van kinders se spirituele ontwikkeling kyk om ten slotte te antwoord hoe 'n kinderbediening moet lyk wat teologies in die waarde van kinders begrond is.

In die lig hiervan poog hierdie studie om waarde toe te voeg tot die praktiese teologie in die Christelike bediening aan kinders, en om kerke en gesinne te help om 'n beter verstaan te hê oor wat spirituele ontwikkeling in kinders behels en hoe verskillende rolspelers kinders in die proses van spirituele ontwikkeling kan begelei.

HOOFSTUK 2

WAT IS SPIRITUELE ONTWIKKELING?

2.1. Inleiding

Wanneer 'n mens in die algemeen vir mense vra wat hulle onder die term spiritualiteit verstaan, kry 'n mens kontrasterende antwoorde. Sommige mense beskou dit as “innerlike vrede”, ander weer as “'n bewustheid van deel wees van 'n gemeenskap” of “om te leef vir iets groter as jyself”. Sommige mense begin om geloof te beskryf vanuit 'n algemene menslike fenomeen soos byvoorbeeld om te glo, om te vertrou, om toegewyd te wees of om jou lewe te oriënteer volgens geloofsoortuigings. Geloof bestaan dus, vanuit hierdie perspektief, uit basiese menslike aktiwiteite en gevolglik is geloof 'n dimensie van alle menslike wesens, omdat geloof en vertrouwe inherent deel is van elke mens se bestaan. Sommige mense plaas hulle geloof in materiële goedere of persoonlike prestasie; sommige plaas dit in sekere mense, gemeenskappe of tradisies; ander plaas dit in ideale of doelwitte; en ander vind dit weer in 'n transendente realiteit of wese. Almal het volgens hierdie perspektief een of ander vorm van geloof. Ander mense argumenteer weer dat geloof slegs reg verstaan kan word wanneer die beginpunt sy oorsprong in God vind, en nie in menslike aktiwiteite nie. Volgens hierdie denkwysse behels geloof 'n verbintenis aan God in 'n sekere vorm. Hierdie verhouding met God hang af van God se inisiële aksie, deur die keuse om sy goddelike natuur en teenwoordigheid vir die mens bekend en toeganklik te maak. Geloof, vanuit dié siening, is dus die reaksie op die geskenk wat God aan mense gee. Die daad om hierdie genade van God te herken en te aanvaar, gee dan oorsprong aan 'n wyse van lewe – 'n lewe van geloof, vertrouwe en toegewydheid [Dykstra, 2005: 17].

As 'n mens dieselfde vraag vir 'n gehoor van godsdienstige leiers, teoloë en akademici vra, sal die reaksie op dié vraag ook in 'n groot mate verskil. Volgens Roehlkepartain sal godsdienstige leiers en teoloë spirituele ontwikkeling as 'n punt vir oorweging binne hulle geloofstradisie beskou. Vir hulle is spirituele ontwikkeling 'n godsdienstige vraag en nie 'n wetenskaplike vraag nie [2004: 120]. As gevolg van die huidige en groeiende

belangstelling in spiritualiteit is daar in die afgelope paar jaar menige pogings aangewend om die term “spiritualiteit” tot ’n konkrete werkbare definisie te bring. Gedurende die laaste dekade is daar baie boeke en artikels oor spiritualiteit gepubliseer en dit wil voorkom asof die hoeveelheid definisies soveel is soos die outeurs [Allen, 2008: 6].

Aan die hand van Osmer se eerste kerntaak van praktiese teologie, naamlik die *beskrywend-empiriese taak*, word daar in hierdie hoofstuk gekyk na wat onder kinders se spirituele ontwikkeling verstaan word. Verskillende definisies van spiritualiteit, in die lig van steeds ontwikkelende navorsing, word bespreek. Daar word ook gekyk na die verband of verhouding tussen spiritualiteit en godsdiens. Vanaf die algemene verstaan van spiritualiteit word daar beweeg na ’n meer gespesialiseerde verstaan van kinders se spiritualiteit. Met ’n duideliker verstaan van wat kinders se spiritualiteit behels, word verder beweeg na ’n konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling.

2.2. Omskrywing van spiritualiteit

Roehlkepartain is van mening dat die vraag oor wat spiritualiteit is, vir teoloë sowel as vir die sosiale wetenskappe geldig is. Bunge, daarteenoor, is nie tevrede met die wyse waarop daar oor kinders se spiritualiteit nagedink is nie, en dit is duidelik wanneer sy sê:

Despite the centrality of spirituality as a force of individual lives and in societies, focused attention on the dynamics of spirituality in children’s lives has been rare, both in recent years and historically. In addition, the efforts that have been made have tended to be either theological *or* scientific, with these two ways of learning and framing knowledge rarely intersecting or learning from each other. [2001: 17]

Bunge se uitspraak maak dit duidelik dat daar ’n groot behoefte bestaan om vanuit verskeie dissiplines oor kinders se spiritualiteit na te dink en dan te integreer. Voordat ’n mens kan ooreenkom op ’n omvattende begrip van wat kinders se spiritualiteit is, is dit noodsaaklik om eers te kyk wat in die algemeen onder spiritualiteit verstaan word. In dié afdeling van die betrokke hoofstuk sal gepoog word om die behoefte, soos deur Bunge aangedui, aan te spreek deur spiritualiteit vanuit verskillende perspektiewe te verstaan en ’n meer geïntegreerde verstaan aan te bied, sodat daar na ’n meer omvattende verstaan van kinders se spiritualiteit beweeg kan word.

In 2003 het die Search Institute, 'n Minneapolis-gebaseerde nie-winsgewende organisasie, in samewerking met die John Templeton Foundation 'n vername spirituele ontwikkelingsinisiatief geloods wat die probleem van 'n definisie vir spiritualiteit ondersoek het. Roehlkepartain beskryf die doel van hierdie inisiatief om die stand van spirituele ontwikkeling tydens die eerste twee dekades van hierdie eeu vas te stel en vanuit hierdie duidelike posisie nuwe ondersoeke, dialoë en toepassings te stimuleer. Die doel is nie net om 'n interdisiplinêre begrip te ontwikkel nie, maar ook om spiritueel-versorgende praktyke na families, gemeentes en ander omgewings te neem [2004: 120].

Om hierdie doel van Roehlkepartain te bereik - om spiritueel versorgende praktyke na families, gemeentes en ander omgewings te neem - is dit belangrik om eerstens die behoefte aan 'n werkbare definisie van spiritualiteit aan te spreek. 'n Soeke na 'n werkbare eenvormige definisie van spiritualiteit sluit vrae in soos: Wat is spiritualiteit? Hoe stem spiritualiteit ooreen met godsdiens en hoe verskil dit van die term "godsdiens"? Is dit 'n konsep wat so breed is dat dit alles insluit wat 'n persoon wil hê dit moet insluit? Of, aan die ander kant, is dit iets wat gereduseer word tot 'n spesifieke en beperkte entiteit, in so 'n mate dat dit irrelevant en onbelangrik raak? Om die saak verder te kompliseer, word spiritualiteit in verskillende godsdienstige tradisies en verskillende dissiplines verskillend verstaan. In kontras hiermee is daar menings dat spiritualiteit 'n aparte fenomeen van godsdiens is. Hanson stel dit dat Christelike spiritualiteit gesien kan word as baie spesifiek en self 'n eng wyse om spiritualiteit te definieer, teenoor antropologiese sienings wat as te vaag en te breed beskou word, maar tog geleenthede skep vir dialoë tussen verskillende denominasies [1990: 23]. Schneiders is van mening dat dit voorkom asof die akademiese wêreld in twee algemene strominge verdeel word, naamlik "nie-godsdiensige spiritualiteit" en "godsdiensige spiritualiteit". Schneiders beskryf dit as "an anthropological position providing a 'definition from below' and a dogmatic position supplying a 'definition from above'" [2000: 252].

Die verskil en onderskeid tussen *nie-godsdiensige spiritualiteit*, *godsdiensige spiritualiteit* en *Christelike spiritualiteit* speel 'n belangrike rol in die verstaan en begrip van wat oor die algemeen onder spiritualiteit verstaan word en word dus vervolgens in meer diepte bespreek:

2.2.1 Nie-godsdienstige spiritualiteit

Dallas Willard, 'n professor in filosofie aan die Universiteit van suidelike Kalifornië, gee erkenning aan die feit dat daar twee strominge van spiritualiteit bestaan, en hy spreek die sekulêre vorm soos volg aan: “Much Modern thinking views spirituality as simply a kind of ‘interiority’ – the idea that there is an inside to the human being, and that is the place where contact is made with the transcendental” [in Ortberg, 1995: 16]. Oor nie-godsdienstige spiritualiteit neem Collins waar dat dit “often refers vaguely to some interior state or heightened awareness or perhaps to participation in a project, however conceived, greater than oneself” [2000: 10]. Lewis beskryf dit as 'n oriëntasie tot onself en ons verhouding tot alle ander dinge [2000: 274]. Hay en Ney beskryf spiritualiteit as die potensiaal wat elke mens besit om van hulleself bewus te wees, en ook die bewustheid van intieme verhoudings met alles anders wat nie onself is nie [2006: 21-22].

Nie-godsdienstige spiritualiteit sluit dus die volgende in: eksistensiële (betekenisvorming); humanistiese (holistiese verryking van die mens se totale wese, en nie net die godsdienstige ervarings nie); ontwikkelings- (yvoorbeeld Erikson se psigososiale model en Piaget se fases van kognitiewe ontwikkeling); sielkundige (byvoorbeeld ondersteuningsgroepe soos Alkoholiste Anoniem); en sosiaal-wetenskaplike spiritualiteit [Anthony, 2006: 16].

Cloete beskryf “nie-godsdienstige spiritualiteit” soos volg: “Spirituality refers to lived experiences which do not have to be religious experiences...” [2012: 71]. Cloete haal verder vir Schneiders aan om hierdie punt te staaf, dat spiritualiteit nie meer eksklusief of selfs primêr na gebed of ander spirituele oefeninge verwys nie, en nog minder na 'n elite staat of hoër praktyk van Christelikheid [Schneiders, 1990: 18]. Wanneer Schneiders die onderskeid tussen godsdienstige en nie-godsdienstige spiritualiteit tref, verwys sy na nie-godsdienstige spiritualiteit as antropologiese vrae [1990: 21]. Mathewson dui aan dat navorsers verkies om spiritualiteit vanuit 'n nie-godsdienstige benadering te gebruik, aangesien dit in verskeie ondersoeke as 'n algemene bepalingspunt dien [2011: 69]. Vanuit al hierdie verskillende antropologiese en sekulêre definisies is dit duidelik dat daar

twee algemene temas voorkom, naamlik self-transendensie en relasionaliteit – dit is die verhouding met die self, ander, die wêreld, en moontlik ook met die transendente.


2.2.2 Godsdienstige spiritualiteit

Godsdienstige spiritualiteit word ook op veelvoudige wyses beskryf. Die redakteurs van 'n onlangse publikasie oor spiritualiteit en die wêreld se godsdienste gebruik die volgende werkbare definisie van godsdienstige spiritualiteit as die raamwerk waarvolgens spiritualiteit in hulle boek verstaan moet word:

Spirituality is the intrinsic human capacity for self-transcendence in which the individual participates in the sacred – something greater than the self. It propels the search for connectedness, meaning, purpose, and ethical responsibility. It is experienced, formed, shaped, and expressed through a wide range of religious narratives, beliefs, and practices, and is shaped by many influences in family, community, society, culture, and nature” [Yust, Johnson, Sasso & Roehlkepartain, 2006: 8].

Godsdienstige spiritualiteit is meer intern gefokus en heilig van aard [Mathewson, 2011: 70]. Godsdienstige spiritualiteit vertak in “kontemporêre” spiritualiteit, “New Age” spiritualiteit, en sluit ook wêreldgodsdienste in. Sommige godsdienstige spiritualiteite is meer monoteïsties van aard, deurdat hulle die oorsprong van alle dinge toeskryf aan een bron. Boeddhisme is 'n voorbeeld van so 'n godsdienstige spiritualiteit wat monoteïsme verkies. Ander godsdienstige spiritualiteite neig weer na 'n teïstiese siening, soos byvoorbeeld Judaïsme, Christenskap en Islam [Collins, 2000: 13].

Alhoewel Christenskap binne die raamwerk van 'n teïstiese siening oor godsdienstige spiritualiteit val, is daar steeds 'n verskeidenheid van beskrywings vir spiritualiteit binne die Christelike tradisie. Anthony maak melding daarvan dat die kerk in die lig van die Christelike tradisie nog nooit op 'n definisie vir spiritualiteit ooreengekom het nie, maar 'n mens kan tog oor die algemene aard van spiritualiteit, en die toepassing daarvan vir kinderbedienings binne die Christelike tradisie, ooreenkom. Hy bied die volgende diagram om meer perspektief te gee op waar Christelike spiritualiteit binne die breë spektrum van godsdienstige spiritualiteit val [Anthony, 2006: 16]:



Figuur 2.1: Teologiese perspektiewe op spiritualiteit [aangepas uit Anthony, 2006: 16].

Yust *et al.* erken dat die uitlewing, ervaring en vorming van spiritualiteit binne 'n gemeenskap noodwendig deur geloofspraktyke, -aktiwiteite, -verhale en -oortuigings plaasvind. Dus kan die onderskeid tussen godsdienstige en nie-godsdienstige spiritualiteit daarin gemaak word dat godsdienstige spiritualiteit spesifiek verwys na die godsdienstige aktiwiteite ensovoorts wat spiritualiteit to stand bring, teenoor nie-godsdienstige spiritualiteit wat slegs op die relasionele verhoudings en transendentale bewustheid fokus.

2.2.3 Christelike spiritualiteit

Collins wys uit dat die woord “spiritueel” van die Latynse woord *spiritualitas* afgelei is en 'n direkte vertaling van die Griekse terme *pneuma* en *pneumatikos* is [2000: 10]. Volgens

Schneiders wil dit voorkom asof die woord “spiritueel” ’n nuwe woord in die eerste eeu was, wat deur Paulus gebruik is om te verwys na alle dinge wat op die Heilige Gees betrekking het [1990: 257]. Sommige navorsers fokus op die beperkte definisie met ’n uitsluitlike alleenfokus op die Heilige Gees. Lehmann se siening gee ’n voorbeeld van hierdie uitsluitlike fokus op die Heilige Gees as hy sê dat spiritualiteit is om deur die Heilige Gees aangeraak te word [1998: 83]. Ander Christelike navorsers verwys eerder na God as na die Heilige Gees. Groome bied die volgende treffende beskrywing van spiritualiteit met die fokus op God:

Spirituality is our conscious attending to God’s loving initiative and presence in our lives and to the movement of God’s spirit to commit ourselves to wholeness for ourselves and for all humankind by living in right relationship with God, ourselves, and others in every dimension and activity of our lives. [1988: 10]

Navorsing wat ’n onderskeid tussen die Christelike godsdiens en ander teïstiese godsdienste wil tref, fokus op die Trinitariese natuur van die Christelike geloof. Schneiders sê byvoorbeeld dat Christelike spiritualiteit die kapasiteit vir self-transendensie is, wat omsluit word deur die gawe van die Heilige Gees, wat ’n lewende verhouding met God in Jesus Christus binne die gemeenskap van gelowiges moontlik maak [1990: 266]. Philip Sheldrake, professor in praktiese teologie aan die Universiteit van Durham, Engeland, skep ’n definisie met ’n Trinitariese klem as hy sê dat spiritualiteit ’n bewustelike verhouding met God, in Jesus Christus, deur die inwoning van die Heilige Gees binne die konteks van die geloofsgemeenskap is [2000: 40]. In Schneiders en in Sheldrake se definisies van spiritualiteit vind ons weer die relasionele natuur van spiritualiteit, soos vroeër genoem. Beide hierdie outeurs vermeld ook die belangrikheid van die gemeenskap van gelowiges.

2.2.4 Uitdagings tot ’n definisie van spiritualiteit

Vanuit die voorafgaande subopskrifte is dit duidelik dat daar komplekse realiteite rondom spiritualiteit bestaan. Die verskeie dimensies van spiritualiteit soos godsdienstige of nie-godsdienstige spiritualiteit, asook die diversiteit van spesifieke gelowe, denominasies, ouderdomsgroepe en lewensareas bemoeilik die proses om tot een algemene definisie vir spiritualiteit te kom. Dus is dit voortydig, of selfs teenproduktief, om ’n spesifieke definisie voor te stel wat die rykdom, kompleksiteit en multidimensionele aard van hierdie

gebied van menslike lewe omskryf. Nye bevestig dat die pogings om spiritualiteit so na as moontlik te beskryf en om tot 'n werkende definisie vir spiritualiteit ooreen te stem, tot waninterpretasies van die kompleksiteit, diepte en vloeibaarheid van spiritualiteit lei. Sy vergelyk spiritualiteit met die wind – dit kan waargeneem word, ervaar en beskryf word, maar dit kan nie vasgevang word nie [1999: 58].

Volgens Roehlkepartain is dit ook nie 'n verskoning vir die akademici om die saak oop te los vir diverse definisies totdat die tyd verbygaan en idees oor spiritualiteit vaste vorm aanneem nie. Hy is van mening dat navorsers reeds nou hul huidige denke en aannames oor spiritualiteit moet kommunikeer [2004: 121]. Cloete stel dit dat daar in die proses om 'n konseptuele raamwerk vir spiritualiteit te vorm, 'n onderskeid tussen spiritualiteit as akademiese dissipline en die teologie van spiritualiteit getref moet word [2012: 71]. Vanuit die inisiatief van 2003 (soos genoem in 2.1) is daar oorvleuelende definisies ontwerp. Een van die definisies is gevorm as raamwerk vir die sosiale wetenskaplike perspektiewe oor spiritualiteit; die ander definisie word in die taal en temas van teologiese en godsdienstige studies begrond. Die twee definisies, soos vanuit die inisiatief van 2003, is soos volg:

Ontwerp van godsdienstige studies se definisie:

Spirituality is the intrinsic human capacity for self-transcendence in which the individual participates in the sacred – something greater than the self. It propels the search for connectedness, meaning, purpose, and ethical responsibility. It is experienced, formed, shaped, and expressed through a wide range of religious narratives, beliefs, and practices, and is shaped by many influences in family, community, society, culture, and nature. [Yust *et al.*, 2006: 8]

Hierdie definisie stem woordeliks ooreen met die keuse van 'n definisie vir godsdienstige spiritualiteit (2.2.2). Waar daar in godsdienstige spiritualiteit (2.2.2) gefokus is op die bewustheid van die transendente en relasionele verhoudings, en dat spiritualiteit deur die deelname aan geloofspraktyke gevorm word, is dit dus 'n gepaste keuse wanneer die teologie van spiritualiteit ter bespreking is.

Ontwerp van sosiale wetenskappe se definisie:

Spiritual development is the process of growing the human capacity for self-transcendence, in which the self is embedded in something greater than the self, including the sacred. It propels the search for connectedness, meaning, purpose, and contribution. It is shaped both within and outside of religious traditions, beliefs, and practices. [Yust, Sasso, Johnson, & Roehlkepartain, s.d.].

Navorsers verkies meestal 'n definisie vir spiritualiteit vanuit 'n nie-godsdienstige benadering (2.2.1), aangesien dit nie met spesifieke geloofstradisies verbind word nie. Hierdie bostaande definisie vir spiritualiteit is gepas wanneer spiritualiteit as akademiese dissipline ondersoek word.

Nie een van hierdie twee definisies is skerp omlin of ideaal nie, en kan dus met tyd verder ontwikkel word. Tog bied hierdie twee definisies belangrike insigte wat ons kan help in die proses om kinderspiritualiteit te verstaan. Vervolgens word daar gekyk hoe ons na aanleiding van hierdie insigte oor die algemene aard van spiritualiteit, kinders se spiritualiteit kan verstaan.

2.3 Omskrywing van kinderspiritualiteit

Die bepalende vraag in die ondersoek na die ontwikkeling van kinders se spiritualiteit sou kon saamgevat word in die vraag of kinders se spiritualiteit kwalitatief van volwasse spiritualiteit verskil. Omdat kinders in ander areas van die lewe, byvoorbeeld emosioneel, kognitief en sosiaal, nog moet ontwikkel, is dit vanselfsprekend om te aanvaar dat hulle ook in hul spiritualiteit nog moet ontwikkel. Maar is dit net kinders wat spiritueel moet ontwikkel? Word spirituele ontwikkeling net aan kinders toegeken, of is dit ook van toepassing op volwassenes? En indien wel, is daar 'n verskil tussen die spirituele ontwikkeling van kinders en volwassenes se spirituele ontwikkeling? Vanuit die voorafgaande gedeelte van die hoofstuk is dit duidelik dat dit moeilik is om op 'n definitiewe omskrywing vir spiritualiteit ooreen te kom. Navorsers in kinderspiritualiteit ondervind dieselfde probleme. Thompson en Williams vergelyk hierdie moeilike taak met die disharmonie van golwe wat bots en strome vorm soos hulle vir die hoofstroom veg. Hulle voeg daarby: "In these turbulent waters, Christian children's spirituality has to find a

place.” [2008: viii] Die voortgaande literatuur en navorsing oor kinderspiritualiteit worstel ook met hierdie vraagstuk [Allen, 2008: 9].

Navorsers in die veld van kinderspiritualiteit bied ook definisies wat in twee kategorieë verdeel kan word, naamlik godsdienstige spiritualiteit en nie-godsdienstige spiritualiteit. In *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence* (2006), gebruik die redakteurs dieselfde definisie soos ontwerp vir sosiaal wetenskaplike benaderings (2.2.4.) as vertrekpunt in die boek vir hoe kinderspiritualiteit verstaan moet word:

Spiritual development is the process of growing the intrinsic capacity for self-transcendence, in which the self is embedded in something greater than the self, including the sacred. It is the developmental ‘engine’ that propels the search for connectedness, meaning, purpose, and contribution. It is shaped both within and outside of religious traditions, beliefs, and practices. [Roehlkepartain *et al.*, 2006: 5-6]

Barbara Kim Myers en David Hay is navorsers wat voorloop met ondersoek oor kinders se spiritualiteit. Beide Myers en Hay werk in sekulêre opvoedingskontekste, waar hulle poog om ruimte te skep vir spirituele onderrig aan kinders sonder noodgedwonge verwysings na godsdiens – alhoewel beide van hulle uitgesproke Christene is. Myers staan bekend vir onderrig in Amerika wat doelgerigte spirituele ontwikkeling in voorskoolse kinders aanmoedig. Sy definieer spiritualiteit as ‘n sosiale saamgestelde “inexhaustible web of meaning interrelatedly connecting self, other, world and cosmos” [1997: 109]. Sy glo ook “spirit is a biological condition of being human ... all human beings in every culture have spirit as a life-giving force.” [1997: 101]

David Hay en sy navorsingsassistent, Rebecca Nye, is die outeurs van die boek *Spirit of the child*. Die basiese voorveronderstelling van hierdie boek is dat elke menslike wese ‘n biologiese “spirituele bewustheid” besit [2006: 22]. Hay plaas ook, soos Myers, die oorsprong van spiritualiteit in ‘n mens se biologiese samestelling. Hierdeur stel hy nie net ‘n universaliteit voor nie, maar in ‘n mate distansieer hy die gesprek van godsdiens. Sy einddoel is om ‘n definisie apart van God te ontwikkel, wat ateïste en agnostikusse ook verwelkom [Hay & Nye, 2006: 21-22]. Hay se definisie vir spiritualiteit is dus soos volg: “Spirituality is awareness that there is something Other, something greater than the course of everyday events.” [2006: 60] Hay en Nye se navorsing kom tot die slotsom dat

hulle die term “relasionele bewustheid” verkies om spiritualiteit te beskryf. Volgens Nye is hierdie relasionele bewustheid die kind se waarnemingsvermoë of bewuswording oor hoe die kind verwant is aan ander, aan die self, aan voorwerpe, en aan God. Nye beskryf die verwantskappe as “‘I-Others’, ‘I-self’, ‘I-World’, ‘I-God’” [2006: 109].

Beide Hay en Myers, wat as die voorlopers van kinderspirituele navorsing beskou word, is van mening dat alle kinders ’n spirituele bewustheid besit, nog voordat hulle enige formele godsdiensoonderrig ontvang het, en dat hierdie bewustheid versorg moet word en nie verhinder moet word nie [Allen, 2008b: 10]. Shirley Morgenthaler (1999) van die Universiteit van Concordia, River Frost, Illinois, is die redakteur van die boek *Exploring children’s spiritual formation*. Hierdie boek bring Lutheraanse skoliere vanuit die velde filosofie, teologie, sielkunde en sosiologie bymekaar. Die boek spreek ook dieselfde onderwerp as Hay en Nye se boek aan – die afwesigheid van ’n ooreengekome definisie vir spiritualiteit en die tekort aan inligting oor kinders se spirituele lewens – maar net vanuit ’n Lutheraanse perspektief. Die akademiërs bied ’n groot verskeidenheid definisies vir spiritualiteit in die algemeen, baie definisies vir Christelike spiritualiteit, en baie minder definisies vir kinderspiritualiteit, maar Morgenthaler se definisie is een van die skaarser vir kinderspiritualiteit binne ’n Christelike raamwerk. Dit lui soos volg: “The child’s development of an awareness of the relationship which has been initiated by God in and through baptism, the role of the child’s community in fostering that relationship, and the child’s understanding of, and response to, that relationship” [1999: 6].

’n Ander belangrike boek oor kinders se spirituele ontwikkeling binne ’n Christelike raamwerk is Catherine Stonehouse se *Joining children on the spiritual journey: Nurturing a life of faith*. Stonehouse bied nie ’n definitiewe omskrywing vir kinderspiritualiteit binne ’n Christelike raamwerk nie, maar sy is van mening dat kinders diep oor God kan nadink; dat ’n werklike verstaan van God oop en toeganklik vir kinders is; en dat hulle die werklikheid van transendensie kan begryp en meer oop as baie volwassenes is om God te verstaan [2008: 133, 174, 181].

Tot op hede is daar nog nie ’n definisie vir Christelike spiritualiteit of kinderspiritualiteit wat deur almal aanvaar word nie. Definisies vir Christelike spiritualiteit fokus (2.2.3) slegs op die Heilige Gees, of soms net op God, en in ander gevalle op die Trinitariese aard van God. Ander beklemtoon die belangrikheid van die geloofsgemeenskap en die uiterlike

erkenning en belydenis van verbintenis. Weereens is daar 'n klem op die relasionele aspek wanneer daar gepoog word om 'n werkende definisie daar te stel. Dus is dit ook nie vreemd as Mead en Nash spiritualiteit soos volg beskryf nie: "Spirituality is properly defined in the creation and cultivation of an intimate relationship with God." [1997: 54]

Holly Catterton Allen en Don Ratcliff in in 2005 gevra om vir die 2006 *Kinderspiritualiteit Konferensie: Christelike Perspektiewe* 'n werkende definisie vir die konsep van kinders se spirituele ontwikkeling saam te stel. Hulle noem dat die huidige definisie wat hulle gebruik, van Sheldrake (2000) en Morgenthaler (1999) afkomstig is, en soos volg lees:

The child's development of a conscious relationship with God, in Jesus Christ, through the Holy Spirit, within the context of a community of believers that foster that relationship, as well as the child's understanding of, and response to, that relationship. [Allen, 2008b: 11].

Tot op hede is hierdie definisie die mees gepaste vir kinderspiritualiteit binne 'n Christelike raamwerk, maar aangesien die veld van kinderspiritualiteit nog redelik nuut is, is daar baie ruimte vir hierdie definisies om te ontwikkel. In hierdie betrokke studie word die bostaande definisie gebruik as verwysingsraamwerk wanneer daar verder in die studie na kinderspiritualiteit verwys word.

Yust *et al.* [2006: 8-10] kom tot die konklusie dat kinderspiritualiteit

- i. 'n inherente deel van menslikheid is;
- ii. verwant aan godsdiens en geloof is, maar nie daardeur omskryf word nie;
- iii. groei en ontwikkeling insluit;
- iv. aktief versorg en gekoester moet word;
- v. ingebed is in verhoudings en gemeenskappe;
- vi. uitgedruk word deur etiese gedrag en
- vii. interdisiplinêre ondersoek nodig het.

In die geval van algemene spiritualiteit en kinderspiritualiteit dui beide aan dat daar 'n inherente menslike kapasiteit is vir spiritualiteit, of transendensie, of om die self op "iets groters" te rig. Die behoefte om betekenis en 'n doel te vind, die soeke na die heilige, en om 'n identiteit in 'n tradisie, gemeenskap of denkrigting te vind, word deur hierdie impuls

van die inherente menslike kapasiteit gevorm. Binne die Christelike tradisie word spirituele ontwikkeling op 'n verstaan van die transendente of immanente God, asook die gemeenskap van getroue reisgenote, gebaseer en juis hierdie spesifieke verstaan bring doelgerigheid, betekenis en waarde vir 'n persoon, of dit 'n kind of 'n volwassene is [Roehlkepartain, 2004: 122].

Die gedagte van spirituele *ontwikkeling* dra tot 'n belangrike dimensie van spiritualiteit by, met die klem op proses. Spirituele ontwikkeling maak die debat oor spirituele verandering, transformasie, groei of volwasse-wording, asook lewensfasies en vlakke, oop vir vroeë [Roehlkepartain, et al 2006: 9]. Wink en Dillon argumenteer dat spiritualiteit “demands not only an increase in the depth of the person’s awareness of, and search for, spiritual meaning over time, but it also requires an expanded and deeper commitment to engagement in actual spiritual practices” [2002: 80]. In die lig hiervan word daar in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk verder gekyk na wat onder spirituele “ontwikkeling” of “groei” verstaan word, ten einde 'n beter verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm.

2.4 Omskrywing van spirituele ontwikkeling

Om tot 'n konseptuele begrip te kom van wat ons onder kinders se spirituele ontwikkeling verstaan, is dit ook belangrik om te beskryf wat onder die term “ontwikkeling” verstaan word. Vanuit die bostaande definisies van spiritualiteit is dit duidelik dat dit nie net na een moment verwys nie maar na verskeie ervarings en gebeure. Die veranderinge en transformasie wat gedurende spirituele ervarings plaasvind, gebeur in tyd en mettertyd. Soos Dykstra verduidelik: “...faith and the life of faith are dynamic, vital processes, not static conditions.” [2005: 34]. Dykstra verwys ook na Calvyn se beskrywing van geloof dat dit nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar 'n deurlopende ervaring. Calvyn noem dit “regenerasie” en verstaan dit as 'n proses wat dinamies en langtermyn van aard is, as hy sê [Calvyn in Dykstra 2005: 46]:

This restoration does not take place in one moment or one day or one year; but through continual and sometimes even slow advances God wipes out in his elect the corruptions of the flesh, cleanses them of guilt, consecrates them to himself as temples renewing all

their minds to true purity that they may practice repentance throughout their lives and know that this warfare will end only in death.

Kontemporêre studies in ontwikkelingsielkunde stem ooreen dat nie net die mens se liggaam in die dinamiese prosesse van menslike lewe voortdurende verandering ondergaan nie, maar ook die mens se vermoë om te redeneer, die gebruik van taal, die mens se emosies en ingesteldheid, en die bewustheid van die self. Die menslike lewe behels voortdurende transformasie en ontwikkeling, en volgens ontwikkelingsielkundige studies kan daar vasgestel word dat meeste van hierdie veranderings of ontwikkelings volgens 'n patroon of 'n geordende volgorde gebeur. Na aanleiding hiervan is dit sinvol om te wonder of daar in spiritualiteit nie ook so 'n patroon of geordende volgorde van ontwikkeling of verandering gevind kan word nie.

Dykstra noem 'n paar voorbeelde van hoe hierdie patrone deur die eeue waargeneem is:

Sometimes the pattern is that of a series of works of the Spirit in a person (such as illumination, conversion, regeneration, justification, mystical union); sometimes people have talked about rungs on a spiritual ladder; the portrayal of growth and transformation as a journey on which crucial events take place is widespread; and in recent times, faith has been seen as something that moves through stages of human development or across eras in the normal human life cycle. [2005: 35]

George Scarlett noem in *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence* dat daar 'n verskil is tussen die terme of konsepte van “verandering oor tyd” en “ontwikkeling”, en dat hy noodwendig die term “ontwikkeling” verkies [2006: 22]. Bernard Kaplan se definisie van ontwikkeling help Scarlett om hierdie onderskeid te bevestig as hy ontwikkeling beskryf as “movement towards perfection, as variously as the idea may be constructed” [1983: 57]. Met hierdie definisie moet daar ook in ag geneem word wat met “perfection” bedoel word, en of dit van toepassing op individue of op 'n groep is.

Dykstra, byvoorbeeld, verkies die term “groei in geloof” of “geloofsgroei”. Vir hom is Efesiërs 4:15 die basis waarop hy hierdie keuse baseer, wat lees: “...ons sal in liefde in die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe” [1983-vertaling]. Vir hom

word hierdie konsep van “groeï in geloof” onder twee hoofkategorieë of metafore verstaan [Dykstra, 2005: 35]:

- i. **Organiese metafore** – In hierdie denkrigting word groei as die uitbreiding van ’n organiese struktuur in grootte en kompleksiteit, deur voortdurende reekse van transformasies, gesien. Bome groei vanaf ’n saad deur konsekwente patrone wat sistematies beskryf kan word en vorm, soos dit verouder, ’n volwasse boom. Op dieselfde wyse ondergaan die menslike liggaam van geboorte af, deur die kinderjare na adolessensie en tot by volwassenheid, deurgaans veranderings. Hierdie veranderinge en die volgorde van die veranderinge is in die organisme van die begin - van geboorte af - ingeplant.
- ii. **Reismetafore** – In hierdie denkrigting word groei as die beweging vanaf ’n oorsprongpunt na ’n eindpunt verstaan. Met hierdie denkrigting word groei of transformasie nie soseer verstaan as die ontwikkeling van ’n ingeboude struktuur wat deur ’n reeks veranderinge gekenmerk word nie, aangesien groei eerder verstaan word as momente of interaksies wat tussen mense en die omgewing plaasvind. Die bronne vir transformasie is dus intern en ekstern, en groei behels ’n sekere mate van doelgerigtheid in die persoon wat op hierdie reis is.

Hierdie metafore vir groei is ook gereeld deur Christelike tradisie gebruik en is van hulp om die dinamiese karakter van geloof of spiritualiteit aan te dui. Binne die Christelike tradisie is daar ook waarskuwings om nie te afhanklik van hierdie metafore te raak nie. Sekere fundamentele temas in die Christelike tradisie se verstaan van spiritualiteit en die geloofslewe is van hulp om nie hierdie metafore sonder kwalifikasie aan te neem nie en verhoed dat die taal van groei of ontwikkeling sonder beperkinge van spiritualiteit praat [Barth in Dykstra, 2005: 36]:

The tradition's emphasis on the priority of the activity of God as the source of faith and on the nature of faith as a response to God in history makes it wary of organic metaphors which suggest that faith is a structure built into human beings that undergoes evolutionary developmental transformation.

In recognizing that our lives are ever endangered by powers and principalities and the threats of sin and death, the tradition has usually been hesitant to place too much emphasis on progress in the life of faith or to stake out any stages by which such progress might be marked.

The tradition's emphasis on the freedom and particularity of new life in Christ has made it hesitant to define or describe maturity of faith and in the life of faith too exactly. There has been an effort to void conformism and to recognize that the life of faith gains its concrete shape from the particular historical situation in which it is carried out.

Vanuit Barth se verduideliking is dit duidelik dat ons versigtig moet wees om nie eerstens aan spirituele groei te dink as iets wat in grootte of in kompleksiteit moet groei of dat spiritualiteit 'n beweging is van 'n beginpunt na 'n eindpunt nie. Dykstra sê tereg dat spirituele ontwikkeling nooit 'n beperking kan hê nie:

...faith [is] recognized to be something more than and other than the outcome or sum total of development in the various natural human capacities (such as bodily motor operations, cognition, imagination, role taking, moral judgement, and various affective dimensions) or the result of a series of human events and interactions ... the life of faith [is] never strictly determined by our developmental achievements or the accidents of history and, thus, never limited by any failure to reach some particular stage of development or to have some kind of particular event take place in one's life..." [2005: 37]

Vanuit die Christelike tradisie is 'n geloofslewe of spirituele ontwikkeling 'n lewende, bewegende, dinamiese entiteit, wat binne die ruimte van die Heilige Gees plaasvind. Hierdie bestaan of entiteit sluit ervarings van groei in die veelvoudige aspekte van ons menslike natuur in: ons liggame, ons gedagtes, ons gevoelens, ons oortuigings en oordeel, ons sosiale verhoudings en ons verbeelding. Dykstra noem dat hierdie ervarings 'n bewuswording is dat ons nie onself gemaak het nie, maar dat ons deur God geskep is in ons kompleksiteit en dat ons die groeiproses aan God oorlaat [2005: 38]. Hy brei ook verder daarop uit:

Growing in the life of faith also involves a lifelong, continuing process of encountering and entering into inexhaustible richness of the mystery of God and God's love, ever more deeply and profoundly ... Faith – understood as the recognition and acceptance of God's enduring, saving presence – may grow in power, significance, richness and depth as more and more dimensions of our individual and corporate lives are touched by and conformed to it. [2005: 39]

Wanneer daar met die term “groeï” verwys word na verandering in vorm, struktuur of kompleksiteit, dan kan hierdie term nie aan spiritualiteit gekoppel word nie. Geloof of spiritualiteit is wat dit is, en vanuit hierdie bestaan bied dit die vertrekpunt vir alle ander vorms van menslike groei, ontwikkeling en transformasie. Maar vanuit hierdie stelling vloei die logiese vraag dan voort: Kan kinders bewus wees van hierdie spiritualiteit as die ander areas van hulle lewe, soos liggaam, denke, emosies, oordeel, sosiale verhoudings en verbeelding, nog nie ten volle ontwikkel is nie? Het ’n mens eers ’n gevorderde, ontwikkelde wese nodig om hierdie spiritualiteit te verryk of te verdiep, of soos uit hierdie hoofstuk verstaan, te ontwikkel? Hierdie vraag behels ook komplekse en verskeie aspekte vanuit ander dissiplines en daarom gaan ’n moontlike respons op hierdie vraag in die volgende hoofstuk geformuleer word deur na die ontwikkeling van kinders en die invloed daarvan op hulle spirituele ontwikkeling te kyk.

2.5 Samevatting

Aan die hand van Osmer se beskrywend-empiriese taak van praktiese teologie het die hoofstuk gefokus op die kompleksiteit rondom spiritualiteit en gepaardgaande konsepte. Alhoewel dit moeilik is om ooreen te kom op ’n eenvormige definisie vir spiritualiteit, is daar duidelike ooreenkomste in die reeds bestaande definisies vir spiritualiteit. Die sosiale wetenskappe sowel as die teologie erken die transendente en die relasionele aard wanneer hulle poog om spiritualiteit te definieer. Soos daar in die hoofstuk van algemene spiritualiteit na kinders se spiritualiteit beweeg is, is dit ook duidelik dat dieselfde probleme ondervind word om tot ’n eenvormige definisie te kom. Tog toon die meeste navorsing dat definisies vir kinderspiritualiteit ook aan die transendente en die relasionele aspek erkenning gee. Waar die verskil tussen kinderspiritualiteit en algemene spiritualiteit inkom, word dit onderskei deur die term “ontwikkeling” of “proses”. Die meeste definisies oor kinderspiritualiteit sluit die woord “proses” in. In die lig daarvan is die bespreking van die term “ontwikkeling” ook ’n fokuspunt van die hoofstuk.

Ten spyte van die gebrek aan ’n eenvormige definisie vir spiritualiteit of selfs kinderspiritualiteit, kon die meeste navorsers ooreenkom dat spiritualiteit sekere kenmerke toon. Yust het deur haar navorsing aangetoon dat kinders se spiritualiteit baie van dieselfde kenmerke as algemene spiritualiteit toon. Vanuit hierdie ooreenkomste

raak die dringendheid van onderskeid tussen volwasse spirituele ontwikkeling en kinders se spirituele ontwikkeling groter. In die laaste afdeling van hierdie hoofstuk is daar gedeeltelik aan wat onder ontwikkeling verstaan word, geraak en is daar aangetoon dat menslike ontwikkeling ook veelvoudige dimensies behels. Die kognitiewe, emosionele, verbale en sosiale ontwikkeling moet in ag geneem word wanneer daar na spirituele ontwikkeling gekyk word. In hierdie hoofstuk is die vraag, “Wat gebeur?”, volgens Osmer se beskrywend-empiriese taak, beantwoord. In die volgende hoofstuk gaan daar deur middel van Osmer se interpreterende taak gepoog word om die vraag, “Hoekom gebeur dit?”, te beantwoord, deur te kyk na die verskillende teorieë oor menslike ontwikkeling en watter invloed dit op spirituele ontwikkeling het. ’n Oorsig oor die historiese perspektiewe van kinders se spirituele ontwikkeling word dus volgende bespreek.

HOOFSTUK 3

'N OORSIG OOR DIE HISTORIESE PERSPEKTIEWE OP KINDERS SE SPIRITUELE ONTWIKKELING

3.1 Inleiding

Die studies oor kinders en geloof het 'n lang geskiedenis wat baie kommentare vanuit die Bybel sowel as kommentare van teoloë in die kerkgeskiedenis insluit [Bunge, 2001: 25]. Wanneer daar meer spesifiek na “spiritualiteit” van kinders verwys word, wat verstaan word as die merkwaardige ervarings wat gekenmerk word aan verwondering en transendensie, is daar slegs rekord van studies uit die laaste twintig jaar [Ratcliff, 2008: 21]. Hierdie hoofstuk sluit literêre navorsing in wat godsdienstige konsepte, geloofsoortuigings en spirituele ervarings bevat. Vanuit hierdie raamwerk word daar na studies vanaf die tydperk van 1982 gekyk, toe die eerste navorsingstuk oor kinders se spiritualiteit gepubliseer is, tot en met ons huidige studies.

Volgens Ratcliff wil dit voorkom asof godsdiens en die daaglikse lewens van kinders in vroeër jare minder gedifferensieerd was as wat dit vandag is. Geloof was sinoniem met die daaglikse lewe. Vroeë studies wat verband gehou het met enige aspekte van ontwikkeling, het inligting en antwoorde gegee wat godsdienstig van aard is. In taalontwikkeling word 'n kind se godsdienstige taal byvoorbeeld in hul totale woordeskat ingesluit. Met die opkoms van kwantitatiewe statistiese studies het navorsingsmetodologieë mettertyd meer gesofistikeerd geword [2008: 21]. Ratcliff wys dat die wetenskaplike studies van kinders se spirituele en godsdienstige ontwikkeling in vier fases of tydperke verdeel kan word. Hy verdeel dit soos volg: die eerste tydperk is die vroeë holistiese periode (1892-1930); die tweede tydperk is 'n era wat gekenmerk word deur die afname van fokus op die ervaring (1930-1960); die derde tydperk is drie dekades wat op mekaar volg met 'n klem op die kognitiewe fases van ontwikkeling (1960-1990); en die vierde tydperk het ontstaan as 'n gevolg van reaksies op dié kognitiewe studies, met 'n beklemtoning van kinders se spiritualiteit (1990-vandag).

Hierdie tydperke is volgens beraamde datums aangedui en sommige oorvleuel in beklemtonings. Met die oorgang van die millennium is daar 'n vyfde tydperk ingelui, naamlik die kinderteologie-periode (2000-2013). Soos in baie ander geskiedkundige studies is daar verskillende en alternatiewe wegspringtipe vir hierdie fases of tydperke, en ander oorgangspunte word deur ander navorsers beskryf. In hierdie betrokke studie word die verskillende tydperke volgens die indeling van Ratcliff in diepte bespreek ten einde aan te toon hoe daar deur eeue heen oor kinders se spiritualiteit gedink is.

3.2 Vroeë holisme (1892-1930)

Navorsers het gedurende die eerste periode van belangstelling in die godsdienstigheid van kinders hul opmerkings aangeteken en geanaliseer, al was dit nie eers godsdienstig van aard nie. Godsdienstige konsepte en ervarings is net so dikwels soos ander karaktereenskappe ondersoek, en dit was nie gedifferensieerd van ander aspekte van die lewe nie. Hierdie praktyke toon dat 'n meer holistiese, geïntegreerde benadering ten opsigte van kinders onder navorsers geheers het. Godsdienste het die lewe van 'n kind weerspieël, net soveel soos ander areas van bestaan, en daarom is geloof hoogs onwaarskynlik geïgnoreer of as irrelevant beskou [Ratcliff, 2008: 23].

G. Stanley Hall word as die sleutelpersoon van die vroegste studies oor kinders en godsdienste beskou. Sy bydrae tot die veld van sielkunde en onderrig is merkwaardig. Van hierdie bydrae sluit in dat hy die eerste doktorsgraad in sielkunde in Amerika verwerf het; hy is ook die stigter van die American Psychological Association en die stigter van die Amerikaanse sielkundejoernaal *The American Psychologist*. Hall het ook vir 'n kort tyd by Union Theological Seminary gestudeer, maar nie 'n kwalifikasie vir konserwatiewe teologie verwerf nie; tog erken hy die waarde wat daarin lê om godsdienste te bestudeer. In 1891 het Hall die eerste joernaal gestig wat op kinders en sielkundige ontwikkeling fokus, wat vandag bekend staan as die *Journal of Genetic Psychology*. Hierdie joernaal het menige publikasies oor ontwikkelingstudies ingesluit, maar Barnes se insette oor godsdienstige gedagtes, kerkgebaseerde oortuigings en godsdienstige ervarings van kinders is noemenswaardig [Ratcliff, 2008: 23]. Vele ander persone soos George Dawson (1900), Mary Calkins (1896), Hugh Hartsborne (1928) en Pierre Bovet (1928),

om enkeles te noem, het waardevolle bydraes gemaak tot die verstaan van kinders en godsdiens [Ratcliff, 2008: 24].

Gedurende hierdie tydperk was dit algemeen vir navorsers en onderwysers om navorsingstukke te publiseer wat meer op hulle eie menings gegrond is, in plaas van die resultate van sistematiese observasie. Freud se werk in die era word beskou as “kliniese” refleksie aangaande kinders se geloof en geloofspraktyke, maar tog dra die werk dieselfde geloofwaardigheid as enige ander navorsing wat in die tyd gepubliseer is.

Van 1910 tot 1920 het die studies wat oor kinders en godsdiens gepubliseer is in 'n ander rigting begin beweeg. Meeste van die artikels is in sekulêre joernale gepubliseer en gedurende die dekade is daar meer daarop gefokus om enige godsdiensverwante studies eerder in godsdienstige joernale te publiseer. Die rede vir hierdie skuif is nie presies bekend nie, maar dit kan moontlik verband hou met die opkomende gedragstudies en verwante teorieë wat die gesag van kerke en die Bybel verdring het. Die moontlike vyandskap tussen wetenskap en geloof kon ook 'n bydrae hê in die godsdienstige studies wat nie as wetenskaplik korrek bewys kon word nie, en dus nie meer in die hoofstroomjoernale gepubliseer kon word nie [Johnson & Jones, 2000: 29].

3.2.1 Erik Erikson: Identiteitsvorming by kinders

Erik Erikson, 'n kinderpsigoanalisis, het die konsep van identiteitsvorming as 'n proses voorgestel, waar elke fase eers voltooi moet word voordat dat daar na die volgende fase aanbeweeg kan word. Erikson se konsep van identiteitsvorming is gebaseer op die teorie dat 'n persoon se ontwikkeling sterk deur sy sosiale konteks en verhoudings beïnvloed word. Erikson het geglo dat elke fase 'n vorm van konflik of 'n krisis insluit. Ouers of voogde het 'n direkte invloed op die positiewe of negatiewe voltooiing van 'n spesifieke fase.

Erikson het agt fases van identiteitsontwikkeling geïdentifiseer. Vir hierdie studie is net die eerste vier fases van toepassing aangesien die studie net op die spirituele ontwikkeling van kinders tussen die ouderdomme van 0-13 jaar fokus. Erikson se identiteitsvorming fases is soos volg [Erikson, 1963: 247-269]:

- i. *0-1 jaar*: Hierdie fase staan bekend as die “vertroue vs. wantroue”-fase. Gedurende dié fase ontwikkel die kind vertroue of wantroue.
- ii. *1-3 jaar*: Hierdie fase staan bekend as die “outonomie vs. skaamte en twyfel”-fase. In hierdie fase ontwikkel die kind die vermoë om onafhanklik take te verrig deur nuwe vaardighede aan te leer. Die mate waartoe hulle hierdie take of vaardighede bemeester, ontwikkel selfvertroue; en die mate waartoe hulle daarin misluk om die vaardigheid onafhanklik te bemeester, wek gevoelens van skaamte en twyfel of onsekerheid in die self by hulle op.
- iii. *3-6 jaar*: Hierdie fase staan bekend as die “inisiatief vs. skuldgevoel”-fase. Gedurende hierdie fase ontwikkel kinders die vermoë om self te kies aan watter aktiwiteite hulle wil deelneem. Dit is ook die fase waar hulle ’n sterk wil ontwikkel. Die vermoë om ’n aktiwiteit van eie keuse te doen, ontwikkel selfvertroue; en die onvermoë om ’n aktiwiteit van keuse te doen, ontwikkel gevoelens van skuld.
- iv. *6-12 jaar*: Hierdie fase staan bekend as die “ywer (industry) vs. minderwaardigheid”-fase. Gedurende hierdie fase word die kind meer blootgestel aan sy of haar ouderdomsgroep en binne hierdie konteks beoordeel die kind sy of haar eie vaardighede in vergelyking met sy ouderdomsgroep. Indien kinders hul eie vaardighede as gelyk aan dié van ander ag, ontwikkel hulle selfvertroue; en indien kinders hul eie vaardighede as minder as die ander kinders s’n ag, ontwikkel hulle ’n gevoel van minderwaardigheid.

Die ontwikkelingsfases word hieronder in tabelvorm uiteengesit:

Tabel 3.1: Erikson se eerste vier fases van kinders se identiteitsvorming

Stage of identity	Age range	Development task: Children will
1. Trust vs. mistrust	0-1 years	develop trust
2. Autonomy vs. shame & doubt	1-3 years	master new skills, build confidence
3. Initiative vs. guilt	3-6 years	initiate activities
4. Industry vs. inferiority	6-12 years	learn new skills

Aangepas uit Erikson, 1963:247- 258.

Erikson het aan die potensiele rol wat godsdiens en spiritualiteit tydens ontwikkeling speel, erkenning gegee. Hy stel byvoorbeeld voor dat suksesvolle voltooiing van die

eerste fase van ontwikkeling die waarde van hoop na vore bring, wat later tot geloof getransformeer word en die kind in staat stel om te glo dat die wêreld vertrou kan word, selfs al is daar nie bewyse daarvoor nie. Erikson het ook gesê dat godsdienste 'n mens van transendente wêreldbeskouings, morele oortuigings en aanvaarde gedrag voorsien, en dat godsdienstige tradisies hierdie ideologiese norme in 'n geloofsgemeenskap onderskryf [Roehlkepartain *et al.*, 2006: 7]. Erikson se teorie stel voor dat ons is “wie ons is” as gevolg van “krisisse” wat ons oplos tydens verskeie fases. Erikson se bydrae tot die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling help ons om te verstaan hoe ons persoonlikhede in die proses van ontwikkeling vorm [Chromey, 2012: 1].

3.3 Afname in godsdienstige beklemtoning (1930-1960)

Aan die einde van die 1920's het vele studies, soos byvoorbeeld deur Bovet (1928), Bose (1929), en Fahs (1929), die opkoms van 'n nuwe beweging van toenemend komplekse en statistiek-georiënteerde studies oor kinders en godsdienste aangedui. Hartsborne en May se *Studies in deceit* in 1928 was 'n gevorderde kwantitatiewe ondersoek wat gepoog het om objektiewe resultate te voorsien. Tog het Hartsborne se boek min te sê gehad oor kinders se godsdienstoneerlig [Ratcliff, 2008: 25]. Gedurende die volgende dekade is daar waardevolle studies gepubliseer oor godsdienste onder babas Fahs, (1930), die afwesigheid van godsdienstige inhoud in kinderliteratuur Fahs, (1932), godsdienstoneerlig vir jonger kinders Murray & Tyler, (1937), die opkoms van godsdienstige bewustheid Fahs, (1939), en groepstudies wat met kinders se godsdienstige behoeftes verband hou Acheson, (1944). Loomba het in 1944 'n studie oor kinders in Indië se ervaring van geloof uitgevoer. Vanuit hierdie studies het hy 'n opsomming gemaak van drie fases van geloofsontwikkeling in kinders. Volgens Loomba het 'n kind tydens sy voorskoolse jare 'n “bonatuurlike” ervaring van en verduideliking vir God; daarna beweeg hulle tydens adolessensie na 'n “naturalistiese” verduideliking van die son, wind en ander fenomene van die natuur. Hierdie twee fases word geskei deur die laerskooljare, wat die oorgangsfase van die een Godsbegrip na die ander aandui. Die voorskoolse tydperk met die “bonatuurlike” Godsbegrip, die laerskool tydperk as die oorgangsfase, en die adolessente fase met die “naturalistiese” Godsbegrip, vorm dan die drie fases [Ratcliff, 2008: 25].

Harms het in dieselfde jaar as Loomba ook kinders se geloofsonwikkeling ondersoek deur kinders se verbeeldingsrykheid met kunswerke te toets. Die resultate wat Harms gevind het, stem baie ooreen met dié van Loomba. Hy wys ook drie fases van kinders se verstaan van God tydens hul geloofsonwikkeling uit [Ratcliff, 2008: 25]:

- i. *3-6 jaar*: kinders verstaan God as 'n "sprokiesverhaal"
- ii. *Laerskooljare*: dit is 'n "realistiese" fase, waar God, engele en heiliges as mense uitgebeeld word.
- iii. *Adolesensie*: dit is 'n individualistiese fase.

Vreemd genoeg is daar in dieselfde jaar (1944) 'n derde belangrike studie deur Wheeler en Wheeler gepubliseer. Hulle het gevind dat kinders wat in 'n universiteitsdorp kerk bywoon, meer georganiseerde geloofsoortuigings het as kinders vanuit 'n industriële dorp. Tog het al die bogenoemde studies uit dié periode die belangrikheid van spiritualiteit onderbeklemtoon as gevolg van die toenemende rasionele raamwerk wat voorkeur geniet het [Ratcliff, 2008: 26].

3.4 Kognitiewe periode (1960-1990)

Gedragsleer het gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu steeds 'n sterk invloed op sielkunde en onderrig gehad, maar tog het dit die kollig gedeel met die ontwikkelende beklemtoning van kognitiewe studies. Jean Piaget se studies oor kinders se godsdienstige gedagtes het gedragsleer spoedig begin oorheers en hierdie perspektiewe oor kinders se geloofsonwikkeling was 'n bepalende faktor in die daaropvolgende studies tydens die tydperk. Piaget se studies het getoon dat kognitiewe ontwikkeling integraal deel is van kinders se geloofsonwikkeling. Ten spyte van kritiek het die meeste navorsers en teoretici hierdie kognitiewe klem en die belangrikheid van lewensfases erken en in ag geneem in hul studies. Alhoewel Piaget baanbrekerswerk gedoen het in terme van lewensfases en kognitiewe ontwikkeling, is daar ook ander navorsers wat op sy werk voortgebou het en wat noemenswaardig is. Vervolgens gaan daar oorsigtelik na die verskillende kognitiewe studies van David Elkind, Ronald Goldman, Lawrence Kohlberg en James Fowler gekyk word. Hierdie vyf sleutelfigure (met Piaget ingesluit) as navorsers in sielkunde se studies moet teen die agtergrond van

Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfases verstaan word, dus word laasgenoemde eerste oorsigtelik bespreek.

3.4.1 Jean Piaget: Teorie oor kognitiewe ontwikkeling

Jean Piaget, 'n Sweedse sielkundige en opvoedkundige, het vir meer as vyftig jaar die kognitiewe ontwikkeling van kinders bestudeer. Hy het geglo dat die geheue nie inligting passief stoor nie, maar dat dit eerder soos 'n kunstenaar is wat sy eie interpretasie van wat gesien word, skep. Wanneer informasie ingeneem word (deur gehoor, sig of ervaring), word dit georganiseer om betekenis daarin te vind en om sin daaruit te maak. Piaget gebruik drie woorde om die proses van “gedagtelike organisering” te beskryf: *assimilasie*, *akkommodasie* en *balansering* [Piaget & Inhelder, 1969: 5-6].

Stonehouse verduidelik *assimilasie* as die proses waarin nuwe inligting in huidige bestaande geheuekategorieë en strukture gestoor word. *Akkommodasie* word gebruik om voorafbestaande kategorieë aan te pas namate nuwe informasie ingeneem word, of om nuwe kategorieë te skep deur die inneem van die nuwe inligting. *Wanbalans* ontstaan wanneer die persoon se verstaan of kategorisering van nuwe informasie nie akkuraat is nie. Hierdie wanbalans sal 'n gevoel van onvermoë of ongemak veroorsaak, wat die behoefte skep vir *balansering* van nuwe informasie. Hierdie balans kan herstel word deur denkpatrone en kategorieë aan te pas, sodat dit 'n meer akkurate weerspieëling van die realiteit bied as wat vroeër veronderstel is. Die proses van leer is 'n konstante proses wat van wanbalans na balans toe beweeg. Piaget is van mening dat hierdie “gedagtelike organisering” 'n aksie is wat in elke fase gebeur [2008: 71-81]. Die eerste vier fases van ontwikkeling volgens Piaget word in Tabel 3.2 hieronder opgesom:

Tabel 3.2 Piaget se eerste vier fases van kinders se kognitiewe ontwikkeling

Stage of intelligence	Age range	Children's cognitive concept-formulating capabilities
1. Sensori-motor or practical intelligence	0-2 years	highly egocentric, do not understand object permanence
2. Pre-operational or intuitive intelligence	2-6 years	egocentric, use intuitive logic, sensori-motor knowing, irreversible thinking
3. Concrete operational or concrete intelligence	7-12 years	logical and reversible thinking, can grasp time concepts
4. Formal operational or abstract intelligence	13-21 years	capable of abstract; propositional and hypothetical-deductive thought

aangepas uit Piaget & Inhelder, 1969:3-13; Stonehouse, 2008:73-81.

3.4.2 David Elkind: Kinders se verstaan van geloofstradisies

David Elkind het 'n gedeelte van geloofsontwikkeling ondersoek wat vir 'n lang tydperk misgekyk is. Hy het gekyk na wat 'n kind se godsdienstige affiliasie is. Elkind het aangeneem dat kinders godsdiens op dieselfde wyse as enige ander aspek van die lewe, byvoorbeeld wetenskap en wiskunde, begryp. Hy het ook meer gefokus op kinders se verstaan van *institusionele* geloof, eerder as hulle verstaan van *persoonlike* geloof. Na aanleiding van Piaget se teorie het hy ook kinders se reaksies in terme van fases beskryf. Elkind beskryf die geloofsontwikkelingsfases van kinders soos volg [Ratcliff, 2008: 27-28]:

- i. *5-8 jaar vroeë laerskooljare*: kind se geloof is nog nie ten volle ontwikkel nie en in hierdie fase het hulle net 'n algemene verstaan van geloof.
- ii. *7-9 jaar middel kinderjare*: kinders verstaan tydens dié fase dat sekere geloofspraktyke en aksies noodsaaklik is vir hulle om as lede van 'n geloofsgemeenskap gesien te word.
- iii. *10-12 jaar*: gedurende dié fase verander kinders se verstaan van geloof dramaties - hul innerlike oortuigings, en nie meer uiterlike gedrag nie, speel 'n bepalende rol vir lidmaatskap in 'n geloofsgemeenskap.

Elkind se studies het hom gelei tot die slotsom dat kinders jonger as 11 of 12 jaar nie geloofskonsepte soos volwassenes op 'n abstrakte manier kan verstaan nie. Elkind se navorsing, wat op Piaget se ontwikkelingsteorie gebaseer is, het 'n waardevolle rol in verdere studies oor die ontwikkeling van kinders se geloofskonsepte gespeel.

3.4.3 Ronald Goldman: Geloofsvoorligting vir kinders bevraagteken

Goldman het net soos Elkind in die vroeë 1960's 'n drie-fase rubriek vir kinders se verstaan van die Bybel en geloof saamgestel. Goldman het vanuit sy studies 'n voorstel gemaak wat hewige teenstrydigheid in Engeland uitgelok het. Hy het voorgestel dat geloofsvoorligting nie aanbeveelbaar is nie, en selfs as kontraproduktief beskou kan word tot en met die ouderdom van tien of elf jaar. Goldman het later verklaar dat sy gevolgtrekkings verkeerdelik geïnterpreteer is. Goldman is verkeerdelik aangehaal dat hy voorgegee het dat kinders onder die ouderdom van 12 nie die vermoëns het om godsdienstige konsepte te verstaan nie. Daarop het hy gereageer deur duidelik te maak dat hy nooit beweringe gemaak het dat kinders nie die vermoë het om geloofsaspekte te ervaar nie, maar eerder dat kommunikasie op 'n verbale vlak dit moeilik maak om hierdie ervaring te verwoord [1987: 48].

Goldman het sy navorsing gedoen deur Bybelverhale vir kinders te vertel en hulle daarna te ondervra om te sien wat die kinders se begrip van die verhale is. Vanuit hierdie studies het hy ook ontwikkelingspatrone opgemerk wat konsekwent is met Piaget se faseteorie. Hy gebruik ook Piaget se terminologie, alhoewel daar verskille met die teorie van Piaget is. Goldman beskryf die ontwikkelingsfases soos volg:

- i. *2-6 jaar*: intuïtiewe geloofsgedagtes is in dié fase gefragmenteer en oorvereenvoudig en bestaan meestal uit magiese gedagtes.
- ii. *8-12 jaar*: in hierdie fase word konkrete logiese denkpatrone op geloofsgedagtes toegepas en fisiologie word in terme van spiritualiteit verstaan.
- iii. *Vanaf 14 jaar*: abstrakte geloofsdenke ontwikkel vanaf dié fase en kinders gebruik verbale woorde en simboliese taal om godsdiens te verstaan.

Volgens Goldman is daar tussen hierdie drie fases ook 'n oorgangsfase van min of meer twee jaar. Goldman se navorsing het bo alle vorige studies uitgestyg, maar tog was dit beperk as gevolg van kinders se taalbeperkings wat nie in ag geneem is nie [1987: 50].

3.4.4 Lawrence Kohlberg: Morele ontwikkelingsfases

Lawrence Kohlberg, 'n Joods-Amerikaanse sielkundige, het op die werk van Jean Piaget voortgebou [Allred, 2009: 11]. Kohlberg, as 'n kognitiewe-ontwikkelingskundige, glo dat 'n sterk en belangrike komponent van die kognitiewe met sosiale- en gedragsontwikkeling verweef is [Stonehouse, 2008: 62]. Kohlberg se navorsing in die laat 1960's en die vroeë 1970's het ontwikkeling as 'n vakgebied in Christelike onderrig populêr gemaak. Die teologie was nie meer die enigste bron vir Christelike onderrig nie maar Kohlberg se siening oor die natuur en die vorming van die menslike bewussyn het die paradigma vir geloofsvorming geword.

Kohlberg het drie vlakke van morele ontwikkeling geïdentifiseer en binne elkeen van hierdie drie vlakke is daar twee fases. Kohlberg se teorie plaas 'n sterk klem op geregtigheid en hy is van mening dat morele gedrag 'n gevolg van formele redenering is. Die opsomming van Kohlberg teorie word in Tabel 3.3 hieronder uiteengesit:

Tabel 3.3: Kohlberg se morele ontwikkeling by kinders

Stage of moral development	Motivation for moral decisions
1. Preconventional level	<ul style="list-style-type: none"> • Self-interest = not to be caught • Justice is what adults command • Oblivious to intentions • Self-centered view of value of people (I am important)
2. Conventional level	<ul style="list-style-type: none"> • External standards: role models and rules • Justice is defined by society • Make allowance for intentions • People's value lies in relationships
3. Post-conventional level	<ul style="list-style-type: none"> • Internal principles • Justice is an equal consideration for all • Consider intentions and justice • People are valued as persons and life is sacred

Stonehouse, 2008:64

Lawrence Kohlberg het waardevolle bydraes gemaak om uit te wys hoe ons morele waardes ontwikkel en sy teorie help ons om te verstaan dat ouderdom nie 'n impak op ons morele ontwikkeling het nie [Chromey, 2012: 1].

3.4.5 James Fowler: Geloofsontwikkeling-faseteorie

James Fowler se geloofsontwikkeling-faseteorie, in vergelyking met al die ander geloofsontwikkelings-faseteorieë, het 'n deurlopende en volgehoue impak op studies oor kinders se geloofsontwikkeling. Fowler se teorie het 'n breër teoretiese formulering as ander navorsers van sy tydperk, en sy studies sluit nie net werk van Piaget in nie, maar selfs die van Erik Erikson en Lawrence Kohlberg. Sy teorie stel voor dat dat 'n kind se geloof nie net tot godsdiens beperk word nie, maar alles wat vir daardie kind belangrik is, insluit. Volgens Fowler kan familie, beroep, ontspanning en ander objekte geloofsontwikkeling beïnvloed.

Fowler fokus nie soveel op die onderwerp van geloof nie, maar eerder op die struktuur van geloof. Hier sluit Fowler aan by Kohlberg se werk, wat meer op die betekenis van morele keuses fokus, in plaas daarvan om na die keuse op sigself te kyk. Fowler se fases van ontwikkeling word soos volg beskryf [Ratcliff, 2008: 30]:

- i. *Pasgebore babas*: Oorspronklike geloof of “**ongedifferensieerde geloof**” word heel eerste gevind – tydens hierdie fase word vertrouwe (of wantroue) ontwikkel deur middel van die verhouding met die primêre versorger. In Fowler se beskouing volg die eerste werklike fase eers na hierdie fase.
- ii. *Voorskoolse jare*: “**intuïtief-projektiewe**” fase – tydens hierdie fase word kinders se geloof deur hul verbeelding, eerder as logiese denke, beheer. Fantasie speel 'n groot rol in die vorming van gedagtes rondom karakters wat beskerm en aanval, soos God en Satan. Hierdie beelde wat vorm, word ook grootliks deur die kerk, die familie en die media beïnvloed.
- iii. *Laerskooljare*: “**mitiese-letterlike-geloof**”-fase – tydens hierdie fase word verhale en stories 'n belangrike bron van betekenis. Die kind kan in hierdie fase 'n onderskeid tussen fantasie en spekulاسie teenoor die werklike wêreld tref. God word gesien as die een wat goeie dade beloon en verkeerde dade straf. Gemeenskaplike aanvaarding, konformering en die sentraliteit van simbole en taal van 'n gemeenskap speel 'n bepalende faktor tydens hierdie fase. Stories bied die raamwerk om al hierdie verskillende lewensaspekte tot 'n eenheid saam te bring. Hierdie fase loop uit op die vorming van 'n samehangende identiteit.

Fowler se verskillende fases kan soos volg opgesom word:

Tabel 3.4: Fowler se eerste vier fases van geloof

Stage of Faith	Age Range	Characteristics
1. Undifferentiated or primal faith	0-2 years	Other trust relationship is transferred to God, "pre-images" of God are formed
2. Intuitive-Projective	2-6 years	Fluid and magical but not logical thinking
3. Mythic-Literal	6-11 years	Story, symbols, ritual are important God's justice - sense right and wrong
4. Synthetic-Conventional	11-15 years	Think abstract, in relationship with others

Fowler, 1981:119-174

Fowler se geloofsontwikkeling-faseteorie gaan tot by 'n sesde fase, maar aangesien fase 5 en 6 nie aan die ontwikkeling van kinders (0-13 jaar) gekoppel is nie, word dit nie in hierdie studie bespreek nie.

Fowler se teorie het vandag nog 'n groot invloed op voortgaande studies. Die toeganklikheid van hierdie teorie vir ander gelowe is 'n moontlike rede waarom Fowler se teorie deur 'n breër publiek gebruik kan word. Fowler se konsep van geloof beskryf 'n breër spektrum as dié van historiese Christelike teologie. Fowler se bydrae met sy geloofsontwikkeling-faseteorie help ons vandag nog om 'n goed ingeligde begrip van kinders se ervaring van spiritualiteit te formuleer.

Die faseteorieë het vir 'n lang tydperk die studies oor ontwikkeling oorheers en gevolglik ook die verstaan van spirituele ontwikkeling beïnvloed. Ratcliff noem dat navorsers in kinderspiritualiteit en godsdienste in die 1990's probleme met die ondersoeke van die 1960's, 1970's en 1980's begin ondervind het. Chris Boyatzis sê: "Our understanding of young children's spirituality, and certainly our work with children in applied/educational settings, has been constrained by assumptions of young children's cognitive limitations and immaturity." [2008: 53] Gevolglik is dit van belang om eers die probleme wat met die faseteorieë ondervind is, te bespreek, aangesien dit ook 'n noemenswaardige rol in die volgende tydperk van navorsing oor kinders se spiritualiteit gespeel het.

3.5 Leemtes in die faseteorie

Die faseteorie is vir 'n lang tydperk as die basis vir navorsing oor kinders se spirituele ontwikkeling gebruik, en sedert onlangs word hierdie teorieë bevraagteken [Ratcliff, 2008b: 33]. Robert Coles het doelbewus in sy boek *The spiritual life of children* fasegeoriënteerde analyses vermy en eerder fenomenologiese raamwerke gebruik om kinders se spiritualiteit te ontleed, en hierdie studie het toe navrae oor spiritualiteit tydens kinderjare ontlok. Hy het tot die konklusie gekom dat ongeag die agtergrond “with respect to faith and doubt, belief and unbelief, we are all ‘on the edge’” [1990: 301]. Coles se studie word erken as 'n keerpunt in die studies oor kinders se spiritualiteit, deurdat dit spiritualiteit as 'n universele menslike eienskap erken deur die bewyse dat kinders 'n inherente diep en merkwaardige verstaan van spirituele en teologiese sake het.

Meer en meer navorsers het vermoed dat daar “iets” in die studies en literatuur van ontwikkeling gemis word, en dat hierdie “iets” die “gees van die kind” kan wees [Hay & Nye, 2006: 57]. Ontwikkelingsteoretici het ook vermoed dat “iets” vermis word en dat dit in die veld van spirituele ontwikkeling gevind kan word [Roehlkepartain *et al.*, 2006: 2]. Wat is hierdie “iets” wat in die faseteorieë vermis word, of anders gestel: Wat is die leemtes in die faseteorieë?

3.5.1 Beperkte teoretiese vertrekpunt

Hay en Nye identifiseer die wete van waar om te begin of watter vertrekpunt gebruik moet word, as die navorsers se strikvraag of dilemma [2006: 97]. Die fundamentele probleem van die faseteorieë oor spirituele en godsdienstige ontwikkeling van kinders is dat dit Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfaseteorie as vertrekpunt gebruik, en boonop word dit deurgetrek om die onderliggende aannames vir konklusies te vorm. Ratcliff stel dit soos volg: “The most obvious weakness was that the research seemed to be *too* closely linked with Piaget’s stage theory; beginning with Piagetian assumptions and using Piagetian methods of research, the studies led almost inevitably to Piagetian results”. [2008: 31] Hy neem waar dat navorsers gereeld die fase herbenoem het om by die godsdienstige konsepte te pas.

3.5.2 Problematiese kognitiewe-spirituele verhouding

Die faseteorieë wat op Piaget se kognitiewe ontwikkelingsfaseteorie gegrond is, veral dié van Fowler, bied 'n intellektuele raamwerk vir die verstaan van kinders se spiritualiteit. Hay en Nye neem waar dat die kognitiewe klem 'n beperking op studies sit en dit baie eng maak, wat godsdiens in 'n mate beperk tot net die rede, en spiritualiteit tydens kinderjare as onvolwassenheid of onvolwaardigheid afmaak [2006: 57]. Boyatzis verwoord hierdie beperkte siening soos volg: "...we have oversold stage theory and in the process have pigeonholed too much of children's development into its constraints". [2008: 54] Hierdie ontwikkelings sensitiewe benadering was voldoende vir onderrigdoeleindes en kennisinname, maar kan nie in dieselfde mate op spirituele ontwikkeling toegepas word nie. Dit neig om spiritualiteit te veel met intellektuele vermoëns te identifiseer en soos Nye dit stel, het spiritualiteit minder te doen met ouderdom en intellek en gaan dit eerder daaroor om te wees en om te voel [Nye, 2009: 84].

3.5.3 Beperkte antropologie oor kinders

'n Kernprobleem in die benadering wat op Piaget se teorie gegrond is, is die aspek van "om te word" tydens kinderjare. Ratcliff voer aan dat elke kind twee onmiddellike funksies het: *om te wees* en *om te word*. Die "om te wees"-aspek van 'n kind is die waarde wat aan die kind geheg word net soos hy of sy is, en nie vir wat die kind in die toekoms kan word nie. Faseteorieë is onvoldoende in hierdie taak: dit beskryf net wat *is* en nie wat *kan of moet word* nie. Ratcliff se sterk gevoel hieroor is duidelik wanneer hy sê: "Religion that is only cognitive is not only sub-scriptural, it is also subhuman. God cares about the whole child, not just the intellect." [2008: 32] Hood verskil ook met mening van Piaget se vertrekpunt van kinders se onvermoë. Alhoewel kinders nie die wêreld soos volwassenes kan sien nie en ook nog nie kognitief ten volle ontwikkel is nie, beteken dit nie noodwendig dat dit 'n beperkende effek op hul persepsies van God het nie. 'n Meer akkurate benadering tot kinders se antropologie kan aanneem dat kinders wel die vermoë het, dat hulle verby die "werklikheid" kan sien, wat 'n belangrike element vir geloof is [2004: 234].

3.5.4 Gebrek aan verrekening van kultuur en konteks

Die faseteorieë bied 'n raamwerk waarbinne om kinders se spirituele en godsdienstige ontwikkeling te verstaan maar dit neem nie die verskillende kontekste waarin kinders ontwikkel, in ag nie. Byvoorbeeld, kinders te midde van oorloë, in prostitusie en in ouerlose huise word geforseer om vinniger volwasse op te tree en dus sal hulle vinniger ontwikkel. Hierdie kontekstuele aspekte wat hulle ontwikkeling beïnvloed, sal dan ook hulle spirituele ontwikkeling beïnvloed. May, Posterski, Stonehouse en Cannell het tydens 'n studie vir studente gevra om oor hulle geloofspad na te dink. Hulle het gevind dat kinders van 'n nie-westerse kultuur nie volgens Fowler se geloofsfasies ontwikkel nie, aangesien hulle wêreldsgodsdienste en ideologieë verskil [2005: 85]. Hierdie bevinding is die bewys dat faseteorieë ander faktore, soos kultuur en konteks, ook in ag moet neem.

3.5.5 Oorbeklemtoning van universalisme teenoor individualisme

Die oorbeklemtoning van universele fasies in ontwikkelingsteorieë het nadelige implikasies wanneer godsdienstige of spirituele konsepte van kinders bespreek word [Hood, 2004:234]. Die kompleksiteit en uniekheid van individue se spirituele ontwikkeling word onderskat. Individue ervaar momente van wins deur insigte wat verkry is, en momente van verlies as gevolg van trauma of hartseer, en ook tydperke van stilte of stagnasie of plato's, wat tot hul spirituele ontwikkeling bydra. Boyatzis sê: "...different individuals experience a wholly different mix of these different experiences – growth, loss, stasis – at different times, in different ways, due to different causes, and with different consequences." [2008: 53] Individuele ervarings moet ook in ag geneem word wanneer daar gebruik gemaak word van die ontwikkelingsteorieë vir die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling.

3.5.6 Gebrek aan teologiese begroning in onderrig

Kognitiewe ontwikkelingsteorieë het Christelike opvoeders oortuig dat kinders die beste leer wanneer hulle ontwikkelingsgepaste aktiwiteite saam met kinders van dieselfde

ouderdom doen. Hierdie bewering kan dalk waar wees vir skoolonderrig, maar kan nie net so na spirituele ontwikkeling oorgedra word nie. Die fase-teorieë het instansies wat kinders spiritueel bedien gehelp om onderrigmateriaal vir gepaste ouderdomsgroepe saam te stel, maar soos Bunge dit stel: "...many congregations lack a strong religious education program for children: the lessons are theologically weak and uninteresting to children." [2003: 12] Fase-teorieë ontbreek aan teologiese begroning en kan gevolglik nie direk op spirituele onderrig toegepas word nie.

Hornberger, Jones en Miller som die probleme van fase-teorieë gepas op [2006: 460]:

Although stage theories are important to our understanding of child and adult development, they do present pitfalls: issues of oversimplification, standardization, and difficulty accommodating cultural diversity and individual uniqueness or nonconformity regarding the stated time line or worse, seeing such nonconformity as aberrant. Stage theories provide an understanding of child and adolescent development; they generally do not, however, adequately address the role of spirituality in child and adolescent development.

In aansluiting hiermee huldig Roehlkepartain *et al.* die volgende siening [2006: 7]:

Although stage theories have been criticised for their strong cognitive basis and for suggesting that children are limited to less mature faith, they have been invaluable in allowing the study of the transcendent domains of religion, spirituality and faith to gain more serious consideration.

Hierdie probleme en leemtes wat navorsers ten opsigte van die fase-teorieë aantoon, het die rigting aangedui vir die volgende tydperk van ondersoek wat daar oor kinders se spirituele ontwikkeling gedoen is. Vervolgens word daar in die volgende afdeling na die kinderspiritualiteit-tydperk gekyk.

3.6 Kinderspiritualiteit (1990-2013)

In die 30 jaar voor 1990 is daar baie studies in Amerika en Engeland gedoen wat die kognitiewe ontwikkeling van kinders tydens hulle spirituele ontwikkeling beklemtoon, maar baie selde is die spirituele ervarings van kinders ondersoek [Ratcliff, 2008: 30]. Wanneer kinders se spirituele ervaring tydens die vroeër studies in ag geneem is, is dit

aan die hand van 'n vooropgestelde vraag benader, soos: “Het jy al ooit God of enige ander teenwoordigheid naby aan jou gevoel?”, maar baie selde was dié ervaring die fokus van die studie. Oor die algemeen is ervarings aan die kognitiewe faseteorieë toegeskryf of verbind.

Alister Hardy het 'n versameling van meer as 'n duisend mense se spirituele ervarings opgeteken, en as 'n sosioloog was hy van mening dat 'n ervaring van spirituele aard inherent deel van menswees is en biologies op die evolusionêre proses gegrond is. Edward Robinson (1977) was die eerste persoon wat weg van die vorige dertig jaar se klem op kognitiewe ontwikkeling beweeg het en het merkwaardige navorsing oor kinders se spirituele ervarings gedoen. Hy het voortgebou op die werk van Hardy deur volwassenes te ondervra oor hul kinderjare en hul spirituele ervarings gedurende daardie tydperk aan te teken. Sy studies het baie waardevolle insigte meegebring, maar het steeds in sekere opsigte te kort geskiet omdat volwassenes se geheues en herinneringe oor hul kinderjare en spirituele ervarings tydens daardie jare onvoltooid was. Hay (1998) en Ney (2006) was die opvolgers van Hardy by Oxford se “Religious Experience Research Unit”. Gesamentlik het hierdie twee tot vandag toe die mees akkurate teorie in die veld van kinders se spiritualiteit ontwikkel en hierdie teorie word deur geldige navorsing ondersteun [Ratcliff, 2008: 31].

In die vroeë 1990's het navorsers van kinderspiritualiteit begin om probleme met die studies van die 60's, 70's en 80's te ondervind. Die mees noemenswaardige swakpunt van die vorige studies was dat dit te veel aan Piaget se faseteorie gekoppel was; om Piagetiaanse voorveronderstellings as 'n wegspringpunt vir studies, sowel as Piagetiaanse metodes vir navorsing te gebruik, het tot gevolg dat die resultate onvermydelik en onafwendbaar Piagetiaans van aard sal wees. 'n Tweede probleem was dat, alhoewel dit voorgekom het dat die faseteorieë goeie leiding vir onderrig by kinders bied, dit steeds onvoldoende in die taak van godsdiensoonderrig was. Die leerplanne wat tydens die kognitiewe era vir kinders saamgestel is, was meestal op Piaget se faseteorie gebaseer. Dit het tot gevolg gehad dat kinders in terme van dié fases beskou was en volgens daardie fase net sekere gedagtes of gedrag kan aanneem, en dus het hierdie leerplanne die moontlikheid van gedrag of gedagtes buite die faseteorie uitgesluit. Derdens word die navorsers se verwagtinge van die faseteorie bevraagteken. Ratcliff het in 1992 aangedui dat navorsers sonder bedoeling kinders se uitsprake oor hulle spirituele

ervarings kan beïnvloed, sodat die werklike gedagtes van kinders dan nie gereflekteer word nie [2008: 32]. En laastens was daar ongemaklikheid oor die navorsing wat te ver verwyderd van die spirituele wêreld is – godsdiens wat sleg kognitief van aard is, is nie net onskriftuurlik nie, maar ook onmenslik. Soos Ratcliff vermeld: “God cares about the whole child, not just the intellect.” [2008: 32].

Coles (1990) het vyfhonderd kinders tussen die ouderdomme van ses en dertien vanuit verskillende dele van die wêreld ondersoek. As gevolg van die waardevolle insigte wat Coles oor kinders se ervarings van spiritualiteit en die betekenis wat hulle aan die ervarings heg, gebied het, word hy meer breedvoerig bespreek. Na Coles se bydrae word daar in meer besonderhede na die insette van Ney oor die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling gekyk.

3.6.1 Robert Coles: Die spirituele lewe van kinders

Coles het met opset tydens sy studies fasegeoriënteerde analises vermy, omdat dit vir hom 'n ooreenvoudiging van 'n kind se leefwêreld was. Volgens Ratcliff is Coles van mening dat kinders nie hulle spirituele ervaring in terme van fases sien nie [2008: 33]. Coles het gepoog om kinders se eerstehandse ervaring van die lewe en geloof te verstaan. Coles het oor die algemeen 'n narratiewe benadering verkies, sodat min veralgemenings voorkom, en sodat die leser kan voel wat 'n kind binne 'n spesifieke geloofstradisie ervaar. Coles se studies is gedoen oor kinders vanuit verskillende geloofstradisies, naamlik Christene, Jode, Moslems en ongelowiges. Coles was ook die eerste navorser wat die opmerkings van kinders vanuit 'n ongelowige agtergrond aangeteken het. Hy het gevind dat kinders vanuit hierdie spesifieke agtergrond ook die betekenis van die lewe en wat die belangrikste in die lewe is, bevraagteken. Coles het ook gevind dat kinders van sowel 'n godsdienstige agtergrond as 'n nie-godsdienstige agtergrond hul eie persoonlike geloof en oortuigings bevraagteken.

Coles som dit só op: “...with respect to faith and doubt, belief and unbelief, we are all on the edge.” [1990: 301] Coles was hoog geag by die Universiteit van Harvard, en moontlik om dié rede het sy werk in die openbare kollig beland. Hy het ook waardevolle bydraes vir “at-risk” kinders en hulle ouers gemaak, sowel as vir die jeug tydens die burgerregtebeweging. Ratcliff is van mening dat Coles se “iets anders” wat hy tot die veld van

kinderspiritualiteit bygedra het, vir hom bekendheid verwerf het: "...scholars in the United States had a sense that something was missing in the developmental literature; that 'something' came to be termed 'the spirit of the child'..." [2008: 34].

3.6.2 Rebecca Ney: Relasionele bewustheid

Gedurende die laaste dekade van die twintigste eeu was daar groot belangstelling in spiritualiteit. Meeste van die boeke wat gepubliseer is, het aan deeglike navorsing en grondige gevolgtrekkings ontbreek. Om dinge verder te bemoeilik, was daar nie duidelike definisies wat "gees" en "geestelikheid" of "spiritualiteit" omskryf het nie. Ratcliff se woorde bevestig hierdie verwarrende tyd: "Many who spoke of children's spirituality were clearly not talking about the same thing as others; often it was difficult to tell exactly what was being described." [2008: 34].

In die middel van die laaste dekade van die twintigste eeu het Rebecca Ney as 'n doktrale student onder leiding van David Hay, wat steeds teen daardie tyd die "Religious Experience Research Unit" van Oxford Universiteit bestuur het, 'n baanbrekerstudie oor kinders se spiritualiteit die lig laat sien. Ney het verklarings van kinders se spirituele ervarings versamel, maar hierdie spesifieke kinders as studiegroep was huiwerig om verklarings oor hulle spirituele ervarings te gee uit vrees vir volwasse navorsers se ongeloof oor hul ervarings of bespotting oor hierdie ervarings. Ney het ten doel gehad om 'n gepaste en geskikte definisie vir kinderspiritualiteit te ontwikkel deur 'n navorsingsmetode wat baie selde deur navorsers gebruik word. Sy het 'n kwalitatiewe benadering genaamd "grounded theory" gebruik. Ratcliff beskryf Ney se navorsingsmetode soos volg: "Through ongoing analysis of the children's stories and comments, a theory was constructed, 'from the ground up' so to speak, rooted in data consisting of the words and thoughts of the children themselves." [2008: 34] Met hierdie navorsing van Ney was die era van fasegeoriënteerde aannames oor kinders verby.

Hay and Ney het in 2006 aangedui dat godsdiens nie gelyk aan spiritualiteit gestel kan word nie. Volgens hulle kan godsdiens en spiritualiteit ooreenkom tydens godsdienstige ervarings, maar godsdiens kan nie-ervaringsgebaseerde inhoud soos geloofsbelydenisse of teologie insluit. In kontras met godsdiens kan spiritualiteit van die wonder van 'n

sonsondergang tot die diepe ervaring van God se teenwoordigheid omvat [Ratcliff, 2008: 35].

Hay en Ney het drie kategorieë vir spirituele sensitiwiteit omskryf [2006: 65-78]:

- i. **“Awareness-sensing”**: dit is die onmiddelike ervaring; meditatiewe ervarings word dikwels hier beklemtoon, asook die “aandag” op ’n holistiese bewustheid van die liggaam wat teenwoordig is. Konsentrasie wat intens gefokus en onverdeel is, word verwys as die “vloei”-ervaring, of die “instemming”, ’n spesiale bewustheid afkomstig van die estetiese ervaring.
- ii. **“Mystery-sensing”**: dit is ’n verbeeldingryke staat wat verby die gewone van die alledaagse lewe beweeg. Die grootste misterie van die lewe word deur verwondering gereflekteer.
- iii. **“Value-sensing”**: dit is verwant aan dit wat vir ’n persoon belangrik of waardevol is, ’n vertrouwe in die lewe, en die uitdrukkings van verheug wees of hartseer wees. ’n Persoon se identiteit word verbind aan die betekenis van die lewe - die soektog na selfvervulling.

Al drie hierdie kategorieë hou verband met die algehele kategorie van spiritualiteit, wat Hay en Ney as die “relasionele bewustheid” beskryf. “Relasionele” verwys na ’n verwantskap of verhouding binne die konteks van spiritualiteit, dus die verhoudings tussen mense, voorwerpe, die natuur, die self en God. Die tweede term, “bewustheid”, verwys na ’n beklemtoonde staat van bewustheid, persepsie of refleksie.

3.7 Kinderteologie-beweging (2000-2013)

Die vyfde fase het vanuit die Cutting Edge Konferensie, wat deur Viva Network gelei is, ontstaan. Keith White was uitgenooi om tydens die Cutting Edge 3 Konferensie in 2001 ’n artikel te lees met die titel “A little child shall lead them”. Hierdie spesifieke artikel bied ’n teologiese raamwerk vir die bediening aan kinders in gevaar, en vanuit hierdie voorlesing het die behoefte vir ’n “kinderteologie” by akademici soos Willmer, Tan en Bunge ontstaan [Grobelaar, 2008: 186]. Die kinderteologie-beweging speel ’n bepalende rol in die verstaan van teologie met “kinders in ons midde”. White, as die stigter van die kinderteologie-beweging, gee die volgende definisie vir kinderteologie [2010: 244]:

Child Theology is an investigation that considers and evaluates central themes of theology – historical, biblical and systematic – in the light of the child standing beside Jesus in the midst of the disciples. The child is like a lens through which some aspects of God and his revelation can be seen more clearly. Or, if you like, the child is like a light that throws existing theology into new relief.

Die konsep van “kinders in ons midde”, soos voorgestel deur die kinderteologie-beweging, het uitdagende analises en toepassings voortgebring, veral vir ontwikkelende lande. Kinderteologie word as ’n onderskeidende oriëntasie van teologie beskou, amper soos feministiese teologie. Net soos ander innoverende vorms van teologie, bring Kinderteologie nuwe perspektiewe en vars idees wat die teologiese prosesse, sowel as die uitkoms van die proses, verryk en bevorder. Die groot hoeveelheid publikasies in hierdie veld is ’n aanduiding van die potensiële invloed op studies oor teologie en kinders se spiritualiteit [Ratcliff, 2010: 14].

Kinderteologie roep teoloë tot ’n navolging van Christus, deur “kinders in ons midde” te plaas, maar in die proses kan dit die gevaar na vore bring om die sentraliteit van Christus te misplaas [Ratcliff, 2010: 15]. Wanneer kinderteologie reg aangewend word deur Christus as middelpunt te sien, en kinders as gelykes “in ons midde te plaas” volgens die voorbeeld van Christus, kan ons tot waardevolle insigte oor kinders se spiritualiteit kom. Die kinderteologie-beweging kan ons nog baie in die toekoms help met navorsing om kinders se spirituele ontwikkeling verder te verstaan.

3.8 Samevatting

Vanuit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat daar op verskeie wyses deur die eeue heen na kinders se spirituele ontwikkeling gekyk is. Al hierdie studies deur die jare heen het ons nader gebring aan ’n holistiese verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling en ervarings. Ratcliff beskryf dit te reg soos volg [2008: 37]:

Studying a multiplicity of perspectives produces a more comprehensive understanding of spirituality as well as spawning a variety of approaches to the nurture of that spirituality. All aspects of children are important in understanding their spirituality, including the emotional, verbal, social, behavioral, and perhaps most

important, the imaginative, creative, and inner aspects of life. To pretend that one, or even some combination, of these is sufficient to explain spirituality is overly reductionistic.

Vanuit hierdie oorsig oor kinders se spirituele ontwikkeling en ervarings is dit duidelik dat dit deur verskillende areas van die lewe beïnvloed word. Ons kan nie net na die morele, kognitiewe, of emosionele ontwikkeling van kinders afsonderlik kyk om vir ons te verduidelik hoe kinders se spiritualiteit ontwikkel nie. Ons moet na kinders in hul holistiese vorm kyk as ons wil verstaan hoe hulle spiritueel ontwikkel.

Die navorsing oor kinders se spiritualiteit wys vir ons dat tydens die eerste, vroeë holistiese tydperk van denke oor kinderspiritualiteit, spiritualiteit deel was van die kind se hele bestaan. Kinders se taal het spirituele taal ingesluit, hul onderrig het spirituele onderrig ingesluit, hul huislike take het spiritualiteit ingesluit. As ons kinders ten beste wil begelei tydens hulle spirituele ontwikkel in hierdie betrokke fase van kinderjare, moet ons 'n holistiese benadering tot hierdie taak inneem.

Dit is ook duidelik vanuit hierdie oorsig oor die navorsing oor kinders se spirituele ontwikkeling dat die onlangse navorsing in die vierde tydperk, naamlik die kinderteologiebeweging, baie ooreenstem met dié van die vroeë holistiese tydperk. Navorsers het gedurende die eerste tydperk gepoog om 'n algehele verstaan van kinders te ontwikkel, met in agneming van die geheel van die ontwikkelingsfenomeen asook 'n kind se karaktereienskappe. Vandag se kwalitatiewe studiemetodes verskil nie veel van 'n eeu gelede s'n nie, maar tog was daar vooruitgang in die metodes vir observasie, onderhoudvoering en analises. Al hierdie nuwe en meer verfynde navorsingsmetodes wat deur die jare ontwikkel het, help die teologie om vandag 'n meer holistiese verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm. Maar soos Ratcliff sê: "The parallels are fascinating, yet it is must be admitted that the current approach to human development is far from the holism of a hundred years ago." [2008: 36]

Deur middel van Osmer se tweede taak, naamlik die interpreterende taak, het hierdie hoofstuk beskryf hoe daar in die verlede oor kinders se spirituele ontwikkeling gedink was. Hierdie interpreterende taak het die studie gehelp om te sien dat die faseteorieë die meeste van die tydperke se studies oorheers het, en dus gaan daar in die volgende

hoofstuk bespreek word hoe daar op 'n meer holistiese wyse na kinders se spirituele ontwikkeling gekyk kan word.

HOOFSTUK 4

'N KONTEMPORÊRE PERSPEKTIEF OP DIE SPIRITUELE ONTWIKKELING VAN KINDERS

4.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is dit duidelik dat daar 'n beperkte siening rondom kinders se spirituele ontwikkeling bestaan. Die beperkte en meestal negatiewe sienings van kinders het oorgespoel na die navorsing wat daar oor kinders se spirituele ontwikkeling gedoen is. Bunge verwys hierna in haar artikel *A more vibrant theology of children as sy sê*: “In the Christian tradition, we have often focused on children merely as sinful or as creatures who are ‘not yet fully human’. These overly simple views diminish children’s complexity and intrinsic value, and thereby undermine our commitment and sense of obligation to them.” [2003: 14] Volgens Bunge kan ons hierdie simplistiese sienings oor kinders oorkom deur 'n ryker beeld van kinderjare vanuit die Bybel en die Christelike tradisie te skep. Dié beperkte siening van kinders se spirituele ontwikkeling vanuit die faseteoretiese benaderings het 'n ongemaklikheid veroorsaak en die toepaslikheid daarvan tot kinders se spirituele ontwikkeling is bevraagteken. Om die beperkinge van die faseteorieë aan te spreek, is nuwe perspektiewe oor die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling gevorm. Nuwe benaderings kan hierdie onvolledige sienings oor kinders se spirituele ontwikkeling aanvul. Ratcliff dui aan dat daar reeds nuwe perspektiewe oor spesifiek kinders se eie spirituele ervarings en die transformerende Gees van God vanuit hierdie beperkinge van die faseteorieë ontstaan het [2008: 31]. Scarlett is van mening dat ons die sterkpunte van die faseteorie-benaderings met die nuwe perspektiewe moet kombineer sodat 'n wyer siening en verstaan van die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling gevorm kan word [2006: 31]. In hierdie hoofstuk word daar teen die agtergrond van Osmer se interpreterende taak na kontemporêre studies oor kinders se spirituele ontwikkeling gekyk om die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling in ag te neem.

4.2 Essensiële elemente van 'n omvattende teorie oor spirituele ontwikkeling

Benson is van mening dat die spirituele ontwikkeling van kinders as 'n studieveld nog nie in die akademie tot sy reg gekom het nie omdat die dialoog tussen sielkunde en godsdiens gereduseer word tot 'n monoloog waarin sielkunde al die praatwerk doen. Volgens hom bring hierdie monoloog van sielkunde 'n gaping tussen wetenskap en godsdiens, waar wetenskap as feite gesien word en godsdiens as geloof [2006: 484]. Hierdie gaping tussen wetenskap en godsdiens word verder bemoeilik deur die uitdagings om die term "spiritualiteit" te definieer, en as gevolg van die multidimensionele aard van spiritualiteit pas dit nie netjies in enige gebied van sosiale wetenskappe in nie. Hill *et al.* dui aan dat godsdiens en spiritualiteit inherent deel van ontwikkeling, sosiaal-psigologiese fenomene, kognitiewe fenomene, gemoeds- en emosionele fenomene en persoonlikheid is [2000: 63]. 'n Multidissiplinêre benadering tot 'n omvattende verstaan van hierdie gebied blyk dus noodsaaklik te wees. Benson stel 'n eksegese van die voorgestelde definisie van spirituele ontwikkeling voor om kernaspekte wat noodsaaklik is vir die vorming van 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling, uit te lig [2006: 486]. Die definisie het oorspronklik ten doel gehad om parameters daar te stel vir 'n teoretiese benadering tot spirituele ontwikkeling en is so saamgestel om aannames oor die drie dinamikas rondom menslike ontwikkeling aan te dui, naamlik:

- i. die kernontwikkelingsprosesse wat plaasvind en intrinsiek deel is van die menslike natuur en lewe;
- ii. die doel van ontwikkeling; en
- iii. die konteks wat aan dui hoe ontwikkelingsprosesse self uitspeel [2006: 485].


Die definisie lees soos volg:

"Spiritual development is the process of growing the intrinsic capacity for self-transcendence, in which the self is embedded in something greater than the self, including the sacred. It is the developmental 'engin' that propels the search for connectedness, meaning, purpose, and contribution. It is shaped both within and outside of religious traditions, beliefs, and practices."
[Roehlkepartain, King, Wagener, & Benson 2006: 5-6].

Die drie dinamikas kan soos volg op hierdie definisie toegepas word:

- i. Kernontwikkelingsproses wat plaasvind: "...growing the intrinsic capacity for self-transcendence, in which the self is embedded in something greater than the self, including the sacred."
- ii. Doel van die ontwikkeling: "...connectedness, meaning, purpose, and contribution."
- iii. Die konteks wat aandui hoe ontwikkelingsprosesse self uitspeel: "It is shaped both within and outside of religious traditions, beliefs, and practices."

Teen die agtergrond van Benson se eksegeese van die definisie van spirituele ontwikkeling stel hy die essensiële elemente waaruit 'n omvattende teorie vir spirituele ontwikkeling te vorm, voor, soos voorgestel in die volgende diagram:



Figuur 4.1: Essensiële elemente vir 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling [Benson 2006: 488].

Benson se essensiële elemente vir 'n omvattende teorie oor spirituele ontwikkeling, word hieronder opgesom:

- a) **Mites, narratiewe en interpretende raamwerke.** Benson sê dat ons oor spirituele ontwikkeling kan dink as die aktiewe proses om 'n persoonlike narratief te skep, 'n storie waarvan ons in tyd en ruimte deel is. Of anders gestel is spirituele ontwikkeling 'n aktiewe proses om 'n siening van die self in die konteks van self-transendente mites en raamwerke te vorm [2006: 488]. Benson vermeld hier dat die meeste navorsers aanklank vind by die kernidee dat mense oor die algemeen 'n ontwikkelingsbehoefte na die soeke, skepping, aanpassing, ontdekking en lering van die self, die realiteit en die wêreld het [2006: 488]. Vir Benson sluit hierdie element die aard van die heelal, die aard van realiteit, die aard van menslike wesens, die plek van die mens in die wêreld en die aard van moraliteit en wat “goed” is of wat waarde het, in [2006: 488]. Benson voeg ook by dat mense inherent orde vanuit lewensprobleme wil vind en dat die weg waardeur hierdie orde gevind word, 'n spirituele weg is [2006: 489]. Hierdie element behels die kognitiewe, bewustheid en teorieë oor verduidelikings van ons denke.
- b) **Die aard van die persoon.** Die tweede element vir 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling is die aard van die persoon en wat die “mite-makende”, “narratief-skeppende” en interpreterende raamwerk lewendig maak (ovaal sirkel in die middle van die diagram). Daar is verskeie benaderings tot wat die proses is wat hierdie aard in die mens lewend maak: deur ontvanklik te wees vir die “inherente” mites en interpreterende raamwerke, asook om aktief deel te wees van die skep van hierdie narratiewe (twee pyle wat op en af beweeg bo die sirkel in die middel). Vir Benson is dit belangrik om hierdie element deel te maak van die teorievorming, omdat ons onself nie in mites ontdek nie, maar eerder onself deur die mites skep. Vir hom is dit die element wat al die verskillende dele van die self tot 'n eenheid saambring [2006: 490].
- c) **Die wedersydse aard van invloed.** Hierdie element is uitgebeeld in die twee pyle met die terme “creating” en “inheriting”. Die mites en narratiewe wat ons lewens organiseer en vir ons lewens rigting aandui, behels 'n lewenslange kreatiewe proses waarin mense aktief 'n storie skep deur materiaal vanaf verskillende bronne te gebruik, van institusies tot verhoudings. Vir sommige vorm godsdienstige instansies, vir ander is dit weer 'n ervaring soos om op 'n geliefde se skoot te sit en so 'n verhaal te vorm. Net soos daar verskeie bronne vir die

skep van materiaal is en die persoon aktief deel is van die skep van hierdie narratiewe, so is die persoon ook aktief deel van die verwerping en kies van sekere verhale (beide aangenome en geskepte verhale). Dit is ook belangrik om die ander wedersydse pyle rondom die sirkel in die middel op te merk. Hierdie pyle dui aan dat die persoon nie net deur die kulturele en sosiale konteks en betekenisvolle lewenservarings gevorm word nie, maar dat die persoon 'n aktiewe deelnemer is om hierdie kontekste en ervarings self te vorm [Benson, 2006: 490].

- d) **Tyd:** Die venstertjie in die diagram wat as “tyd” gemerk is, kan historiese gebeure of die persoon se hele lewensydperk aan dui. Tydverwante konsepte beïnvloed die persoon, die konteks waarbinne die persoon hom- of haarself bevind en die interaksies binne die konteks. Mense het interaksie met, leer van en verander hul sosiale konteks, en hul narratiewe word deur verskillende tye van hulle menslike geskiedenis geskep en verander.
- e) **Betekenisvolle lewenservarings.** 'n Omvattende teorie moet rekening hou met die verskillende invloede van betekenisvolle lewenservarings en hoe dit die doel, lense, perspektiewe en energie van die spirituele narratiewe verander. Daar is verskillende kategorieë vir hierdie lewenservarings: van tragedies, tot genesing, tot ekstase. Sommige betekenisvolle lewenservarings word ook toegeskryf aan godsdienstige ervarings soos gebed, mistiese ervaring of 'n visioen van die heilige. Hierdie ervarings moet in ag geneem word aangesien dit die manier waarop 'n persoon homself/haarself ken, waardeur en binne die groter prentjie sien, kan verander.
- f) **Kulturele en sosiale kontekste.** Benson vermeld hier dat dit nalatig sal wees om nie hierdie twee elemente in ag te neem in die vorming van 'n omvattende teorie vir spirituele ontwikkeling. Weereens is dit belangrik om die wedersydse invloede op te merk. Kultuur bied die konteks waardeur die ontwikkeling aangeneem word en self uitspeel; taal vorm 'n persoon se denke; simbole wat bruikbaar is en rituele wat aandag verg, help die persoon om definisies vir die persoon, kosmos en transendente te vorm [Benson, 2006: 491].
- g) **Die aantrekkingskrag van spirituele ontwikkeling.** Aan die bopunt van die diagram is vier sirkels wat “betekenis”, “doel”, “verantwoordelikheid” en “bydrae” voorstel. Benson se drywende hipotese hier is dat daar drukkende menslike oortuigings of motiewe is wat mense na spirituele ontwikkeling laat neig. Hierdie vier voorstellings is die dryfveer en aantrekkingskrag wat mense laat neig tot

spirituele ontwikkeling, teenoor die lewegewende krag van “skep” en “aanneem” wat weer die persoon tot spirituele ontwikkeling dwing. Hierdie drukrag en aantrekkingskrag vorm saam die dinamika van spirituele ontwikkeling [Benson, 2006: 492].

Benson se essensiële elemente vir die vorming van ’n omvattende teorie vir spirituele ontwikkeling help ons om in ag te neem dat daar drukkragte en aantrekkingskragte is wat ’n rol in kinders se spirituele ontwikkeling speel. Die wedersydse pyle help ons om te besef dat elemente spirituele ontwikkeling in kinders aanwakker maar dat kinders ook self deur aktiewe deelname spirituele ontwikkeling skep. Vervolgens word daar in diepte na ander faktore gekyk wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed.


4.3 Kontekstuele faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed

Alle mense word deur hul konteks beïnvloed, of dit nou deur ander mense of deur omgewingsfaktore is. Dus leef geen mens in isolasie nie; net so word kinders se spirituele ontwikkeling ook beïnvloed deur die konteks waarbinne hulle leef. Met die klem op die fase- en ontwikkelingsteorieë is daar min aandag aan die invloed van die konteks waarin kinders spiritueel ontwikkel, geskenk. Estep en Breckenridge bevestig dat die konteks ’n belangrike rol in kinders se spirituele ontwikkeling speel [2004: 324]. Breckenridge gebruik Bronfenbrenner (1979) se ekologiese benadering as ’n waardevolle model om die invloed van die konteks op kinders se spirituele ontwikkeling te meet [2004: 327]. Bronfenbrenner beskryf ontwikkelings as ’n reeks van “nested structures, each inside the next, like a set of ‘Russian dolls’ which reveals the interconnections of children’s interactions with their life settings” [Bronfenbrenner, 1979: 3]. Die konteks waarbinne kinders grootword beïnvloed hul siening van die wêreld en, direk daaraan verbonde, ook hul spirituele ontwikkeling. Breckenridge verduidelik dit verder met die voorbeeld dat ’n seun se ervaring van sy biologiese pa se sorg ’n effek op die seun se persepsie van God se sorg sal hê [2004: 325].

Bronfenbrenner dui aan dat alle sisteme binne die groter-sisteemperspektief 'n belangrike rol in die individu se ontwikkeling speel, en hierdie konsep bied 'n omvattende beskrywing van spirituele ontwikkeling [Breckenridge, 2004: 325].

4.3.1 Urie Bronfenbrenner: Ekologiese model vir kinders se spirituele ontwikkeling

Bronfenbrenner se model dui aan dat kinders binne mikro-, meso-, ekso-, makro- en kronosisteme ontwikkel [1979: 18]. Hierdie sisteme is interafhanklik van mekaar en beïnvloed mekaar dus ook op verskillende maniere. Hierdie wisselwerking tussen die verskillende sisteme kan soos volg diagrammaties voorgestel word:



Figuur 4.2: Bronfenbrenner se interafhanklike sisteme [uit Dawes & Donald, 2005:11].

Mikrosisteme is die omgewing waar interaksie van aangesig tot aangesig plaasvind binne interpersoonlike verhoudings [Bronfenbrenner, 1979: 22]. Hierdie sisteme ontstaan in die onmiddellike omgewing van die familie, skole, ouderdomsgroepe en ander bekende mense. Hierdie sisteem vind ook plaas in die alledaagse aktiwiteite, rolle en verhoudings, byvoorbeeld die ouer-kind-verhoudings, die leerder-onderwyser-verhoudings en die kind se verhoudings met sy/haar vriende. 'n Belangrike kenmerk van die mikrosisteem is dat alle partye in die sisteem kollektief 'n bydrae tot die gewenste uitkoms lewer [Dawes & Donald, 2005: 11].

Mesosisteme is die verhouding wat tussen verwante sisteme bestaan, wat sodoende op sigself 'n sisteem vorm [Bronfenbrenner, 1979: 25]. Dawes en Donald beskryf die mesosisteem as 'n paar mikrosisteme wat verband hou met mekaar en dan hierdie verwante sisteme aan mekaar verbind sodat dit nog 'n sisteem vorm [2005: 11]. Al die verskillende mikrosisteme waarin 'n kind homself bevind, word in 'n mesosisteem aan mekaar verbind. Die grootte (kwantiteit) en die diepte (kwaliteit) van die verhoudings waarbinne kinders staan, bepaal die sterkte van die mesosisteem. Byvoorbeeld, 'n enkelouer dra waarskynlik die alleenverantwoordelikheid om 'n finansiële inkomste in te bring, wat tot gevolg het dat daar minder tyd is om die kinders emosioneel te versorg; maar by die skool kan 'n onderwyser 'n positiewe omgewing skep, waar die kind positief beïnvloed word en so sy of haar selfbeeld verhoog.

Eksosisteme verwys na omgewings waar die kind nie self direk betrokke of teenwoordig is in die verhouding nie, maar die eksterne omgewingsfaktore het indirek 'n invloed op die kind [Bronfenbrenner, 1979: 25]. Faktore soos die ouers se omstandighede by die werk, die ouers se huweliksomstandighede of die onderwyser se persoonlike lewe beïnvloed indirek die kind, al is die kind nie self direk betrokke in daardie spesifieke mikrosisteem nie.

Makrosisteme bestaan uit die kultuur waarbinne die eerste drie sisteme funksioneer. Al drie die eerste sisteme word deur die makrosisteem omvat, wat die geloofsoortuigings, kennis, lewenstyl en die gebruiksgewoontes van die spesifieke kultuur insluit [Bronfenbrenner, 1979: 26]. Dawes en Donald beskryf dit as die waardes van die makrosisteem wat na die relevante meso- en eksosisteme deursyfer, tot by die interaksies van die kind in sy of haar mikrosisteme [2005: 12].

Kronosisteme verwys na die veranderende omstandighede binne die kind self, asook die veranderende omgewingsfaktore [Bronfenbrenner, 1979: 26]. Belangrike gebeure in die geskiedenis of spesifieke tydperke het byvoorbeeld 'n invloed op die kind se spirituele ontwikkeling.

Bronfenbrenner wys die verskillende sisteme wat daar in kinders se omgewing bestaan. Verder bied hy waardevolle insigte tot watter impak hierdie verskillende sisteme op kinders se spirituele ontwikkeling het. Kinders word die meeste beïnvloed deur die sisteem wat die naaste aan hulle is en waarby hulle direk betrokke is. Van die vyf omgewingsisteme is die familie as mikrosisteem die naaste aan die kind, en dus het die ouer of die primêre versorger die grootste invloed op die kind se spirituele ontwikkeling.

4.3.2 Lillian Breckenridge: Ekologiese perspektief en spirituele leiding vir kinders

Breckenridge gee erkenning aan die waardevolle bydraes van Bronfenbrenner se werk, wat die belangrikheid van die individu en sy omgewing beklemtoon. Alhoewel sy die verskillende sisteme en die wisselwerking tussen hierdie sisteme as sterkpunte beskou, doen sy ook aan die hand dat hierdie teorie ontbreek aan 'n biologiese fondasie vir ontwikkeling, sowel as om gebrekkige aandag aan die kognitiewe prosesse te skenk [2004: 326]. Breckenridge is van mening dat spiritualiteit die totale essensie van 'n individu behels en dat spiritualiteit eerder as 'n rigtinggewende aspek van lewe beskou moet word as 'n toestand van "wees" [2004: 329]. Wanneer Breckenridge hierdie ekologiese model gebruik om dit op kinders se spirituele ontwikkeling toe te pas, verkies sy Bronfenbrenner se beskrywing van spirituele ontwikkeling as 'n proses:

Human development is the process through which the growing person acquires a more extended, differentiated, and valid conception of the ecological environment, and becomes motivated and able to engage in activities that reveal the properties of, sustain, or restructure the environment at levels of similar or greater complexity in form and content.
[Bronfenbrenner 1979: 29]

Breckenridge beskou hierdie beskrywing van Bronfenbrenner as 'n gepaste raamwerk vir spirituele ontwikkeling. Ek stem saam met Breckenridge dat die individu se spiritualiteit

regdeur die lewenspad in verskillende kontekste en oor spesifieke tydlyne ontwikkel en dat dit groter as die somtotaal van al die aspekte van menslike ontwikkeling is.

Breckenridge maak die volgende voorstelle, gebaseer op Bronfenbrenner se ekologiese sisteme, as 'n uitgangspunt vir kinders se spirituele ontwikkeling [2004: 330-333]:

- Voorstel 1: *Invloede van omgewingsisteme*. Die wisselwerking tussen omgewingsfaktore het spirituele ontwikkeling tot gevolg, of is ten minste gedeeltelike verantwoordelik vir spirituele ontwikkeling. Alle omgewingsisteme is bronne vir spirituele ontwikkeling, nie net die huis en die kerk nie.
- Voorstel 2: *Die lewe as konteks*. Die konteks vir spirituele ontwikkeling is nie net in godsdienstige omgewings nie, maar sluit ook die lewe as geheel in, waar kinders emosionele verhoudings van belang ontwikkel en hoe hulle binne hierdie verhoudings as spirituele wesens reageer en aanpas.
- Voorstel 3: *Aanpassing teenoor liniêre verandering*. Spirituele ontwikkeling behels holistiese veranderings; dit kan nie in verskillende kompartemente verdeel word nie en moet eerder as aanpassing gesien word, nie as liniêre verandering nie.
- Voorstel 4: *“Ontwikkeling-in-konteks” teenoor “Ontwikkeling-buite-konteks”*. 'n Benadering van “ontwikkeling-binne-konteks” teenoor 'n benadering van “ontwikkeling-buite-konteks” help om die tradisionele Christelike klaskamer-onderrigomgewing te verbreed na verskeie sisteme of omgewings waar kinders spiritueel kan ontwikkel.
- Voorstel 5: *Voortdurende kompleksiteit*. Spirituele ontwikkeling word gesien as die vermoë om by lewensomstandighede aan te pas en 'n identiteit te ontwikkel, te midde van die kompleksiteit van die lewe.
- Voorstel 6: *Spirituele ontwikkeling as volwassenheid*. Spirituele volwassenheid beteken om maksimaal spiritueel aanpasbaar te wees en om konsekwent met die algemene siklusse van die lewe se ontwikkelingsfases te bly. Die bron van spirituele ontwikkeling is die verhouding waarin kinders met God staan (verbondenheid) en die bemagtiging van die Heilige Gees (individualisering).

Breckenridge kom tot die gevolgtrekking dat spiritualiteit vanuit 'n ekologiese perspektief die gesamentlike akkommodering van 'n aktiewe, groeiende kind en die veranderende eienskappe van die onmiddellike omgewing waarbinne die ontwikkelende kind leef,

behels, aangesien hierdie proses deur verhoudings wat tussen hierdie omgewings bestaan, asook die groter kontekste waarin die omgewings ingebed is, beïnvloed word [2004: 332]. Volgens haar gebeur spirituele ontwikkeling wanneer 'n persoon in die daaglikse lewe se verskillende kontekste leef, en nie net deur afsonderlike lesse of beplande ervarings nie. Breckenridge maak ook nie die inhoud van Christelike onderrig as onbelangrik af nie. Wanneer sy die vraag vra of ons met die kind of met die inhoud van onderrig moet begin, bevestig sy dat die vertrekpunt nie die inhoud is nie, maar die “kind-in-konteks” [2004: 333].

Breckenridge help ons met waardevolle insigte om kinders as holistiese skepsels te sien en hul spirituele ontwikkeling ook dienooreenkomstig te beskou. Alhoewel Breckenridge se “kind-in-konteks”-konsep ons help om die omgewingsfaktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed, in ag te neem, spesifiseer sy nie hoe kinders binne hierdie verskillende kontekste ontwikkel en leer nie. Lev. Vygotsky bied 'n waardevolle perspektief oor hoe kinders binne die konteks van onderrig ontwikkel en dit kan as 'n alternatief vir Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie gesien word. Vervolgens word Vygotsky se teorie bespreek.

4.3.3 Lev Vygotsky: Teorie van geleerdheid en ontwikkeling

Vygotsky se teorie oor geleerdheid en ontwikkeling het aan die einde van die 20ste eeu vining onder Westerse navorsers aanklank gevind, nadat dit aanvanklik deur Stalin onderdruk is. Die onderskeid van sy teorie teenoor die fasegebaseerde ontwikkelingsteorieë van Piaget en Kohlberg, het die aandag van baie navorsers getrek [Estep 2004: 333].

Vygotsky se teorie bestaan uit die volgende komponente [Estep, 334]:

- i. Die mens se denke is van die sosiaal-kulturele konteks, waarbinne die individu homself bevind, afhanklik.* Vygotsky se teorie word gereeld “sosio-histories” of “sosio-kultureel” genoem as gevolg van die klem op die sosiale, historiese en kulturele invloede op die individu. Vygotsky is van mening dat die sosiale konteks voor die individu kom en dus ontstaan die individu se denkpattone vanuit hierdie

sosiale konteks. Die klem val hier op die sosiale konteks, en nie op die biologiese of genetiese soos met die fase-teorieë nie.

- ii. *Die sosio-kulturele konteks word aan die individu oorgedra deur “denktoerusting”.* Vygotsky beskryf in sy doktorsale tesis hoeveel waarde die uitbeelding van ’n kunstenaar se werk vir die aanskouer het aangesien die aanskouer ’n deelnemende rol teenoor die kunswerk inneem. Vir Vygotsky geld dieselfde by mense se denke, en word hierdie deelnemende rol nie net tot kuns beperk nie, maar sluit dit ook taal, simbole, skryfkuns en ander konsepte in. Hierdie “denktoerusting” bevorder die mens se denkkapasiteit.
- iii. *Geleerdheid gaan kognitiewe ontwikkeling vooraf en fasiliteer kognitiewe ontwikkeling.* Vygotsky argumenteer dat kinders nie volgens ’n spesifieke fase leer nie, maar dat kinders se geleerdheid eerder hul kognitiewe ontwikkeling bevorder. Hausfather sê dat Vygotsky nie geleerdheid as ontwikkeling sien nie, maar eerder as ’n proses wat ontwikkeling tot gevolg het [1996: 3]. Geleerdheid en ontwikkeling is dus gelykstaande en kan nie van mekaar geskei word nie.
- iv. *Werklike geleerdheid is van intensionele onderrig afhanklik.* Van der Veer en Valsiner beklemtoon die uniekheid wanneer hulle sê: “Child development cannot be seen in isolation from the teaching process, however, since the relation between these two processes is highly complex and is certainly not to be compared to the relation between an object and its shadow” [1991: 330]. Onderrig fasiliteer lering en bevorder so kognitiewe ontwikkeling.
- v. *Die produk van kognitiewe ontwikkeling is hoër gedagtes of metabewustheid.* Laer gedagtes word beskou as daardie gedagtes wat geneties ingebore is of instinktief na vore kom; teenoor hoër gedagtes wat deur die aanwending van die sosio-kulturele konteks na vore kom. Die beweging tussen hierdie laer en hoër gedagtes vorm ’n spiraaleffek.

Hierdie basiese komponente van Vygotsky se teorie moet teen die agtergrond van sy konsep van die “sone vir proksimale ontwikkeling” verstaan word. Vygotsky volstaan daarby dat ontwikkeling in ’n verskeidenheid van “sones” gebeur, en nie in fases nie. Vygotsky identifiseer drie sones vir ontwikkeling [Estep, 2004: 335]:

- i. *Sone van wesentlike ontwikkeling:* Waar die kind tans, sonder bystand, funksioneer.
- ii. *Sone van potensiële ontwikkeling:* Waar die kind potensieel kan funksioneer.

- iii. *Sone van proksimale ontwikkeling*: Die hoeveelheid bystand wat vereis word om 'n kind van die sone van wesenlike ontwikkeling na die sone van potensieële ontwikkeling te beweeg.

Vygotsky se “sone van proksimale ontwikkeling” dui aan dat die leerder interaktief in die samelewing en die konteks van die omgewing betrokke is en dat die kind altyd transformeer; dus is ontwikkeling nooit liniêr of rigtingloos nie. Om kinders van die een sone na die ander te laat beweeg, is intensionele onderrig of bystand nodig [Estep 2004: 336].

Vygotsky se benadering is om die volgende redes vir Christelike opvoeders van waarde:

- Dit bied 'n onderwyser-leerder-verhouding waar doelbewuste onderrig deur die onderwyser of meer-volwasse-andere noodsaaklik is. Sosiale interaksie is belangrik vir geleerdheid. Geloof word aan die individu en die gemeenskap oorgedra deur onderrig, wat sleg 'n gedeelte van ontwikkeling is en nie as die reaksie op ontwikkeling verstaan word nie.
- Dit bied 'n holistiese benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling, wat die kontekstuele faktore in ag neem. Kinders ontwikkel spiritueel deur verhoudings, simbole, rituele, taal, ensovoorts, wat deur doelbewuste onderrig gestimuleer word.
- Dit bied 'n nuwe perspektief vanuit 'n ontwikkelingsbenadering op hoe kinders se spirituele ontwikkeling verstaan kan word. Dit beklemtoon dat spirituele ontwikkeling ook deel van kinderjare is en die belangrikheid van die “kind-binnen-konteks”. Hierdie konsep bevorder die belangrikheid van kinders as groeiende en deelnemende lidmate van die geloofsgemeenskap.

4.4 'n Universele benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling

Die Search Institute se Center for Spiritual Development in Childhood and Adolescence erken dat spirituele ontwikkeling nie in een enkele poging omvat en beskryf kan word nie, maar ten spyte daarvan het hulle ten doel om 'n paar konseptuele stellings oor spirituele ontwikkeling daar te stel wat deur 'n wye verskeidenheid van kulture, tradisies, dissiplines en wêreldsienings bevestig word. Hierdie sentrum het 'n netwerk van 118 wetenskaplike,

teologiese en praktiese adviseurs van regoor die wêreld geraadpleeg oor die verskillende dimensies van spirituele ontwikkeling om 'n raamwerk vir die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling as deel van menslike ontwikkeling, te skep. Die inligting wat hulle vanuit die internetgebaseerde vraelyste vanaf die verskeidenheid adviseurs ontvang het, is in kategorieë verdeel volgens die adviseur se dissipline (wetenskap, teologie/praktyk), geografiese ligging in die wêreld, geslag en godsdienstige tradisie, om seker te maak dat alle perspektiewe in ag geneem word. As vertrekpunt om 'n raamwerk te vorm het die sentrum 'n reeks aannames oor spirituele ontwikkeling gelys en die meeste adviseurs het bevestig dat die kriteria hieronder essensieel is om 'n omvattende teorie vir spirituele ontwikkeling te vorm [Roehlkepartain, 2008: 1].


Teen hierdie agtergrond poog die sentrum om aan die volgende vereistes te voldoen om 'n benadering tot spirituele ontwikkeling te vorm [Roehlkepartain, 2008: 1-2]. Hierdie benadering:

- sien spirituele ontwikkeling as 'n unieke deel van menslike ontwikkeling, maar wat nie dele van die menslike bestaan geskei kan word nie;
- vermy aanduidings dat die definisie finaal en allesomvattend is – dit is dus oop vir voortgesette dialoog en navorsing;
- moet relevant vir verskillende geslagte, ouderdomme, kulture, sosio-ekonomiese groepe en etniese groepe wees, maar wel nie eenvormig vir almal nie;
- erken dat spirituele ontwikkeling 'n reistog na binne (innerlike ervarings of konneksie met die transendente) en 'n reistog na buite (uitgedruk deur verhoudings, sosiale interaksie en daaglikse aktiwiteite) behels;
- dra by tot die konseptuele verstaan van menslike ontwikkeling deur die uniekheid van spirituele ontwikkeling te beklemtoon en ook uit te wys waar dit met ander areas van ontwikkeling verbind word;
- erken dat spirituele ontwikkeling 'n dinamiese, nie-liniêre proses is wat volgens individuele en kultuurverskille varieer;
- tref 'n konseptuele onderskeid tussen spirituele ontwikkeling en godsdienstige ontwikkeling of -formasie, terwyl daar ook erken word dat dit inherent aan mekaar verbind is in die ervarings en uitlewing van mense, tradisies en kulture;
- erken dat spirituele ontwikkeling tot algehele gesondheid en welstand van die individu en die samelewing bydra;

- moet verstaanbaar wees vir alle mense van verskillende geletterdheid-, ekonomiese en sosiale vlakke, sodat dit ook die breër publiek insluit;

Na aanleiding van hierdie aannames is 'n raamwerk vir die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling gevorm. Hierdie raamwerk dui aan dat spirituele ontwikkeling 'n konstante, voortdurende, dinamiese, en somtyds 'n moeilike wisselwerking tussen drie kernontwikkelingsprosesse is.

Hierdie wisselwerking kan soos volg diagrammaties voorgestel word [Roehlkepartain, 2008: 2]:



Figuur 4.3: 'n Voorlopige raamwerk vir kinder- en adolessente spirituele ontwikkeling [Roehlkepartain, 2008: 2].

Die volgende aspekte word in bogenoemde raamwerk omvat:

- Bewuswording:** Om bewus te wees of bewus te word van jouself, ander en die heelal (wat ook die heilige of transendente kan insluit) op so 'n wyse dat dit 'n identiteit, betekenis en doelgerigtheid laat ontstaan.
- Interverwantskap en behoort:** Die soeke, aanvaarding en ervaring van merkwaardigheid in en deur verhoudings met ander, die wêreld of die

transendente (God of 'n hoër mag); en om aan narratiewe, geloofsoortuigings en tradisies wat aan die menslike ervarings deur die tyd betekenis gee, verbind te word.

- c. **'n Lewenswyse:** Om op 'n oorspronklike en outentieke wyse uitdrukking te gee aan die identiteit, passies, waardes, en kreatiwiteit deur verhoudings, aktiwiteite en praktyke wat 'n band tussen die self, die familie, die gemeenskap, die mensdom, die wêreld en die transendente vorm.
- d. **Ander aspekte van ontwikkeling:** Aspekte soos die fisiese, sosiale, kognitiewe, emosionele en morele.
- e. **Sosiale konteks:** Die persoonlike-, familie-, en gemeenskapsoortuigings, -waardes en -praktyke.
- f. **Kultuur:** Kultuur- (taal, norme, simbole en handeling) en sosiopolitieke realiteite.
- g. **Meta-narratiewe:** Tradisies, mites en interpreterende raamwerke.
- h. **Verandering:** Ander noemenswaardige lewenservarings of gebeure.
Hierdie prosesse kan die volgende tot gevolg hê:
- i. **Uitkomst:** Kognitiewe, affektiewe, fisiese en sosiale uitkomst wat deur gesonde of ongesonde handeling uitgedruk word.

Die kernprosesse, soos deur Roehlkepartain voorgestel, integreer 'n wye verskeidenheid van bewegings en elemente in spirituele ontwikkeling tot 'n samehangende raamwerk. Alhoewel Roehlkepartain erken dat hierdie raamwerk nie spesifieke geloofsoortuigings of geloofspraktyke, wat kinders in spirituele ontwikkeling ervaar en doen, insluit nie, bied hierdie raamwerk 'n benadering tot die universele aard van spirituele ontwikkeling by kinders.

4.5 'n Kollektiewe benadering tot kinders se spirituele ontwikkeling

Vanuit die voorafgaande bespreking in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat verskillende kontekste tot kinders se spirituele ontwikkeling bydra. Navorsers soos Grobbelaar (2008), Simpson en Hendriks (1999) en Burger (1997) stem ooreen dat spirituele ontwikkeling prosesmatig is en nie onafhanklik van die lewe se omgewingsfaktore staan nie. Strommen en Hardel is van mening dat daar binne die konteks van die 21ste eeu 'n nuwe bedieningsbenadering nodig is, wat hulle soos volg beskryf: "(O)ne that is holistic

and connects children, youth, family, congregation, community, and culture” [2000: 16-17]. Hulle verkies ’n bedieningsmodel wat ouers, as primêre rolspelers in kinders se spirituele ontwikkeling, bemagtig. Met hierdie holistiese benadering in gedagte het Simpson en Hendriks vyf interafhanklike spirituele ontwikkelingsfaktore geïdentifiseer [1999: 250,251]:

- i. Beweging vanaf skoling na aktiewe onthou van tradisies (die aktiewe onthouding van geloofstradisies deur storievertelling);
- ii. Beweging vanaf vervreemding na betrokkenheid (betrokkenheid van die totale menswees van die leerder);
- iii. Beweging vanaf kragtige individualism na formasie in ’n verwante gemeenskap (die leerder word met die gemeenskap van gelowiges geïntegreer);
- iv. Beweging vanaf onkunde na transformasie vir sosiale rekonstruksie (toegewyd aan sosiale transformasie);
- v. Beweging vanaf rasonale formaliteite na die misteriese en kuns (die ontginning van kuns, misterie en spel).

Burger het in ’n artikel oor kinders se spirituele ontwikkeling ses prosesbenaderings onderskei wat baie ooreenstem met Simpson en Hendriks se ontwikkelingsfaktore [Burger, 1997: 342-346]:

- i. Die rol van leiers wat met die jeug werk;
- ii. Beter kennis van die proses van geloofsinternalisering en geloofsgroei;
- iii. Die rol van ’n geloofwaardige, breër geloofsgemeenskap;
- iv. Die rol van die affektiewe/intuïtiewe in die leerproses;
- v. Sosiale verantwoordelikheid en lewensbetrokkenheid as belangrike doel van die kerklike geloofsvorming;
- vi. Nuwe maniere om die Skrif en rasonale verstaan weer aan die orde te stel.

Die klem op die geloofsgemeenskap in beide hierdie artikels is opvallend. Spirituele ontwikkeling is nie ’n individuele proses nie maar ’n kollektiewe proses. Grobbelaar is van mening dat die taak om kinders tydens hierdie spirituele ontwikkeling te begelei, dan gevolglik ook tot die hele gemeenskap behoort aangesien dit ’n kollektiewe proses is. Hy staaf sy stelling met Westerhof (1979) se “hidden curriculum” in gemeentes, wat dikwels ’n groter invloed op kinders se spirituele ontwikkeling het as die formele kurrikulum van kategese [Grobbelaar, 2008: 465]. Harris verwoord dit soos volg: “In the church, the

implicit curriculum would refer to such elements as the patterns of organization or authority; the attitudes of persons toward one another; the way power is shared; the freedom to speak (who does speak, and perhaps more subtly, who gets heard); and the kinds of physical setting in which teaching happens (what goes on).” [1988: 244]

Hendriks en Grobbelaar stel agt basis-teoretiese uitgangspunte voor in die soeke na 'n nuwe wyse om kinderbediening in en deur gemeentes te verstaan [2009: 351-353]:

- i. Kinderbedienings moet kontekstueel wees;
- ii. Kinderbedienings moet teologies wees, gebaseer op wie God is en sy identiteit;
- iii. Kinderbediening moet holistiese bedienings wees, waarin kinders se totale kindwees en al hul behoeftes binne hul totale ekologie in ag geneem word;
- iv. Kinderbedienings behoort integrerend wees, waar kinders deel gemaak word van die gemeente se totale lewe;
- v. Die basis van 'n kinderbediening behoort 'n familiebediening te wees en moet dus vanuit 'n familieperspektief benader word;
- vi. In kinderbediening behoort daar erns met resente navorsing oor kinders se spirituele ontwikkeling gemaak word;
- vii. In kinderbediening moet daar wegbeweeg word van 'n na-binne-gerigte-gemeentelike-benadering na 'n missionêre benadering, waar die totale nood van alle kinders raakgesien word;
- viii. Kinderbediening moet as 'n viervoudige benadering beskou word, naamlik die bediening *aan*, *saam met*, *deur* en *vir* kinders in plaas van net 'n bediening *vir* kinders.

Die kollektiewe verantwoordelikheid van die hele gemeenskap en gemeente kom duidelik na vore in Hendriks en Grobbelaar se basis-teoretiese uitgangspunte. Wat ook opvallend is, is die teologiese besinning oor die benadering tot bediening aan kinders vir spirituele ontwikkeling. Grobbelaar noem juis dat 'n nuwe benadering tot die bediening van kinders gepaardgaan met 'n wekroep dat daar meer teologies oor die bediening van kinders nagedink moet word [2008: 170]. Nel voeg hierby: “Een van die grootste gebreke in jeugbediening as sodanig is meermale die afwesigheid van goeie teologiese grondslae” [1998: 9]. Vervolgens word daar in Hoofstuk 5 na die teologiese begroning van kinders se spiritualiteit gekyk.

4.6 Samevatting

Hierdie hoofstuk het aandag gegee aan die kontemporêre studies wat daar oor kinders se spirituele ontwikkeling gedoen is. Benson identifiseer die essensiële elemente van 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling. Bronfenbrenner, Breckenridge en Vygotsky beklemtoon die belangrikheid van die kind in sy omgewing en die “kind-in-konteks” en watter invloed die verskillende sisteme op kinders se spirituele ontwikkeling het. Die kontekstuele faktore, soos in hierdie hoofstuk uitgewys, speel 'n belangrike rol in die spirituele ontwikkeling van kinders en dra by tot 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling. Roehlkepartain se raamwerk vir die spirituele ontwikkeling van kinders gee 'n duideliker beeld van die universaliteit van spirituele ontwikkeling as deel van menslike ontwikkeling. Hierdie raamwerk bied waardevolle insigte oor die verskillende dimensies wat 'n rol speel in die spirituele ontwikkeling van kinders en bevestig dat spirituele ontwikkeling 'n universele verskynsel is wat in alle mense teenwoordig is. 'n Kollektiewe benadering bring ons ook tot nuwe insigte rondom kinders se spirituele ontwikkeling, in die sin dat dit nie net beperk word tot die verantwoordelikheid van die kind self of die primêre versorgers nie, maar dat spirituele ontwikkeling die gevolg is van die interaksies tussen 'n hele gemeenskap. Die kontekstuele, universele en kollektiewe faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed, is alleen nie genoegsaam as dit nie teologies begrond word nie. Met hierdie nuwe perspektiewe en 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling, word daar in die volgende hoofstuk verder beweeg om te kyk hoe hierdie insigte in die praktyk toegepas behoort te word. Deur middel van Osmer se derde taak, naamlik die normatiewe taak, sal die volgende hoofstuk kyk na hoe ons hierdie insigte teologies kan begrond sodat ons kinders voldoende in hul spirituele ontwikkeling kan begelei.

HOOFSTUK 5

'N TEOLOGIESE BEGRONDING VIR SPIRITUELE BEGELEIDING VAN KINDERS BINNE 'n GEMEENTELIKE KONTEKS

5.1 Inleiding

Dit wil voorkom of die kerk 'n dringende behoefte aan die versterking van kinder-, jeug- en familiebedienings het en of daar met die effektiwiteit van hierdie bedienings geworstel word. Die getalle van kinders en adolessente wat die kerk verlaat, is 'n goeie aanduiding van die kerk se onvermoë om hulle effektief te bedien. Brewster en McDonald is van mening dat kinders tussen die ouderdomme van 7 en 10 jaar verveeld is in die kerk, en teen die ouderdom van 13 jaar die kerk verlaat en baie selde sal terugkom [2004: 9]. Kinderprogramme is meestal onderbefonds en leiers vir hierdie bediening is moeilik bekombaar. Die teologiese begronding in die kurrikulum vir godsdiensonderrigprogramme is dikwels afgewater. Kinders woon kerk net af en toe by, selfs al is daar 'n program wat goed werk. Predikante en kerkleiers sukkel om betekenisvolle verhoudings met kinders te bou. Die kinderbedieningfokusgroep van die Lausanne-komitee vir Wêreldewangelisasie se kongres in 2004 toon aan dat daar 'n stille erosie van kinderbediening in die Westerse lande plaasvind en dat in sommige lande soveel as 50% van die kerke nie meer 'n bediening gerig op kinders het nie [Clayden 2005: 319]. Bunge vermeld ook dat die lidmaatskapgetalle in kerke daal en sy voeg daarby dat die kinders wat wel kerk bywoon en belydende Christene is, baie min van hul eie geloofstradisies weet of verstaan en sukkel om die verhouding tussen hul geloof en alledaagse lewe te verwoord [Bunge, 2008: 348]. Hierdie probleme maak die dringendheid van effektiewe kinderbedienings duidelik. Dieper teologiese besinning oor die spirituele ontwikkeling van kinders kan 'n bydrae maak om kinders in die bediening meer effektief te bedien en spiritueel te versorg.

In die voorafgaande hoofstukke is daar bespreek hoe ons kinders se spiritualiteit behoort te verstaan en hoe kinders spiritueel ontwikkel. Daar is ook bespreek hoe die historiese navorsing oor kinders se spiritualiteit deur die faseteorieë beïnvloed is en watter beperkinge daaraan verbonde was. Kontemporêre studies oor kinders se spiritualiteit het ons gehelp om die essensiële, kontekstuele, universele en kollektiewe faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed, in ag te neem en om so 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm. Met hierdie insigte word daar na die normatiewe taak van Osmer beweeg deur te vra: Wat is veronderstel om te gebeur? In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na hoe hierdie insigte van die vorige hoofstukke rigting kan gee vir die wyse waarop die spirituele begeleiding van kinders in die konteks van die gemeente teologies daarna behoort uit te sien.

5.2 Tendense ten opsigte van kinderbedienings

Vanuit die inleiding is dit duidelik dat kinders nie bevredigende spirituele begeleiding in die bediening ervaar nie. Die dalende syfer van kinders se lidmaatskappe in kerke is 'n goeie aanduiding van hulle verveeldheid en onderstimulering. Volgens Grobbelaar (2009) kan hierdie oneffektiwiteit van kinderbediening toegeskryf word aan seker tendense wat by die bediening aan kinders bestaan. Vervolgens word hierdie tendens kortliks beskryf.

5.2.1 Kinderbediening is nie 'n hoë prioriteit nie

Kinders word nie ten volle waardeer en as volledige lidmate in gemeentes beskou nie. Meeste gemeentes werk nog vanuit 'n kultuurbeskouing dat kinders nie gehoor of gesien moet word nie. In sulke gemeentes is die erediens slegs op volwassenes gefokus en die prediking onverstaanbaar vir kinders. Kinders word selde in die liturgie van die erediens betrek. Predikante skuil agter die verskoning dat hulle nie die gawe het om met kinders te kan werk nie. Verder as net in die erediens, word kinders ook nie in ander gemeentelike aktiwiteite, byvoorbeeld lofprysingbegeleiding of uitreike, benut of betrek nie. Kinders word dus gesien as mense wat bedien moet word, en nie self kan bedien nie [Grobbelaar, 2009: 361]. 'n Verdere aanduiding van die tendens dat kinderbedienings nie prioriteit is nie, is die gebrek aan betrokkenheid by dié bediening, die onkundigheid van die leierskapsman wat wel by die bediening betrokke is en die ingesteldheid van die hele

gemeente teenoor kinderbediening. Barna het in 'n studie bevind dat die meeste kerkleiers oningelig is oor die inhoud en die praktiese inkleding van die gemeente se bediening aan kinders en die effektiwiteit van hierdie bediening [2003: 12]. In aansluiting hierby beklemtoon Holmen die verkeerde ingesteldheid wat daar teenoor kinderbedienings bestaan as hy sê: "...I do not find any Scripture that supports being one-hour-at-church-only followers of Christ. I do not find any Scripture that supports a drop-off-and-let-the-professionals-do-it mentality that says 'it's the Church's job to teach my kids the faith'." [2012: 18]. Kinderbediening word verkeerdelik gesien as 'n "opposdiens" en hierdie taak word slegs deur professionele persone vervul. Dit is belangrik dat gemeentes 'n hoër prioriteit aan die bediening van kinders moet heg, deur die hele gemeente bewus te maak van die bedieningsaktiwiteite aan kinders en om ook hierdie aktiwiteite die verantwoordelikheid van die hele gemeente te maak, nie slegs die professionele bedieners nie.

5.2.2 Geloofsvormende invloed van ouers ontbreek

Die sentrale rol van ouers in kinders se spirituele ontwikkeling word deur menige studies bevestig. Beide Holmen (2010) en Powell & Clark en (2011), wat as voorlopers in die gebied van familiebediening beskou word, haal Smith aan as bevestiging van die rol van ouers in kinders se spirituele ontwikkeling: "Most teenagers and their parents may not realize it, but a lot of research in the sociology of religion suggests that the most important social influence in shaping young people's religious lives is the religious life modeled and taught to them by their parents." [Smith 2005: 56 in Holmen, 2010 en Clark, 2011]. Jones het met die vooropgestelde idee gewerk dat ouers oningelig is oor hul primêre rol in hul kinders se geloofslewe, maar na 'n deeglike studie vind hy ook dat 90% van ouers hulself as persoonlik verantwoordelik vir hul kinders spirituele ontwikkeling sien [2011: 98]. Barna het in die VSA bevind dat alhoewel ouers bewus is van hul primêre rol as spirituele opvoeders, twee derdes steeds hierdie taak aan die kerk oorlaat [2003: 77]. Jones skryf dié weerstand van ouers om by die spirituele opvoeding van hul kinders betrokke te wees, ondanks die feit dat hulle weet hulle het die grootste invloed op hul kinders, toe aan die feit dat ouers nie genoeg tyd maak vir hulle kinders nie en tweedens dat kerke ouers nie ondersteun en oplei om hierdie rol te vervul nie [2011: 100]. Holmen huldig dieselfde standpunt [2010: 33]. Strommen en Hardel brei uit

oor hierdie verskynsel en is oortuig dat die geloofsvormende invloed van ouers in huishoudings ontbreek as gevolg van 'n verkeerde paradigma onderliggend aan die bediening van kinders, wanneer hulle sê: “Over the years the message has been ‘Let the professionals do the teaching. They know the best.’ So parents send their children to the church for Sunday school or other religious instruction, handing the responsibility of faith education to the teachers.” [2000:17] Na afloop van die industriële era het onderrigprogramme vir kinders in skole en in kerke ontstaan. Met die oorgang na die tegnologiese era het die meeste ouers se werksure vermeerder en so het hulle die programme wat vir kinders aangebied word, verwelkom omdat hulle self nie die tyd gehad het nie. Alhoewel hierdie programme met suiwer intensies ontwerp en aangewend is, het dit die rol van ouers in die opvoeding van hulle kinders verklein en word hierdie verantwoordelikheid na die kerk verplaas [Holmen, 2010: 34]. Alhoewel dit nie die kerk se bedoeling was om hierdie rol van die ouers oor te neem nie, waarsku Barna ons steeds oor die omvang van die effek van hierdie programme: “A majority of churches are actually guilty of perpetuating an unhealthy and unbiblical process wherein the church usurps the role of the family and creates an unfortunate, sometimes exclusive dependency upon the church for a child’s spiritual nourishment.” [2003: 24] Dit is belangrik dat die kerk ouers moet bewus maak van hulle rol in die spirituele versorging van hul kinders ten spyte van hul eie besige programme, en dit is belangrik dat die kerk nie hierdie rol moet oorneem nie maar eerder ouers moet oplei en ondersteun in hierdie rol wat hulle moet vervul.

5.2.3 Familiebediening kom nie tot sy reg nie

Baie gemeentes en ouers het die opkoms en ontstaan van familiebediening as die antwoord op al die hulpkrete om kinders effektief te bedien, gesien. In teorie word daar baie van familiebediening gemaak, maar in werklikheid is daar nie 'n deeglike omskrywing van wat familiebediening werklik is nie, en nog minder hoe dit in die praktyk toegepas moet word. 'n Bekende jeugwerker verwoord sy dringende soeke na 'n werkende definisie vir familiegebaseerde bedienings soos volg:

“If someone knows a simple definition of family-based youth ministry, please send it right away. I’ve read (and enjoyed) most of the books written on the subject. In fact, I can still remember reading ... *Family-based youth ministry* the

very week it was published ... However I'm still looking for that simple definition and practical handle on family-based youth ministry." [Burns 2010: 1]

Clark sê in aansluiting hierby: "Unlike other areas of ministry focus, family ministry emerged without any sort of across-the-board consensus of just what it is ... Because of this lack of common perception of family ministry, people responsible for family ministry in churches are often confused and frustrated." [1997: 13] Beckwith is van mening dat ouers week na week kerk toe kom saam met hulle kinders, maar die kerk verlaat met min of selfs geen toerusting van hoe hulle hul kinders geestelik kan toerus [2004: 103]. Strommen en Hardel het in 'n ondersoek in die VSA bevind dat sleg 7% van Christelike onderrigkoördineerders in die ses Protestantse denominasies ouers help om geloof in hul kinders se lewens te bevorder [2000: 97]. Bischoff maak in *Kerkspieël V* die gevolgtrekking dat daar in die NG Kerk ernstig besin sal moet word of daar in die praktyk genoegsame aandag aan familiebediening gegee word [1998: 31]. Dit is belangrik dat die kerk oor die omskrywing en doel van familiebedienings moet nadink, om die potensiaal wat hierdie bediening inhou ten volle te ontgin en in die proses ouers toe te rus vir die rol wat hulle as primêre opvoeders in hul kinders se spirituele ontwikkeling speel.

5.2.4 Kinderbediening is nie genoegsaam na buite gerig nie

Grobbelaar beweer dat daar nog nie voldoende statistiese navorsing is wat toon dat kinderbediening nie genoegsaam na buite gerig is nie, maar hy is van mening dat dit wel wil voorkom of die meeste gemeentes van die NG kerk se bediening aan kinders in baie opsigte na binne gerig is [2009: 366]. Bischoff en Schoeman vermeld dat die algemene beeld van die NG Kerk, volgens die *Kerkspieël* 2004, vertoon as 'n kerk waarin die meeste gemeentes min van hul missionêre roeping in die wêreld verstaan [2005: 21]. Wanneer Bischoff en Schoeman die vraag aan gemeentes vra oor wat die vier belangrikste doelwitte is waarop die kerkraad ooreengekom het in terme van die gemeentebediening, is die oorgrote meerderheid se eerste drie doelwitte op na binne-gerigte aksies, soos geestelike groei, erediensgroei, versorging en onderlinge omgee gefokus, terwyl na buite-gerigte aksies soos getuieis en uitreike laaste doelwitte is [2005: 22]. Bischoff en Schoeman kom tot die gevolgtrekking: "Gemeentes het 'n behoefte aan 'n behoorlike strategie en roeping, veral as missionêre gemeenskap. Te veel gemeentes funksioneer sonder 'n strategie en is net op oorlewing en instandhouding ingestel. 'n Behoorlike ingesteldheid op diens aan die gemeenskap ontbreek by baie

gemeentes.” [2005: 42] Wanneer daar in meer besonderheid na kinders gekyk word, bestaan daar ook ’n verkeerde kerksbegrip ten opsigte van kinderbediening. Withers noem in sy boek *Mission-shaped children* dat kinderbediening, ook verstaan as kinderkerk, gesien word as ’n versorgingsprogram wat op Sondagoggende in die kerkgebou plaasvind [2006: 13]. Kinderbediening is dus net gerig op die kinders wat na die kerk toe kom, in plaas daarvan dat kinderbediening uitbeweeg na waar kinders is en hulle in hul lewenswêreld ontmoet. Grobbelaar is van mening dat hierdie eksklusief na binne-gerigte sisteem in stryd met die oorspronklike doel van die Sondagsskool as sosiale uitreikaksie is, wat kinders buite die kerk wou evangeliseer. Hy haal vir Seymour (2004) aan as bevestiging: “Sunday schools were sponsored by both churches and philanthropic agencies for two purposes: (1) mission, the character building and evangelization of unschooled children, and (2) congregational education, the denominational formation of the children of church members.” [Grobbelaar, 2008:158] Die Lausanne Sendingkonferensie van 1974 het geen verwysing na kinders nie, behalwe om te sê dat alle mense ongeag ouderdom na die beeld van God geskep is. By die Lausanne Konsultasie oor Wêreldewangelisering in Thailand in 1980 is 23 werkwinkels oor verskillende onderwerpe soos die bediening van vlugtelinge, die bediening in die stad en die bediening aan die verskillende godsdiensgroepe van die wêreld aangebied, maar niks met betrekking tot die bediening van kinders nie. Stafford verwys na hierdie gebeure as die kerk se verwaarlosing van kinders [2005: 5-6]. Dit is belangrik dat die kerk ernstig moet nadink oor die missionêre roeping van die kerk, en in besonder hoe kinders deel is van hierdie missionêre roeping, sodat kinders tydens hul spirituele ontwikkeling ook groei kan ervaar deur ander te bedien.

5.2.5 Kinderbediening bestaan hoofsaaklik uit kategetiese en leer en lewe word nie genoegsaam geïntegreer nie

In kinderbediening word die klem grootliks op kategetiese geplaas en gevolglik spandeer kinderwerkers of leiërs in die bediening aan kinders meestal hulle tyd aan kategetiese arbeid. Nel wys daarop dat jeugbediening en kategetiese oorspronklik as twee afsonderlike amptbedienings beskou is en ook apart van “nie-amptelike” en “georganiseerde jeugwerk” staan. [2001: 51-58]. Alhoewel hierdie onderskeid teoreties onderskryf is, het dit in die praktyk so ontwikkel dat die bediening van kinders verskraal is tot slegs

kategese. Kategese, verstaan as “Christelike onderrig”, het daartoe gelei dat die bediening van kinders die vorm van ’n skoolmodel aangeneem het [Harkness, 1996: 4-6]. Met hierdie skoolse benadering is daar meer op die kognitiewe aspekte van spirituele ontwikkeling gefokus en minder op die affektiewe of ervaringsleer [Beukes, 1995: 13]. Reggie Joiner dui aan dat die meeste kerke soveel energie, tyd en geld aan beter en interessanter programme spandeer om kinders betrokke te hou, dat hulle vergeet dat kinders deur ervaring leer [2009: 206]. Hierop sê Joiner tereg: “If what they have heard doesn’t move from their heads to their hands, it will probably never make it to their hearts.” [2009: 209] Dykstra beklemtoon in aansluiting hierby die belangrikheid van onderrig of kategese wat nooit van aktiewe deelname in die praktyk of daaglikse lewe onderskei kan word nie [1999: 93]. Barna maak ondersteunende gevolgtrekkings na aanleiding van ’n studie wat hy in die VSA gedoen het oor waar predikante dink hulle daarin slaag om kinders se lewens te bereik [2003: 123-124]. In hierdie studie bevind hy:

1. Twee derdes van die populasie se Protestantse senior predikante verklaar dat die kerk ’n uitstekende werk doen om kinders te help om hulle geloof in Christus te erken en deel. Tog vind Barna dat ’n groot groep van die kinders wat kerk bywoon, nie hul Christenskap erken nie en nie met ander mense daaroor praat nie.
2. Vier vyfdes van senior predikante sê hul kerk slaag daarin om kinders te help verstaan wat aanbidding is en om daaraan deel te neem. Die Barna-groep se studies toon dat vier uit elke vyf kinders onder die ouderdom van dertien wat kerk bywoon, nie weet wat aanbidding is nie, en die groter meerderheid reken dat hulle nie God se teenwoordigheid ervaar nie.
3. Driekwart van die predikante met wie tydens die studie ’n onderhoud gevoer is, verklaar dat die kerk daarin slaag om vir kinders ’n bybelse wêreldsiening aan te leer. Die Barna-groep sê met sekerheid dat slegs vyf present van die kinders wat kerk bywoon en wedergebore is, teen die ouderdom van dertien ’n bybelse wêreldsiening het.

Grobbelaar is van mening dat die sterk pedagogiese gerigtheid van die kategese met sy klem op die kognitiewe daartoe lei dat die kategese neig om eerder ’n informatiewe as ’n transformerende stelsel te wees [2008: 161]. Nel sluit hierby aan as hy die mening uitspreek dat onderrig “’n baie formele, byna geoutomatiseerde transporter van informasie geword het. Hoe meer dit die geval is, hoe kleiner word die uitset in terme van

jongmense wat met besieling en uit oortuiging lidmate van gemeentes word.” [2001:137] Hy voeg daarby dat kinders in direkte verhouding tot die mate van versorging wat hulle in die kerk ervaar, leer. Dit is belangrik dat die kerk kinders in alle gemeentelike aktiwiteite betrek, en nie alleenlik in kategetiese nie, sodat leer en lewe geïntegreer kan word.

Na aanleiding van hierdie tendense wat in kinderbedienings voorkom, is dit ook belangrik om te let op die bedieningsmodelle waarvolgens kinders bedien word, en hoe hierdie tendense die modelle beïnvloed. Vervolgens word die huidige bedieningsmodelle bespreek.

5.3 Huidige kinderbedieningsmodelle

Bedieningsmodelle word met 'n tweevoudige doel aangewend: Dit word eerstens gebruik om verkennend en ontdekkend te wees, en tweedens word dit gebruik om verklarend te wees [Dulles, 1988: 24-26]. Bedieningsmodelle binne die gemeentelike konteks word gebruik om die bedieningsaktiwiteite waarby die lidmate en leierskapspele inskakel, te verken, patrone daarin te ontdek en moontlike verklarings vir die aanwending van die spesifieke aktiwiteite te bied. Bedieningsmodelle gee vir 'n mens insigte oor die onderliggende kerksbegrip en praktykteorieë wat daar binne die spesifieke bedieningsaktiwiteite bestaan. Wanneer daar meer spesifiek na kinderbedieningsmodelle gekyk word, help dit ons om insigte te ontwikkel rondom die onderliggende kerksbegrip en praktykteorieë waarmee ons kinders in die praktyk bedien. Hendriks waarsku egter dat 'n mens bewus moet wees van die veralgemening en vereenvoudiging van modelle, asook die eensydige klem wat in modelle voorkom, en dus moet 'n mens versigtig wees om nie te verwag dat 'n model in sy suiwer vorm direk in alle gemeentes toegepas kan word nie [1992: 13]. Bedieningsmodelle groei altyd vanuit 'n bepaalde konteks. Die konteks waarbinne 'n spesifieke gemeente homself bevind en die dominante denkpattone binne daardie gemeente, beïnvloed hoe die lidmate in die totale gemeente bedien word, en gevolglik dan ook hoe die kinders in die gemeente bedien word. Grobbelaar verduidelik hierdie konsep meer volledig aan die hand van 'n voorbeeld:

As die dominante denksisteem in 'n gemeente een is wat gedryf word deur die sug na persoonlike vervulling en sukses, sal 'n prestasiegerigte

bedieningsmodel ontwikkel waarin die klem sterk geplaas word op die ontwikkeling van elke kind as individu en op 'n kinderbediening wat maksimaal die geleentheid vir elke kind daartoe bied. In so 'n bedieningsmodel word daarna gestrewe om kinders in alle opsigte professioneel, suksesvol en met die beste en nuutste tegnologie te bedien. Indien die dominante denksisteem in 'n gemeente een is wat gedryf word deur die erkenning van die interafhanklikheid van mense en die soeke om die vervreemding van mense van mekaar te oorbrug, sal 'n bedieningsmodel ontwikkel wat met betrekking tot die bediening van kinders die klem sterk sal plaas op onder andere onderlinge verhoudinge, intimiteit en omgee vir mekaar. [2008: 145]

Bedieningsmodelle word ook mettertyd aangepas as gevolg van veranderende wêreld-omstandighede en gevolglik ook die denksisteme wat daarmee gepaard gaan. Vervolgens word daar gekyk na drie bedieningsmodelle vanuit die huidige konteks waarbinne Christelike gemeentes hulleself bevind, soos deur Grobbelaar voorgestel [2008: 145-156].

5.3.1 Bedieningsmodel 1: Ignorering en miskening

Eredienste word voorberei met 'n fokus op volwassenes en dit het tot gevolg dat kinders in hierdie eredienste geïgnoreer en misken word. Die kinders is teenwoordig in hierdie eredienste, maar hulle behoeftes word nie in ag geneem nie. Volgens die ou kultuurbeskouing word daar van kinders verwag om net stil te sit en nie gehoor te word nie, wat eintlik maar beteken dat daar van hulle verwag word om soos volwassenes in die erediens te moet optree. Soos Grobbelaar dit stel: "In 'n sekere sin word kinders hier net passiewe toeskouers by die ontmoeting tussen God en die volwasse lidmate van die gemeente." [2008: 146] In gemeentes waar kinders geïgnoreer en misken word, is die boodskap vir die grootste gedeelte van die erediens onverstaanbaar vir kinders. Dit is geen wonder dat kinders hierdie eredienste as vervelig ervaar nie. Sommige predikante skuil agter die verskoning dat hulle nie die gawe om met kinders te werk, ontvang het nie. Die probleem lê egter nie by die vaardigheid om met kinders te werk of om met hulle te kommunikeer nie; dit lê veel dieper in die wyse waarop daar in die gemeente oor kinders nagedink word. Ron Buckland sê tereg hieroor: "How we view the child actually governs how we do our work with them." [In Prest 1993: 2] Hierdie ignorering en miskening strek

ook verder as net in die erediens. In ander gemeentelike aksies soos kleingroepe, Bybelstudiegroepe en uitreike word kinders selde in ag geneem of betrek. In hierdie bedieningsmodel van ignorering en miskenning word kinders se gawes gering geskat en word hulle nie beskou as volle deelnemende lidmate van die gemeente wat bedien word en wat ook kan dien nie.

5.3.2 Bedieningsmodel 2: Fragmentasie en isolasie

Met die opkoms van die faseteorieë het mense al meer bewus geword van die verskillende fases van ontwikkeling. Dit het tot gevolg gehad dat kinders ook volgens hierdie spesifieke fases bedien is, en so ontstaan fragmentasie en isolasie in gemeentes. Met die groeiende bewuswording van die ontwikkelingsfases was daar meer aandag aan kinders se behoeftes gegee, en ook in gemeentes is daar erns gemaak met die bediening van kinders volgens hul spesifieke behoeftes deur aparte eredienste vir hulle. Die bedieningstyl waar kinders hulle eie aparte erediens het, bereik wel baie kinders aangesien dit uit gespesialiseerde kurrikulums bestaan wat spesifiek op kinders gemik is. Stafford is van mening dat alhoewel hierdie kurrikulums vir die kognitiewe leer waarde het, die pendulum dalk te ver in hierdie rigting geswaai het [2005: 64]. 'n Bedieningsmodel van fragmentasie en isolasie vir kinders het twee opsigtelik nadelige gevolge. Eerstens is daar min intergenerasionele interaksie in gemeentes wat die bedieningsmodel van fragmentasie en isolasie volg. In plaas daarvan om families saam te bind, word families gefragmenteer. Families word so uitmekaar gehaal wanneer hulle deur die kerkdeure stap dat hulle dit as “the most segregated hour of the week” ervaar [Prest, 1993: 10]. Die gevaar van so 'n bedieningsmodel is dat volwassenes 'n ingesteldheid ontwikkel dat hulle hul eie “volwasse godsdiens” uitoefen en dat die kinders ook ter selfde tyd hul “kindergodsdiens” by die kerk kan uitoefen. Beckwith reken dat die vooropgestelde idee in die meeste gemeentes is dat “regte” kerk net vir volwassenes bedoel is, en sulke gemeentes berus by die gedagte dat hulle kinders effektief bedien “when the children were being told Bible stories quietly in the basement of the church building while the adults were doing the important work of God upstairs” [2004:103]. Dit hou die gevaar in van die ontwikkeling van 'n ander spiritualiteit by die kinders as by die res van die gemeente.

Die tweede nadelige gevolg spruit vanuit die eerste. Wanneer kinders in 'n bedieningsmodel van fragmentasie en isolasie bedien word, word die infrastrukture ook so ingerig. Beckwith maak die stelling dat kinders die ingesteldheid ontwikkel van die erediens as 'n plek waar 'n mens vermaak moet word [2004: 151]. Baie klem word geplaas op goeie programmatuur en kurrikulums en soos Beckwith sê, moet daar altyd “bigger, better and glitzier” programme gevolg word om die kinders geïnteresseerd te hou [2004: 11]. Baie druk word op gemeentes geplaas om die regte jeugwerkers en leiers aan te stel om hierdie programme volhoubaar te maak. Dit het tot gevolg dat kinders nie meer tuis voel in die gewone erediens nie en dat kinders die beeld vorm van kerk as “waar ek voel ek behoort en waar ek gemaklik is”. Hierdie soort bedieningsmodel fragmenteer en isoleer kinders nog meer van die geheel en die eenheid van die geloofsgemeenskap, amper asof dit 'n “aparte gemeente” is wat binne die groter gemeente funksioneer.

5.3.3 Bedieningsmodel 3: Akkommodasie

Sommige gemeentes neem kennis van die probleem wat bedieningsmodel 1 en 2 inhou, en verkies dan om 'n bedieningsmodel van akkommodasie aan te wend. In sulke gemeentes woon kinders óf 'n gedeelte van die erediens by en daarna verdaag hulle om afsonderlike kategorie of kinderkerk te hê, óf kinders is tydens die hele erediens teenwoordig met 'n spesifieke moment waar daar net op die kinders gefokus word. Hierdie gemeentes probeer om volwassenes en kinders te akkommodeer. Of in 'n ander lig gesien is dit 'n erediens “met kinders”. Jensen sê die volgende hieroor: “While such moments are significant in recognizing children’s attention spans and varied learning styles, they also can become exercises in tokenism particularly if children are shuttled out the doors after the sermon for time away from worship.” [2005:113] Met die opkoms van familiebedienings het familiedienste meer gewild geraak, waar daar spesifieke eredienste op die kalender toegeken is vir hierdie “per-geleentheid-eredienste”. Hanekom stem saam dat daar groeiende belangstelling in familiedienste onder gemeentes is [2006: 9]. Hierdie eredienste word sterk op kinders gerig en ouers neem ter wille van hul kinders daaraan deel. Binne die groter gemeente beskou ander lidmate dié familiediens as eksklusief vir gesinne met kinders, en veral kleiner kinders, en woon die ouer lidmate van die gemeente nie hierdie eredienste by nie.

Die gevaar van 'n akkomoderende bedieningsmodel is dat kinders afgewaterde aandag ontvang en dat 'n verkeerde gemeentebeskouing ontstaan dat hulle darem iets vir die kinders doen. Beckwith antwoord hierop: "The mentality of accommodating children suggests that we need to do something *for* the children rather than saying we need to do something *with* the children." [2004: 158]

May et al. gee ook 'n deeglike beskrywing van verskillende spirituele ontwikkelingsmodelle wat tans bestaan. Die modelle word in kategorieë verdeel volgens die oogmerk en die doel, en dit sluit onderrigperspektiewe, aanbiddingsgerigte bedienings, modelle om ouers toe te rus en uitreikbedienings in [2005: 271-310]. May et al. beskryf die vyf modelle, aan die hand van metafore, soos volg [2005: 11-25]:

- **Skoolmodel:** Fokus op kennisinname en die vermoë om die inhoud te ken. Die kognitiewe word hier oorbeklemtoon, sonder om karaktervorming en die affektiewe in ag te neem.
- **Goeie ster/prysmodel:** Fokus op prestasie, toekennings en kompetisie. Hierdie model toon goeie korttermyn resultate, maar kinders wat op skool sukkel, voel minderwaardig in hierdie model en voel asof hulle nie goed genoeg is in God se oë nie. Eksterne motivering in die vorm van toekennings veroorsaak dat die kwaliteit van ontwikkeling en leer verminder, teenoor interne motivering wat kinders laat leer omdat hulle wil en omdat daar betekenis daarin lê.
- **Karnavalmodel:** Fokus op aktiwiteite, speletjies en handwerk. Hierdie model is baie vermaaklik en trek groot getalle kinders, maar kinders mis die heilige en verwonderingsaspek van God.
- **Pelgrimstogmodel:** Fokus op langtermyn-ervaringsleer en -prosesse waarvan kinders as medereisigers deel is, met die leiers as die gids. Hierdie model bied 'n holistiese benadering waar die kennis oor God en die ervaring van God gelykstaande is. Hierdie model word ook moeilik gemeet of ge-evalueer en min mense word hierdeur aangetrek.
- **"Dans-saam-met-God"-model:** Fokus op verhoudings, waar alle mense in die kind se lewe as middele gesien word om die bewustheid van God se

teenwoordigheid te bevorder. Hierdie model beklemtoon die konsep dat 'n mens spiritueel ontwikkel en groei, maar dit ontken die sonde-aspek.

Al hierdie bedieningsmodelle hou verskillende voordele en nadele in, maar tog kan dit nie aan gemeentes oorgelaat word om maar die beste een vir hul omstandighede te kies nie. Dit maak die dringendheid van verandering groter, en dié noodsaaklikheid word vervolgens bespreek.

5.4 Die noodsaaklikheid van verandering in kinderbedieningsmodelle

Beckwith se treffende aanhaling beklemtoon die dringendheid vir verandering in hoe ons oor kinderbediening nadink:

If we hope to have any effect on the spiritual formation of the children and the families that come to our churches in the next 50 years, children's ministry cannot continue as we know it. We need to be thinking about new paradigms, new ways of doing what we're doing, and we need to be thinking about it right now. If we don't, we'll soon find that we've become irrelevant to the families who live in the changing culture." [Beckwith 2004: 16-17]

Mark de Vries sluit aan by die standpunt dat die probleme van jeugbedienings nie in die struktuur van die aanbiedings lê nie, maar in die wyse waarop ons oor die bediening aan kinders nadink [1994: 32]. Dit is in direkte aansluiting by Beckham se uitspraak: "How we *do* church is directly related to how we *think* church." [1995: 18] Yeatts waarsku ook dat Christelike onderrig te veel gefokus is op die pragmatiese en praktiese, in plaas van die onderliggende teologie waarop die praktyke gebaseer word [In Harkness, 1996: 14].

Harkness identifiseer vyf sleutelaspekte en skuiwe wat dringend aandag in gemeentes behoort te kry. Gemeentes behoort, volgens hom, die volgende begrip van kerkwees aan te neem [1996: 233]:

- i. Gemeenskapsoriëntasie in plaas van individualistiese oriëntasies;
- ii. Lewensgesentreerde benadering in plaas van skoolgebaseerde benaderings;

- iii. Transformerend eerder as eksklusief informatief;
- iv. Lewenslank in plaas van verpak en gekonsentreerd;
- v. Aansporing en toerusting van lidmate om diensbaar in die gemeente en die hele gemeenskap te kan wees.

Harkness glo ook dat hierdie holistiese benadering slegs sal plaasvind in 'n konteks waar die hele gemeenskap betrokke is. Dit is dan nie vreemd as hy die volgende uitspraak maak nie: "Where members of a faith community are involved together, bringing their age-related perspectives as assets to understanding and responding to the community's calling, a greater corporate understanding of the mission of the community may result, with a deeper commitment to live out that mission." [1996: 46]. Dit sluit aan by Strommen en Hardel se oproep tot 'n nuwe bedieningsbenadering wat binne die een-en-twintigste-eeuse konteks gepas is, wanneer hulle sê: "(O)ne that is holistic and connects children, youth, family, congregation, community, and culture." [2000: 16]. Freudenberg verduidelik in sy boek *The family friendly church* hoe hy self as geestelike leier sy gedagtes moes verander van 'n kerkgesentreerde familie-ondersteunende bediening na 'n familie-gesentreerde kerkondersteunende bediening. Volgens Freudenburg moet ons nie programme in die kerk aanbied wat die families, waarvan die kind deel is, moet ondersteun nie; ons moet eerder gefokus wees op families, nie net by die kerk nie maar oral waar hulle gaan, en as kerk moet óns hulle ondersteun [1998: 27]. Hierdie benaderings van Harkness en Freudenburg help ons om na alle aspekte van spirituele ontwikkeling van kinders te kyk en nie net op kategetiese te fokus nie, maar dit help ons ook om 'n bedieningsmodel aan te neem wat kinders bedien waar ook al hulle is in die verskeie kontekste waarin hulle leef.

Du Toit gee erkenning aan skuiwe wat reeds in kinderbediening in Suid-Afrika plaasvind, en hy lys dit soos volg [2001: vi-vii]:

- Van programme na persone, prosesse en verhoudings;
- Van individu na 'n sisteem;
- Van gedeeltelike aanslag na holisme;
- Van feite na verhale, simbole en rituele;
- Van kennis na toepassing en van toepassing na geheelbeeld;

- Van boeke na elektronika en van woorde na ikone;
- Van plaaslik na internasionaal;
- Van generasieskeiding na generasies saam met mekaar;
- Van teorie na toepassing, na ervarings, na leer;
- Van twee leerstyle na agt leerstyle.

Nel pleit vanuit hierdie perspektief dat gemeentes 'n inklusiewe benadering tot die jeug as onderliggende teologiese uitgangspunt moet inneem [2001: 78]. Nel beklemtoon dat jeugbediening 'n omvattende bediening is en dus die verantwoordelikheid van die hele gemeente is [2001: 85]. Marais beklemtoon dieselfde saak as hy die noodsaaklikheid uitlig dat jeugwerk fundamenteel herdink en herontwerp moet word sodat integrasie tussen gemeentebediening en jeugbediening verwesenlik kan word [2003: 10]. Furnish gaan verder om agt sleutelaspekte te identifiseer waaraan daar aandag gegee moet word in die proses waarin kinderbediening herdink word, sodat kinders in die totale gemeentelewe geïntegreer kan word. Die agt sleutelaspekte volgens Furnish is [1993: 77-84]:

- i. Hoe die familielewe ondersteun kan word;
- ii. Hoe 'n geloofsgemeenskap vir kinders geskep kan word;
- iii. Hoe daar hulp aan kinders gegee word om te midde van verskeidenheid te kan groei;
- iv. Hoe kinders se sin vir geregtigheid versterk kan word;
- v. Hoe die Bybel en kinders se lewensvrae met mekaar verweef kan word;
- vi. Hoe om voorspraak te doen "vir" sowel as om te dien "met" kinders;
- vii. Hoe om leiers en rolmodelle te wees wat kinders nodig het;
- viii. Hoe om intergenerasionele eredienste te ontwikkel.

In die bogenoemde inligting is daar twee kernveranderinge ten opsigte van die bediening aan kinders wat uitstaan. Eerstens is 'n holistiese benadering tot kinderbediening noodsaaklik, wat kinders in hulle totale menswees bedien. En tweedens is 'n inklusiewe gemeentelike benadering as bedieningsmodel noodsaaklik om kinders as deel van die totale gemeentelewe tot reg te laat kom. Furnish beklemtoon ook die belangrikheid van kinderbediening as die hele gemeente se verantwoordelikheid, en dat dit nie net tot die

kategese hoort nie [1993: 73-75]. In hierdie afdeling is dit duidelik vanuit die literatuurgesprekke tussen verskillende navorsers dat dit noodsaaklik is vir gemeentes om nuut te dink oor die bediening aan kinders en om die huidige bedieningsmodelle te verander. Bunge bied 'n noukeurige voorstelling van hoe ons dieper teologies oor kinders kan nadink, wat noodwendig ook die wyse waarop ons kinderbedienings doen sal beïnvloed. Vervolgens word die teologiese begroning wat ook nuwe denke oor kinders se spiritualiteit tot gevolg kan hê, soos voorgestel deur Bunge, bespreek.

5.5 Teologiese begroning vir spirituele ontwikkeling in kinders

Bunge is van mening dat teoloë binne die Christelike tradisie gereeld in beperkte terme oor kinders en die kinderjare gepraat het, maar tog is daar ses sentrale maniere om oor kinders te praat soos dit in die Christelike tradisie bekend is. Wanneer ons opnuut na hierdie ses sentrale sienings oor kinderjare soos in die Christelike tradisie kyk, kan dit ons begrip oor kinders verbreed en ons verantwoordelikheid teenoor hulle versterk [Bunge, 2003: 13]. Vervolgens word daar na elkeen van hierdie ses sentrale sienings oor kinders, soos Bunge dit beskryf, gekyk [2004: 44].

Omdat die literatuur wat tot dusver bespreek is, relatief arm is aan teologies gegronde perspektiewe of riglyne vir kinderbediening, is daar nie 'n breë spektrum van bronne waaruit sulke riglyne gehaal kan word nie. Marcia Bunge bied egter 'n omvattende en skrifgesentreerde stel sienings oor kinders wat van groot waarde kan wees as 'n teologiese fondament waaruit riglyne vir kinderbediening gehaal kan word. In verdere navorsing kan verskillende outeurs en denkskole se perspektiewe van nut wees om hierdie teologiese begroning te verbreed en verdiep, maar vir die doeleindes van hierdie studie word daar in hierdie afdeling hoofsaaklik op Bunge se werk (wat weer na verskeie Bybelse en historiese teoloë en denkers verwys), gesteun.

5.5.1 Kinders as geskenke van God en 'n bron van vreugde

Heel eerste word kinders in die Bybel en binne die Christelike tradisie as geskenke van God, wat van God af kom en aan God behoort, en as die bron van vreugde en geluk beskryf. Baie teksgedeeltes in die Bybel verwys na kinders as 'n geskenk van God of as

'n teken van God se seën, byvoorbeeld waar Lea, Jakob se eerste vrou, van haar sesde seun praat as 'n bruidskat of 'n trougeskenk wat deur God gegee is [Genesis 30:20]. Talle ander gedeeltes wys dat ouers wat kinders as 'n spesiale geskenk ontvang, deur God "onthou" is [Genesis 30:22; 1 Samuel 1:11, 19] en van 'n "ryk erfenis" voorsien word [Genesis 30:11]. Om "vrugbaar" te wees – om baie kinders te hê – is om God se seën te ontvang. Die Psalmdigter sê kinders is 'n "erfenis" en 'n "beloning" van die Here [Psalm 127:3]. Alle kinders is 'n geskenk van God - of hulle biologies of aangenome is, hulle bly 'n geskenk wat van God af kom. Kinders is nie net 'n geskenk vir die ouers nie, maar ook vir die gemeenskap. Kinders is van hulle geboorte af deel van die gemeenskap en hulle speel verskeie en komplekse rolle binne die gemeenskap. Boonop sal hulle nie net 'n seun of dogter vir 'n ouerpaar word nie, maar ook 'n man of 'n vrou vir iemand, 'n vriend, 'n buurman of buurvrou vir iemand en ook burgers van die land. Bunge help ons om ons persepsie wat kinders as die alleenreg of alleeneiendom van ouers te beskou, aan te pas as sy sê: "Viewing children as gifts of God to the whole community radically challenges common assumptions of them as 'property' of parents or 'economic burdens' to the community." [2004: 45]

Gepaardgaande met die siening oor kinders as geskenke van God en as tekens van sy seën word daar ook in die Bybel en binne die Christelike tradisie na kinders verwys as 'n bron van blydschap en vreugde. Abraham en Sara verheug hulle in die geboorte van hul seun, Isak [Genesis 21:2]. Te midde van die vrees en angs wat Jeremia se pa, Gilkija, beleef het, het die nuus van Jeremia se seun wat gebore is, hom eens op 'n tyd "baie bly maak" [Jeremia 20:15]. 'n Engel het aan Sagaria en Elisabet belowe dat hulle kind "'n bron van blydschap en vreugde" vir hulle sal wees [Lukas 1:14]. In die evangelie van Johannes sê Jesus: "'n Vrou kry swaar wanneer haar tyd gekom het en haar kindjie gebore word. Maar wanneer die kindjie gebore is, dink sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld gekom het" [Johannes 16:21]. Ouers het in die verlede kinders gekry om verskeie redes, byvoorbeeld om die voortbestaan van die nasie te verseker of om die sekerheid te hê dat iemand vir hulle as bejaardes sou sorg, maar hierdie redes word nie meer vandag beklemtoon nie [Bunge 2004: 45]. Nietemin is daar vandag en in die verlede 'n gewaarwording dat die groot seën van interaksie met kinders vir 'n mens blydschap, vreugde en plesier besorg. Binne 'n gemeentelike konteks kan kinders die aandag kry wat hulle verdien as ons hulle volgens teologiese beginsels as

geskenke van God en 'n bron van vreugde sien. Dit is belangrik dat kerke hierdie uitkyk moet aanneem om kinders na waarde tydens hulle spirituele ontwikkeling te begelei.

5.5.2 Sondige skepsels en morele agente

Tweedens word kinders binne die Christelike tradisie as sondige skepsels en morele agente beskryf. Bunge haal vir Johannes Calvyn (1536/1975) aan wat sê kinders is 'n "...seed of sin; thus it cannot be but hateful and abominable to God..." [2004: 46]. Jonathan Edwards (1742/1972) skryf dat so onskuldig soos 'n pasgebore baba voorkom, "if they are out of Christ, they are not so in God's sight, but are young vipers, and infinitely more hateful than vipers" [Bunge, 2004: 46]. In Genesis staan daar dat "van sy jeug bedink die mens net slegte dinge", en wys dat elke mens se hart van kleins na die slegte neig [Genesis 8:21]. Die psalmdigter verklaar dat mense van geboorte af bewus is van hul sondige natuur en "slegte mense loop van geboorte af 'n verkeerde pad, vandat hulle in die wêreld gekom het dwaal hierdie bedrieërs af" [Psalm 51:5; 58:4]. Die apostel Paulus skryf: "Daar is nie een wat regverdig is nie ... daar is nie een wat na die wil van God vra nie ... almal het afgedwaal." [Romeine 3:10-12]

Op die oppervlak kan hierdie siening oor kinders as negatief en afbrekend voorkom. Natuurlike vrae wat hieruit ontstaan is: Watter goed kom daaruit voort om kinders, veral pasgebore babas, as sondige skepsels te beskou? Lei hierdie siening van sonde van geboorte af nie juis na die wrede en brutale hantering en behandeling van kinders nie? In sekere gevalle het hierdie klem op kinders se sondige natuur na kindermishandeling gelei, maar tog is dit nodig om krities te herbesin oor die gedagte dat kinders sondig van natuur is. Daar is vier kernaspekte in verband met die gedagte dat kinders sondig van natuur is wat ons kan help om nie 'n eng en destruktiewe siening van kinders te vorm nie:

- i. Wanneer daar in die Bybel en binne die Christelike tradisie na kinders verwys word as "sondig van nature", impliseer dit dat kinders van geboorte af in 'n "staat van sonde" in die wêreld inkom. Kinders se ouers is nie die perfekte vorm van liefde en geregtigheid nie; sosiale sisteme wat kinders ondersteun, soos skole en die regering, is nie vry van korrupsie nie; en die gemeenskappe waarbinne hulle leef, maak nie saak hoe veilig die gemeenskap is nie, bevat elemente van

- ongeregtigheid en geweld. Verder bevind die mens homself van geboorte af nie net in gebroke verhoudings met ander mense en instellings nie, maar die mens ervaar ook 'n gebrokenheid binne homself. Soos wat mense groei en ontwikkel en bewus word van hulle aksies, begin die mens óf selfgesentreerd raak, óf hulle beskou ander mense se goedkeuring van hul aksies as die belangrikste.
- ii. Om te sê dat kinders “sondig” is, beteken ook dat hulle daadwerklike sonde pleeg. Dit beteken dat kinders as morele agente somtyds vanuit 'n selfgesentreerde oogpunt sekere aksies neem wat skadelik vir hulself en die gemeenskap is. 'n Kind het die vermoë om tot 'n sekere mate verantwoordelikheid vir sy of haar aksies te neem. Hierdie “daadwerklike sonde” wat kinders pleeg – teen ander en hulself – se oorsprong lê in die “staat van sonde” en die mislukking om hul lewe op die goddelike te rig. In plaas daarvan om die lewe te rig op die “ewige” wat groter as die self is, word die lewe rondom “tydelike” doelwitte en prestasies gerig, soos beroepsukses, materiële besittings, fisiese voorkoms of die goedkeuring van ander. Wanneer die lewe rondom die “tydelike” gesentreer word, is dit maklik om selfgesentreerd te word en oorbodige aandag aan die self te skenk [Bunge, 2004: 47].
 - iii. Verskeie teoloë in die Christelike tradisie noem ook dat babas en jong kinders nie so sondig soos volwassenes is nie en daarom met teerheid hanteer moet word. Babas en jong kinders het nie soveel hulp nodig om hul naastes en God lief te hê nie. Teen hierdie ouderdom het hulle nog nie in slegte gewoontes verval nie en ook nie negatiewe gedagtes of gevoelens ontwikkel wat tot destruktiewe gedrag kan lei nie. Om dieselfde gedagte in 'n positiewe vorm te beskryf, is die idee dat kinders makliker as volwassenes gevorm word, en dit is makliker om hulle op te voed en op die regte pad te lei. Dié laasgenoemde gedagte is vir die meeste teoloë wat kinders as “sondig van natuur” beskou, die argument en rede tot die gevolgtrekking dat kinders nie fisies bestraf of onmenslik hanteer mag word nie. Soos Bunge hierdie teoloë se siening noem, “...they view them as ‘tender plants’ that need gentle and loving guidance and care instead of harsh treatment...” [2004: 47].
 - iv. Sommige teoloë wat kinders as “sondig van natuur” beskou, sien hulle ook as gelykes, en dus word alle grense van geslag, ras, kultuur en ouderdom oorsteek. Bunge verwys na A.H. Francke se werk waar hy armer kinders van die gemeenskap toegelaat het om saam met die ryker kinders van dieselfde

gemeenskap aan universiteitsonderrig deel te neem – iets wat in daardie tyd ongehoord was. Francke se siening oor oersonde het 'n positiewe raamwerk gevorm waardeur armer kinders wat ook talente het, tot onderrig toegelaat is.

Alle mense is “sondig van natuur”. Om teologies na te dink oor kinders as “sondig van natuur”, help ons om ons plig teenoor hulle ernstig op te neem, sodat hulle tydens hul spirituele ontwikkeling begelei kan word om nie selfgesentreerde aksies te neem en besluite te maak nie, maar eerder op te tree in 'n wyse wat vir hulself en die hele samelewing opbouend is. Binne 'n gemeentelike konteks kan hierdie teologiese siening oor kinders ons help om kinders tydens hul spirituele ontwikkeling op die Goddelike gerig te hou.

5.5.3 Ontwikkelende wesens wat onderrig en leiding nodig het

'n Derde sentrale perspektief binne die kerktradisie is dat kinders ontwikkelende wesens is wat onderrig en leiding nodig het. Kinders het versorging en leiding van volwassenes nodig om hulle te help om intellektueel, moreel en spiritueel te groei “op die weg” om volwassenes te word. Kinders moet die basiese vaardighede van lees, skryf en kritiese denke aanleer. Hulle moet ook geleer word wat reg en verkeerd is, en moet waardes en gewoontes aanleer wat hulle in staat stel om korrek op te tree, om vriendskappe te ontwikkel en om tot die welstand van die samelewing by te dra. Die Bybel moedig volwassenes aan tot hierdie taak om kinders te begelei “op die weg” na volwassenheid. In Genesis, Spreuke, Deuteronomium en Efesiërs is daar verskeie teksgedeeltes oor die verantwoordelikheid van volwassenes om kinders te versorg en onderrig. Die opdrag aan volwassenes in Spreuke is: “gee leiding aan jongmense oor hoe hy moet leef” [Spreuke 22:6] en volgens Efesiërs: “maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil” [Efesiërs 6:4]. Kinders moet die woorde van die Here en die wet leer ken [Deuteronomium 11:18-19; 31:12-13], hulle moet leer om die Here met hul hele hart lief te hê [Deuteronomium 6:5], en hulle moet leer “wat regverdig en reg en billik is” [Spreuke 2:9].

Daar is ook baie voorbeelde van verskeie teoloë wat die erns van kinderonderrig beklemtoon het. Bunge verwys na John Chrysostom wat in die vierde eeu preke oor ouerskap geskryf het. Hy het die gesin of die huis as 'n “klein kerkie” beskou en volgens

hom was nalatigheid in ouerskap of die onvermoë om in kinders se behoeftes te voorsien, een van die grootste onregte wat aan kinders gedoen kan word. Luther en Calvyn het ook kategismes geskryf oor die verantwoordelikheid van ouers om hul kinders in die geloof te onderrig [Bunge, 2004: 48]. Volwassenes moet aan die “totale wese” van ’n kind aandag gee en hulle moet kinders opvoed in ’n lewe van geloof wat hulle help om karakter te bou, morele bewusheid te vorm en ’n gevoel van medeverantwoordelikheid tot die samelewing te ontwikkel.

5.5.4 Volle mens en na die beeld van God gemaak

Alhoewel kinders nog besig is om te ontwikkel, is hulle terselfdertyd reeds volledige mense wat na die beeld van God gemaak is. Die feit dat kinders ten volle mens is wat na die beeld van God gemaak is, maak hulle waardig om met respek en menswaardigheid behandel te word. In Genesis 1:27 vind ons die begroning vir hierdie sentrale perspektief rondom kinders. Genesis 1:27 sê dat God die hele mensdom na sy beeld geskep het. Op dié manier is alle kinders, afgesien van hul ras, geslag of klas, volle mens en respek waardig. Hierdie sentrale perspektief word gereeld in die Christelike tradisie verwaarloos, en in die kerklike tradisies word daar na kinders verwys as “amper mens” of “monsters” of “besig om in mense te ontwikkel” [Bunge, 2004: 49]. Karl Rahner, die twintigste-eeuse Katolieke teoloog, het die belangrikheid van kinders se volle menslikheid beklemtoon. Bunge verwoord Rahner se ingesteldheid teenoor kinders as “children have value and dignity in their own right and are fully human beings from the beginning ... thus (to) be respected from the beginning of life. They are a ‘sacred trust’ to be nurtured and protected at every stage of their existence.” [Bunge, 2004: 49] Binne ’n gemeentelike konteks is dit belangrik om die teologiese beginsel van kinders as volle mens, geskape na die beeld van God, ernstig op te neem sodat kinders na waarde in kinderbediening hanteer word.

5.5.5 Toonbeeld van geloof en bronne van openbaring

In die Nuwe Testament word kinders op ’n verbasende en selfs ’n radikale wyse beskryf as morele getuies, toonbeeld vir geloof vir volwassenes, bronne of instrumente van openbaring en as verteenwoordigers van Jesus. In die evangelies vind ons hoe Jesus kinders seën; hulle omhels en dié wat hulle verhinder, wegwys; hulle genees en gesond

maak; en hulle selfs verhef as voorbeelde vir geloof. Jesus identifiseer homself met kinders en tref die vergelyking dat dié wat kinders in sy Naam verwelkom, Jesus self en die Een wat Hom gestuur het, verwelkom. Jesus waarsku: “As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.” [Matteus 18:3]. Jesus sê ook: “Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.” [Matteus 19:14] In die eerste eeu het kinders ’n lae posisie in die samelewing ingeneem. In daardie tyd was dit nie as ’n sonde beskou om kinders te verwerp nie. Kinders was nie as toonbeelde vir geloof beskou nie, en selfs vandag is dit nie algemeen bekend dat volwassenes by kinders kan leer nie. Volgens Bunge is Frederich Schleiermacher, die negentiende-eeuse Protestantse teoloog, een van die teoloë wat volwassenes se vermoë om by kinders te kan leer, beklemtoon het. Vir Schleiermacher was dit belangrik dat volwassenes ’n kinderlike gees of ingesteldheid moet aanneem [Bunge, 2004: 49]. Binne ’n gemeentelike konteks is dit belangrik dat die teologiese beginsel van kinders as toonbeeld en bron van openbaring in ag geneem moet word, sodat kinders deel gemaak word en betrek word in die totale gemeentelike lewe omdat ons ook by hulle kan leer.

5.5.6 Weeskinders, naastes en vreemdelinge wat ontferming en geregtigheid nodig het

Laastens is daar baie teksgedeeltes in die Bybel en voorbeelde vanuit die Christelike tradisies wat ons daaraan herinner dat kinders weeskinders, naastes en vreemdelinge is wat met deernis en geregtigheid moet hanteer word. Baie teksgedeeltes gee vir ons die opdrag om na weduwees en weeskinders om te sien - na daardie gedeelte van die samelewing wat die kwesbaarste is [Eksodus 22:22-24; Deuteronomium 10:17 en 14:28-29]. Hierdie teksgedeeltes en ook ander wys vir ons dat ontferming oor en versorging van kinders is om geregtigheid na te streef en om jou naaste lief te hê. Binne die Christelike tradisie is daar menige voorbeelde van geestelike leiers wat die erns van armoede onder kinders benadruk het. Bunge verwys na Martin Luther en Phillip Melancton wat die reformasie in Duitsland aangemoedig het om dogters en arm kinders ook in die beleid van onderrig in te sluit. Francke, die agtiente-eeuse Peïtis, het baie aandag aan arm kinders gegee en aan hulle en hul gesinne se behoeftes voorsien deur hospitale, skole en weeshuise te bou. John Wesley, die stigter van Metodisme, het ook in besonder aandag aan die arm kinders van die samelewing gegee. Die konkrete manier waarop hy

homself oor die arm kinders ontferm het, het baie Metodiste in die verlede, sowel as vandag nog, geïnspireer [Bunge, 2004: 50]. Die Bybelse opdrag om vir kinders, weduwees en armes te sorg, beklemtoon ons verantwoordelikheid teenoor die versorging van kinders en ons moet dus noodwendig hierdie teologiese beginsels in gemeentes in ag neem, om kinders na waarde tydens hulle spirituele ontwikkeling te versorg.

Hierdie ses sentrale sienings oor kinders volgens Bunge help om kinders nie as “mense-in-wording” te sien nie, maar as volwaardige mense wat “reeds is”. Hierdie siening help ons met ons teologiese nadenke oor hoe ons kinders sien, maar dit kan nie net by teoretiese nadenke bly nie en moet ook verder in kinderbediening toegepas gaan word. Vervolgens word alternatiewe kinderbedieningsmodelle bespreek wat hierdie teologiese perspektiewe oor kinders se spiritualiteit in ag neem.

5.6 Geloofspraktyke wat spirituele ontwikkeling bevorder

Op grond van die voorafgaande gedeelte waar daar gevind is dat die bediening aan kinders die verantwoordelikheid van die hele gemeente en selfs die hele gemeenskap is en dat kinders in hul holistiese bestaan bedien moet word, kan die vraag nou gevra word: Hoe kan 'n gemeenskap hierdie verantwoordelikheid ten beste nakom en watter aksies of praktyke kan ons beoefen om kinders holisties te bedien? Bunge noem dat daar tien praktyke in die Christelike tradisie uitgewys word wat die morele en spirituele lewens van kinders versorg [2008: 355]. Hoewel hierdie praktyke erken word vir die invloed wat dit op kinders se spirituele ontwikkeling het, is dit steeds nie 'n waarborg dat kinders “goed sal uitdraai”, getroue gelowiges sal bly of diensgerigte en medelydende volwassenes sal word nie. Sosiale en sielkundige studies gee wel erkenning aan die waarde van spirituele ontwikkelende praktyke vir kinders en ook volwassenes [Bunge, 2008: 355]. Bunge beskryf die tien beste praktyke om kinders se spirituele ontwikkeling te bevorder soos volg [2008: 355-358]:

- i. **Lees en bespreek die Bybel met kinders:** Chrysostom, Luther, Calvyn, Schleiermacher, Busnell en vele ander Christelike teoloë beklemtoon die belangrikheid daarvan om saam met kinders die Bybel te lees te bespreek. Bunge

- beskryf die Bybel as 'n "goudmyn" vol eindelose skatte wat kinders kan ontdek deur die lees, herlees en interpreteer van die Bybel [2008: 355].
- ii. **Gebed en aanbidding:** Teoloë bevestig hoe belangrik gebed en aanbidding is en hulle wy hul aandag daaraan om gebede vir kinders te skryf vir byvoorbeeld by maaltye, vir bed-toe-gaan-tyd en ook vir sekere seisoene of liturgiese rituele soos Advent, Lydenstyd, Pinkster en Kerfees.
 - iii. **Stel kinders aan goeie voorbeelde bloot:** Christelike teoloë erken die belangrikheid van 'n goeie voorbeeld in kinders se lewens.
 - iv. **Deelname aan bedieningsprojekte en onderrig in finansiële verantwoordelikheid:** Strommen en Hardel het deur 'n studie bewys dat deelname aan gemeenskapsprojekte en diensbaarheid vir die hele samelewing 'n groter effek op spirituele volwassenheid het as deelname aan Sondagskool, Bybelstudie of eredienste [2000: 95]. Bunge wys ook uit dat verantwoordelike beheer van finansies met diensbaarheid gepaard gaan. Sy noem dat daar meer winkelsentrums as skole in Amerika is en dat baie kinders weens kredieteskuld nie skool voltooi nie [2008: 356]. Kinders moet geleer word om geld verantwoordelik te gebruik en om ander mense in nood daarmee te help.
 - v. **Lofsang:** Luther beklemtoon die belangrike rol van musiek en kunste in spirituele ontwikkeling van kinders. Hieroor sê hy: "I would like to see all the arts, especially music, used in the service of Him who gave and made them. I therefore pray that every pious Christian would be pleased with this and lend his help if God has given him like or greater gifts." [Luther in Bunge, 2008: 356]
 - vi. **Die natuur as verwysing:** Vele teksgedeeltes in die Bybel beklemtoon die goedheid van die skepping, die belangrikheid van kontak met die natuur en om na die wildernis te gaan vir spirituele hernuwing, heling en om tot insigte te kom.
 - vii. **Onderrig en beroepskeuses:** Protestantse teoloë soos Luther en Francke is oortuig dat 'n mens kinders se spiritualiteit versorg wanneer 'n mens hulle help om hul gawes te ontdek en dit te ontwikkel sodat hulle dit kan gebruik om vir ander lief te wees en hulle daarmee te dien. Bunge haal vir Luther aan, wat van mening is dat geen kind van die voorreg ontnem mag word om goeie onderrig en opvoeding te kry nie, sodat hulle God in die wêreld kan dien [2008:357].
 - viii. **Bevordering van 'n lewensgehalte- ingesteldheid teenoor die liggaam, seksualiteit en die huwelik:** Kinders moet van kleins af leer dat om hul liggame te versorg, eer bring aan God, in teenstelling met die verkeerde boodskappe wat

die media hieroor versprei. Kinders moet ook die ware konteks vir die uitlewing van hul seksualiteit verstaan in terme van die wonder van die instelling van die huwelik wat God vir ons gegee het.

- ix. **Luister na en leer by kinders:** Volwassenes bevorder ook spirituele ontwikkeling in kinders deur na hulle vrae, insigte en bekommernisse te luister. Volwassenes moet beseft dat kinders ook hulle as grootmense se geloof kan help verryk, verdiep en uitdaag.
- x. **Erken beperkinge van ouerskap:** Vele studies bewys dat ouers die grootste invloed op kinders se spirituele ontwikkeling het en verskeie teksteweise bevestig ook die primêre verantwoordelikheid van ouers teenoor hulle kinders. Alhoewel ouers hierdie outoriteit oor hulle kinders het, is daar ook ander rolspelers in kinders se lewens en is dit belangrik dat kinders respek vir politiese en kerklike outoriteit aanleer.

Dykstra verwys ook na dieselfde praktyke om spirituele ontwikkeling in kinders te bevorder, met 'n paar aspekte in meer besonderhede uitgesonder word [2005: 42-43]:

- i. Aanbidding;
- ii. Vertel van stories;
- iii. Interpretasie van die Bybel;
- iv. Gebed;
- v. Skuldbelydenis;
- vi. Verdra ander se mislukkinge en moedig mekaar aan tot die beroep wat elkeen moet uitleef;
- vii. Diensbaarheid en getuieis;
- viii. Gee van gawes en geld;
- ix. Ly saam met en vir alle medegelowiges soos Jesus vir ons gewys het;
- x. Toon gasvryheid aan almal;
- xi. Luister en praat oor spirituele ervarings;
- xii. Kom saam met die geloofsgemeenskap tot 'n verstaan van die konteks waarbinne ons lewe;
- xiii. Kritiseer en bied weerstand teen enige magte wat die skepping en die mensdom van God vernietig;

- xiv. Werk saam as gemeenskap om sosiale strukture en organisasies te ontwikkel wat die wêreld volgens God se wil bevorder.

'n Opvallende byvoeging van Dykstra teenoor Bunge se praktyke, is storievertelling. Yust brei verder uit oor die belangrikheid van stories vertel en watter impak die verhale waarvan ons deel is, op spirituele ontwikkeling het. Sy baseer haar oortuiging van die belangrikheid van verhale op die werk van Walter Brueggemann en onderskei vyf aspekte van verhale wat belangrik is vir 'n maksimale impak op kinders se spirituele ontwikkeling [Yust, 2004: 43-66]:

- i. Kinders moet *ontvanklik* wees vir die spirituele storie van liefde en verlossing deur die medelydende sorg van hulle ouers en die gemeenskap;
- ii. Kinders moet gereeld die storie van hul spirituele tradisies *hoor* en dit aan hulle daaglikse lewe verbind;
- iii. Kinders moet die geloofsverhale en hul eie persoonlike spirituele stories *vier* tydens spesiale vakansies;
- iv. Kinders moet gemeenskapsprojekte en gemeenskapsversorging erken;
- v. Kinders het die geleentheid nodig om hulle spirituele stories in hul eie woorde te *vertel*, vir ander mense en vir God in gebed;
- vi. Kinders moet *deel gemaak* word van die stories en hulle moet die storie *word* as “geskiedenismakers” wie se woorde en daede tot die welstand van die hele samelewing bydra.

Yust help om ons die belangrikheid van verhale in die proses van spirituele ontwikkeling te herken. May en Stonehouse is van mening dat kinders daarvan hou om uit te vind hoe goed werk en wat dit is, wie hulleself is deur stories, asook wie hulle is deur die stories van hulle ouers. Hierdie stories help kinders om betekenis en 'n verstaan van hulself, ander en die wêreld te vorm [2008: 367]. Beckwith bespreek in die eerste helfte van haar boek *Formational children's ministry* die belangrikheid van die kind en die storie van God, die kind en die storie van die kerk, die kind en die storie van die geloofsgemeenskap, en die kind en die storie van geloof. Hierdie uitgebreide aandag wat sy aan die invloed van stories op kinders se spirituele ontwikkeling bestee, beklemtoon die belangrikheid van stories as deel van spirituele ontwikkeling [2012: 1-69]. Mark Yaconelli sê tereg hieroor:

The stories of scripture are windows into the nature of God and humanity and our relationships to one another. They are stories that help us repent, heal, learn, grow, and stretch toward God's love and wholeness ... It [Scripture] helps us name our experience and points us to deeper ways in which we can experience God's love and compassion for humanity. [2006: 207]

Grobbelaar wys vyf prosesse uit wat tydens hierdie praktyke onderliggend aan die spirituele ontwikkeling staan, naamlik [2008: 469-471]:

- i. Groei
- ii. Koestering
- iii. Sosialisering
- iv. Vorming
- v. Genesing

Hierdie vyf prosesse wat tydens spirituele ontwikkeling gebeur, stem dan ook ooreen met Yacconelli se bogenoemde aanhaling. Al die geloofspraktyke, soos genoem deur Bunge, Dykstra en Yust, bring een of meer van hierdie vyf prosesse, soos deur Grobbelaar uitgewys, tot stand. Na aanleiding van die verskillende bedieningsmodelle en die verskillende praktyke wat kinders help om spiritueel te ontwikkel, is dit dan belangrik om te kyk hoe ons kinderbediening moet verstaan. Vervolgens word voorstelle gemaak, wat hierdie teologiese perspektiewe oor kinders se spiritualiteit in ag neem, om bestaande kinderbedieningsmodelle te evalueer.


5.7 Voorstelle om bestaande kinderbedieningsmodelle te evalueer

Anthony stel voor dat kinders se spirituele ontwikkeling ten beste verstaan word deur die reeds bestaande spirituele ontwikkelingsmodelle krities te evalueer. Anthony gebruik 'n paradigma waarbinne die bestaande bedieningsmodelle verstaan kan word [2006: 1]. Die paradigma bestaan uit twee geïntegreerde modeltipologieë: Kolb se geleerdheidsiklus en Holmes se tipologie oor Christelike spiritualiteit. May (2005: 261) verkies Kolb se geleerdheidsiklus vir die waarde wat dit inhou in terme van hoe kennis verduidelik word, maar Berryman (1991: 162) verkies weer Holmes se tipologie omdat dit mense in

“denkende-voelende” en “geslotenheid-openheid” verdeel en vir die waarde wat daaraan verbonde is.

5.7.1. 'n Paradigma om spirituele ontwikkelingsmodelle te onderskei

Die paradigma van Anthony kan soos volg diagrammaties voorgestel word:



Figuur 5.1: Modelle van kinders se spirituele ontwikkeling [Anthony, 2006: 36]

Kolb se geleerdheidsiklus bestaan uit twee asse wat kruis en vier leerkomponente vorm, naamlik: Ervaar (aktiewe uitdrukking); Reflekteer (reflektiewe waarneming); Dink (kognitiewe redenering); en Doen (aktiewe deelname). Hierdie vier aksies dui die wyse waarop kinders nuwe inligting prosesseer en ervaar, aan. Kolb plaas *ervaring* en *denke* aan die bo- en onderkant van die vertikale as, en *refleksie* en *aksie* aan weerskante van die horisontale as. Kolb stel voor dat hierdie vier aksies die voorkeure van kinders is waarvolgens hulle leer [2005: 261]. Holmes maak ook gebruik van twee kruisende asse in sy tipologie. Op die vertikale as verbind Holmes “om te dink” met ‘n *aktiewe* benadering en “om te voel” met ‘n *passiewe* benadering. Die horisontale as verteenwoordig kennis van God deur jouself “leeg te maak” van beelde aan die een kant van die as, en aan die ander kant van die as om beelde te “visualiseer”. Berryman is van mening dat kinders se spiritualiteit heel en kreatief is wanneer al vier hierdie gedeeltes in

balans is [1991: 162]. Anthony gebruik hierdie paradigma om kinders se spirituele ontwikkeling te verstaan en hy is van mening dat die twee elemente geïntegreer moet word om die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling te verstaan [2006: 33]. Verder maak Anthony die volgende stelling:

The four quadrants revealed by overlapping these two axes form a basis for helping us understand how children come to faith in Christ and grow in their relationship to him. In the midst of so many mind-numbing individual differences, the diagram Models of Children's Spiritual Formation allows us to view spiritual formation from a larger perspective so we can understand what's taking place inside the heart and mind of the believer. [2006: 35]

Anthony se paradigma bestaan uit vier afdelings waarin die oorhoofse spirituele ontwikkelingsmodelle val. Anthony beskryf die vier afdelings soos volg [2006:1-37]:

- i. **“Instructional-analytic model”**: Die model word gebaseer op 'n kognitiewe basis vir ontwikkeling en word gekenmerk deur Skrifherhaling, Bybelse onderrig en 'n geleidelike beloningsstelsel. In die model word 'n sterk klem op die Skrif geplaas.
- ii. **“Contemplative-reflective model”**: Die model word eerder op verhoudings as op Bybelse onderrig en -inligting gebaseer en word gekenmerk deur gebed, refleksie in stilte en stories vertel. Die model fokus daarop om kinders in verwondering voor God te laat en werk die beste wanneer die groepe kleiner is.
- iii. **“Pragmatic-participatory model”**: Die model fokus daarop om spirituele ontwikkeling te modelleer en as voorbeeld uit te leef deur informele leer en demonstrasies. Die gedagte is: soos Jesus in voorbeeld geleef het, so moet kinders ook sy voorbeeld volg.
- iv. **“Media driven active-engagement model”**: Die model is gebaseer op ontdekking en beklemtoon gesamentlike leer. Die bedieningsmodel werk vanuit die beginsel dat die groep wat bedien word, se unieke kenmerke in ag geneem moet word. Media, as bekende kultuurverskynsel, word as wegspringblok vir kinders se spirituele ontwikkeling gebruik.

Hierdie verskillende benaderings tot die bedieningsmodelle bied vir ons 'n waardevolle lens waardeur die bediening aan kinders beskou kan word. Tog sê Ellis tereg dat daar


geen perfekte bedieningsmodel bestaan om kinders in die kompleksiteit van hul spirituele ontwikkeling volkome te begelei nie, maar ons kan steeds in die wete berus dat God aan die werk is binne hierdie bediening ten spyte van ons menslike tekortkomings en foute [Ellis, Baumgart & Carper, 2006: 96]. Graves sê in ooreenstemming hiermee dat spirituele ontwikkelingsmodelle wat gesamentlik werk, kan help om kragtige transformasie onder kinders te bewerkstellig [2006: 158]. Die oogmerk en die doel van die kinderbediening speel steeds 'n belangrike rol en May *et al.* vind die Frankena-model behulpzaam.

5.7.2 Die Frankena-model: Riglyne om 'n kurrikulum saam te stel

Die spesifieke bedieningsmodel wat gekies word, hang van die kurrikulum en die bediening se doelwitte af. Die kurrikulum wat gebruik word is 'n praktiese middel vir die kinderbediening, teenoor die Frankena-model, 'n intellektuele middel wat benut word om 'n kurrikulum te kies. Die Frankena-model word gebruik om die doelwitte van die kinderbediening vas te stel en om seker te maak dat die hele bediening in lyn met hierdie sentrale uitgangspunte is [May *et al.*, 2005: 258-288]. Volgens Anthony kan spirituele ontwikkeling nie as 'n middel gebruik word om by 'n eindresultaat uit te kom nie [2006: 7]. Die Frankena-model is op Christelike beginsels gebaseer, naamlik dat om deur Bybelse kennis te weet wie God is, nie genoegsaam is nie – dis deur 'n lewende verhouding met God wat 'n mens God leer ken. Die filosofie van die Frankena-model bestaan uit vyf interafhanklike vrae wat vir kinderbedienings in enige konteks as onderliggende filosofie kan dien. May *et al.* omskryf die vrae soos volg [2005: 285-286]:

- i. Wat is die fundamentele doelwit van die bediening?
- ii. In watter konteks bestaan hierdie bediening? (geloofsoortuigings oor God en kinders)
- iii. Watter waardes moet kinders ontwikkel?
- iv. Op watter manier word karaktervorming en onderrigontwikkeling bevorder?
- v. Watter bedieningservaring moet geskep word om hierdie doelwitte te bereik?

May *et al.* sê dat wanneer hierdie vrae as vorms gesien word wat met mekaar praat, dit soos volg voorgestel kan word [2005: 287]:



Figuur 5.2: Die Frankena-model [May et al., 2005: 287].

Hierdie vrae in die Frankena-model kan kinderbedienings in enige konteks help om kinders doelgerig te bedien en om gefokus te bly op die doel waarom hulle kinders bedien.

Dié twee benaderings, soos in hierdie afdeling bespreek, is na my mening gepas om die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling aan te spreek en om hulle as volwaardige mense in die samelewing tot reg te laat kom. Anthony se paradigma maak voorsiening vir die denkende, voelende, reflekerende en aksie-nemende aspekte

waarbinne kinders spiritueel ontwikkel, en die Frankena-model maak voorsiening vir die onderliggende teologiese doel waarom kinders bedien word. Tog is dit belangrik om te waak teen die vooropgestelde idee dat slegs hierdie twee benaderings gepas is om al die behoeftes van kinders se spirituele ontwikkeling aan te spreek, en moet daar ruimte gelaat vir die ontwikkeling van nuwe modelle. Vervolgens word gepoog om in die laaste hoofstuk voorstelle te maak vir kinderbediening, in die lig van die voorafgaande bespreking van teologiese perspektiewe, geloofspraktyke en evaluasie van kinderbedieningsmodelle.

5.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat sekere tendense in kinderbediening bestaan en hierdie tendense kan as die oorsaak gereken word waarom kinders oneffektief binne 'n gemeentelike konteks bedien word. Die feit dat kinderbediening nie 'n hoë prioriteit is nie, dat geloofsvormende invloede van ouers ontbreek, dat familiebediening nie tot sy reg kom nie, dat kinderbediening nie genoegsaam na buite gerig is nie en dat kinderbediening hoofsaaklik uit kategetiese bestaan en leer en lewe nie genoegsaam geïntegreer word nie, het tot gevolg dat kinderbedieningsmodelle binne gemeentes oneffektief is. Die kinderbedieningsmodelle wat tans in gemeentes bestaan, ignoreer en misken kinders in die totale gemeentelike aksies en so word kinders se gawes gering geskat en word hulle nie as volle deelnemende lidmate van die gemeente wat bedien word en wat ook kan dien, beskou nie. Huidige kinderbedieningsmodelle fragmenteer en isoleer kinders waar hulle afsonderlik bedien word, wat tot gevolg het dat kinders nog meer van die geheel en die eenheid van die geloofsgemeenskap afgesonder word, amper asof dit 'n "aparte gemeente" is wat binne die groter gemeente funksioneer. Huidige bedieningsmodelle akkommodeer ook kinders tydens gemeentelike aksies wat afgewaterde onderrig en aandag aan kinders tot gevolg het en ook 'n verkeerde gemeentebeskouing by kinders skep. 'n Dringende behoefte vir verandering is in die hoofstuk aangedui en vanuit die noodsaaklikheid van verandering staan twee kernveranderings ten opsigte van kinderbediening uit. Eerstens is 'n holistiese benadering as bedieningsmodel noodsaaklik, wat kinders in hulle totale menswees bedien. Tweedens is 'n inklusiewe gemeentelike benadering noodsaaklik om kinders as deel van die totale gemeentelewe tot reg te laat kom.

Om die probleem van huidige kinderbedieningsmodelle aan te spreek en te transformeer tot nuwe bedieningsmodelle, is dit noodsaaklik om teologies na te dink oor kinders en hierdie teologiese begroning in nuwe bedieningsmodelle in ag te neem. Bunge bied ses sentrale sienings rondom kinders wat grondige teologiese beginsels vir ons uitwys, sodat ons kinders na waarde ag en as “volle mens” en nie as “mense-in-wording” sien nie. Met hierdie teologiese beginsels as agtergrond word alternatiewe kinderbedieningsmodelle voorgestel. Anthony stel ’n paradigma voor om spirituele ontwikkelingsmodelle krities te evalueer. Hy gebruik Kolb se geleerdheidsiklus en Holmes se tipologie oor Christelike spiritualiteit om hierdie paradigma saam te stel. Anthony se paradigma maak voorsiening vir die denkende, voelende, reflekerende en aksie-nemende aspekte waarbinne kinders spiritueel ontwikkel, en die Frankena-model maak voorsiening vir die onderliggende teologiese doel, naamlik waarom kinders bedien word. Ten spyte van die verskillende sienings oor watter bedieningsmodelle die mees gepas vir kinders se spirituele ontwikkeling is, is daar ooreenstemming oor watter geloofspraktyke ’n invloed op kinders se spirituele ontwikkeling het. Hierdie geloofspraktyke help ons verstaan wat ons dan onder kinderbediening binne ’n gemeentelike konteks moet verstaan. Osmer se normatiewe taak het hierdie betrokke hoofstuk gelei om te sien hoe kinders tydens hulle spirituele ontwikkeling behoort begelei te word, en nou word daar ten slotte in die volgende hoofstuk na die pragmatiese taak van Osmer beweeg om hierdie normatiewe voorstelle ook met die praktyk van kinderbediening te integreer.

HOOFSTUK 6

KONKLUSIE

6.1 Inleiding

Die spirituele ontwikkeling van kinders is 'n komplekse onderwerp en om 'n omvattende konseptuele verstaan hiervan te ontwikkel, behels verskeie interdisiplinêre velde se insette. 'n Ryker prentjie oor kinderjare vanuit die Skrif en Christelike tradisies bied vir ons 'n grondige fondasie om dieper teologies oor kinders te reflekteer en om weer 'n hernude verbintenis aan alle kinders te toon. Menige studies oor kinders se spirituele ontwikkeling is reeds gedoen, maar ten spyte hiervan bestaan daar steeds wanpersepsies en vooropgestelde idees oor kinders se spirituele vermoëns en ontwikkeling. In hierdie studie word daar gepoog om van hierdie wanpersepsies en vooropgestelde idees aan te spreek en so tot 'n ryker konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling te kom. Die studie probeer 'n ryker konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling vorm, aan die hand van die vraag: Wat is die aard van kinders se spirituele ontwikkeling en die implikasies daarvan vir die begeleiding van kinders in kinderbediening?

6.2 Gevolgtrekkings

Teen die agtergrond van die navorsingsvraag, kan die volgende vier oorhoofse gevolgtrekkings vanuit hierdie studie gemaak word:

6.2.1 Wat word verstaan onder kinderspiritualiteit?

In die eerste hoofstuk word die twee vrae gevra: Wat word verstaan onder spiritualiteit? en: Verskil kinders se spiritualiteit van volwassenes se spiritualiteit en indien wel, hoe? Hierdie vraag is in hoofstuk twee beantwoord deurdat die volgende gevolgtrekkings gemaak is:

- Spiritualiteit is 'n komplekse konsep en dit is moeilik om 'n eenvormige definisie vir spiritualiteit te ontwerp.
- In die reeds bestaande definisies is daar wel ooreenkoms oor die transendente en relasionele aard van en verwantskap tot spiritualiteit.
- Met kritiese oorleg is Roehlkepartain *et al.* [2006: 5-6] se definisie vir spiritualiteit tot op hede die mees gepaste, naamlik dat spiritualiteit die inherente menslike kapasiteit tot selftransendensie is, waarin die individu deelneem aan die heilige – iets groter as hom- of haarself. Dit dryf die soeke na verbintenis, betekenis, doel en etiese verantwoordelikheid. Dit word binne en buite 'n groot verskeidenheid van godsdienstige tradisies, geloofsoortuigings en geloofspraktyke gevorm.
- Om tot 'n definisie vir kinderspiritualiteit te kom, word dieselfde probleme as met 'n algemene definisie vir spiritualiteit ondervind as gevolg van die kompleksiteit daarvan. Die definisie van Yust *et al.* [2006: 8-10] bied gepaste insigte ten opsigte van die omskrywing van kinderspiritualiteit. In die formulering van 'n definisie vir kinderspiritualiteit moet die volgende sewe aspekte in ag geneem word: i) Spiritualiteit is 'n inherente deel van menslikheid; ii) Dit is verwant aan godsdiens en geloof, maar word nie daardeur omskryf nie; iii) Dit sluit groei en ontwikkeling in; iv) Dit moet aktief versorg en gekoester word; v) Dit is ingebed in verhoudings en gemeenskappe; vi) Dit word in etiese gedrag uitgedruk; en vii) Dit verg interdissiplinêre ondersoek.
- In die studie word die gevolgtrekking gevorm dat kinderspiritualiteit nie intrinsiek van volwasse of algemene spiritualiteit verskil nie, maar wel in diepte. Die woorde “ontwikkel” of “groei” vorm deel van die definisies vir kinderspiritualiteit en dui die verdieping in spiritualiteit aan. Dus moet die “ontwikkende” aspek van kinders se spiritualiteit ook in aanmerking geneem word wanneer daar konseptueel na kinders se spiritualiteit gekyk word.

6.2.2 Wat word verstaan onder kinders se spirituele ontwikkeling?

In die eerste hoofstuk is die vraag gevra: Wat word verstaan onder spirituele ontwikkeling en hoe is dit op kinders van toepassing? Hierdie vraag word in die tweede hoofstuk beantwoord deurdat die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word:

- Vanuit die Christelike tradisie is spirituele ontwikkeling 'n lewende, bewegende, dinamiese entiteit, wat binne die ruimte van die Heilige Gees plaasvind.
- Hierdie studie het bevind dat spirituele ontwikkeling in kinders nie 'n liniêre of chronologiese ontwikkelingsproses is nie, maar die ontwikkeling van spiritualiteit insinueer 'n verdieping of verryking in die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self, en die wêreld.

6.2.3 Insigte vanuit historiese en kontemporêre perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling

In die eerste hoofstuk word die twee vrae gevra: Watter bydrae maak Jean Piaget, Erik Erikson, Lawrence Kohlberg en James Fowler se teorieë oor kinderontwikkelingsfasies tot die verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling? en: Watter kontemporêre perspektiewe help ons om 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm? In hoofstuk 3 en 4 word hierdie vrae beantwoord deurdat die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Historiese perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling kan in vier tydperke verdeel word: die eerste tydperk is die vroeë holistiese periode (1892-1930); die tweede tydperk is 'n era wat gekenmerk word aan die afname van fokus op die ervaring (1930-1960); die derde tydperk strek oor drie dekades met 'n klem op die kognitiewe fases van ontwikkeling (1960-1990); en die vierde tydperk het ontstaan as 'n gevolg van reaksies op dié kognitiewe studies, met 'n beklemtoning van kinders se spiritualiteit (1990-2013). 'n Vyfde tydperk word deur sommige navorsers bygevoeg as die kinderteologietydperk (2000-2013).
- Historiese perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling het bydraes gemaak tot die verstaan van die kognitiewe, emosionele en morele ontwikkelingsaspekte wat 'n invloed op kinders se spirituele ontwikkeling het.
- Vanuit die historiese perspektiewe is daar probleme ondervind met die oorbeklemtoning van die ontwikkelingsfasies en die faseteorieë wat spirituele ontwikkeling in kinders bepaal, en dus het die behoefte vir kontemporêre perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling ontstaan.
- Benson identifiseer die essensiële elemente vir 'n omvattende teorie van spirituele ontwikkeling. Bronfenbrenner, Breckenridge en Vygotsky beklemtoon die

belangrikheid van die kind in sy omgewing en die “kind-in-konteks” en watter invloed die verskillende sisteme op kinders se spirituele ontwikkeling het. Die kontekstuele faktore speel ’n belangrike rol in die spirituele ontwikkeling van kinders en dra. Roehlkepartain se raamwerk vir die spirituele ontwikkeling van kinders gee ’n duideliker beeld oor die universaliteit van spirituele ontwikkeling as deel van menslike ontwikkeling. Hierdie raamwerk bied waardevolle insigte oor die verskillende dimensies wat ’n rol in die spirituele ontwikkeling van kinders speel en toon dat spirituele ontwikkeling ’n universele verskynsel is wat in alle mense teenwoordig is. ’n Kollektiewe benadering bring ook nuwe insigte rondom kinders se spirituele ontwikkeling, in die sin dat dit nie net tot die verantwoordelikheid van die kind self of die primêre versorgers beperk word nie, maar dat spirituele ontwikkeling die gevolg is van die interaksies tussen ’n hele gemeenskap.

- Alhoewel Benson, Bronfenbrenner, Breckenridge, Vygotsky en Roehlkepartain waardevolle insigte bied oor die kontekstuele, universele, en kollektiewe faktore wat kinders se spirituele ontwikkeling beïnvloed, is dit alleenlik nie genoegsaam as dit nie teologies begrond word nie.

6.2.4. Teologiese begroning vir kinders se spirituele ontwikkeling

In die eerste hoofstuk word die vraag gevra: Wat is die teologiese perspektiewe oor kinders se spirituele ontwikkeling? Hierdie vraag word in hoofstuk 5 beantwoord en die volgende gevolgtrekkings kan hieruit gemaak word:

- Die feit dat kinderbediening nie ’n hoë prioriteit is nie, dat geloofsvormende invloede van ouers ontbreek, dat familiebediening nie tot sy reg kom nie, dat kinderbediening nie genoegsaam na buite gerig is nie en dat kinderbediening hoofsaaklik uit kategetiese bestaan en leer en lewe nie genoegsaam geïntegreer word nie, het tot gevolg dat kinderbedieningsmodelle binne gemeentes oneffektief is.
- Huidige kinderbedieningsmodelle in gemeentes ignoreer en misken kinders in die totale gemeentelike aksies en so word kinders se gawes gering geskat en word hulle nie as volle deelnemende lidmate van die gemeente wat bedien word en ook kan dien, beskou nie. Huidige kinderbedieningsmodelle fragmenteer en isoleer

kinders waar hulle afsonderlik bedien word, wat tot gevolg het dat kinders nog meer van die geheel en die eenheid van die geloofsgemeenskap afgesonder word, amper asof dit 'n "aparte gemeente" is wat binne die groter gemeente funksioneer. Huidige bedieningsmodelle akkommodeer ook soms kinders tydens gemeentelike aksies wat afgewaterde onderrig en aandag aan kinders tot gevolg het en ook 'n verkeerde gemeentebeskouing in kinders skep.

- 'n Dringende behoefte vir veranderings in kinderbediening is noodsaaklik. Nuwe kinderbedieningsmodelle moet eerstens 'n holistiese benadering aanneem wat kinders in hul totale menswees bedien, en tweedens 'n inklusiewe gemeentelike benadering om kinders as deel van die totale gemeentelike te laat kom.
- Die volgende twee benaderings vir kinderbedieningsmodelle maak voorsiening vir die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling: Anthony se paradigma wat die denkende, voelende, reflekerende en aksie-nemende aspekte van kinders se spirituele ontwikkeling in ag neem; en die Frankena-model wat die onderliggende teologiese doel waarom kinders bedien word, in ag neem deur kritiese vrae te vra. Beide hierdie modelle word voorgestel as gepaste modelle vir kinderbediening.
- Die ontwikkeling van nuwe bedieningsmodelle is ook noodsaaklik, en wanneer sulke modelle ontwerp word, stel die studie voor dat dit teen die agtergrond van Bunge se ses sentrale sienings oor kinders gevorm word om seker te maak dat die teologiese begroning van die bedieningsmodel aandag kry. Die ses sentrale teologiese beginsels rondom kinders se spirituele ontwikkeling is: Kinders as geskenke van God en 'n bron van vreugde; Sondige skepsels en morele agente; Ontwikkelende wesens wat onderrig en leiding nodig het; Volle mens en na die beeld van God gemaak; Toonbeeld vir geloof en bronne van openbaring; Weeskinders, naastes, en vreemdelinge wat ontferming en geregtigheid nodig het.

In die eerste hoofstuk word daar laastens gevra: Hoe kan ons die insigte oor die proses van kinders se spirituele ontwikkeling gebruik om gemeentes toe te rus in hul taak as begeleiers van kinders se spirituele ontwikkeling? Anders gestel: Hoe kan hierdie vier oorhoofse gevolgtrekkings ons help om na die praktyk te beweeg om kinders ten beste te begelei tydens hul spirituele ontwikkeling? Vervolgens word pragmatiese voorstelle gemaak om hierdie twee vrae te beantwoord.

6.3 Pragmatiese voorstelle vir kinderbediening

Osmer se vierde kerntaak van praktiese teologie, die pragmatiese taak, vra: Hoe kan ons reageer? Die *pragmatiese taak* het ten doel om aksie-strategieë te vorm wat situasies in so 'n mate sal beïnvloed dat gewenste optrede daaruit sal voortvloei en 'n reflekerende dialoog uit die aksie sal voortbring. In hierdie afdeling word daar op grond van die vier oorhoofse gevolgtrekkings, die volgende voorstelle gemaak as gewenste aksies en optredes in kinderbediening binne 'n gemeentelike konteks:

- Eerstens moet daar binne 'n gemeentelike konteks met dieselfde erns na kinders se spirituele ontwikkeling gekyk word as na enige ander lidmate. Gemeentes moet 'n beskouing aanneem dat alle lidmate, insluitende kinders, die inherente kapasiteit het om hulle bewustheid van die self, die transendente en die verhoudings tot mekaar, te kan verdiep. Hierdie gemeentebeskouing kan in die praktyk oorgaan tot gelyke aandag aan alle lidmate, insluitende kinders, se spirituele ontwikkeling. Dié ingesteldheid kan help om die aksies en optredes teenoor kinders positief te beïnvloed.
- Tweedens moet daar 'n gemeentebeskouing teenoor kinders ontwikkel en aangemoedig word dat kinders nie net objekte van die bediening is wat geleer en ontwikkel moet word nie, maar dat hulle ook subjekte is wat volkome aan die bediening kan deelneem. Kinderbediening behoort dus in die totale gemeentelike lewe geïntegreer en deel gemaak word van die mense op wie die gemeentelike dienste gerig is en deur wie dit uitgevoer word. Dié ingesteldheid sal help om kinders binne die gemeente geleentheid te bied om ander te bedien en ook só spiritueel te ontwikkel.
- Derdens moet kinderbediening nie net tot kategetiese, kinderdienste en aksies vir kinders beperk word nie. Kinders moet in alle gemeentelike aktiwiteite betrek word sodat hulle 'n spiritualiteit ontwikkel waar leer en lewe geïntegreer word. 'n Inklusiewe benadering tot kinderbediening in die totale gemeente sal kinders help om te verstaan dat hulle deel is van die hele geloofsgemeenskap en ook van alles waaraan die geloofsgemeenskap deelneem. Dié ingesteldheid kan besonderse spirituele ontwikkeling voortbring deur die bewustheid dat ons almal deel is van God se storie in alles wat ons doen.

- Vierdens moet kinderbedienings die holistiese bestaan van kinders se totale menswees in ag neem. Kinders ontwikkel nie hulle spiritualiteit in afsondering, slegs binne 'n gemeente nie. Kinders se spiritualiteit ontwikkel saam met ander prosesse en in verskillende kontekste, met verskillende faktore wat dit beïnvloed. Dus moet gemeentes wyer dink as net spirituele aksies by die gemeente self. 'n Ingesteldheid wat kinders se totale menswees in ag neem kan help om die hele gemeenskap in die spirituele begeleiding van kinders te betrek. Gemeentes moet meer aandag aan die toerusting van die verskeie rolspelers in kinders se spirituele ontwikkeling, byvoorbeeld ouers, onderwysers, sportafrigters en ander mentorfigure te bestee.
- Vyfdens moet kinderbedienings na my mening 'n nuutgevonde vertroue in geloofspraktyke plaas, veral die vertel van stories of verhale. Alle mense wat by die bediening van kinders betrokke is moet 'n diepe vertroue ontwikkel dat kinders deur die Godgegewe geskenk wat ons elkeen ontvang het, die kapasiteit het om God in alles en in almal raak te kan sien, en herhaaldelik en gedurig die geloofspraktyke beoefen om hierdie geleenthede te skep waar kinders bewus kan word van God se teenwoordigheid en so spiritueel kan ontwikkel.
- Sedsens stel hierdie studie voor dat enige kinderbediening teen die agtergrond van Anthony se paradigma krities evalueer moet word om vas te stel of die bedieningsmodel geleenthede inhou vir kinders om deur denke, refleksie, ervaring en aksie spiritueel te kan ontwikkel. Denke en refleksie oor God skep verwondering in kinders voor God en hierdie verwondering sal slegs oorgaan na passie en daede as dit met aksie en ervaring gepaard gaan. Die studie stel voor dat kinderbediening al vier hierdie soort momente of geleenthede vir kinders moet skep sodat kinders van kleins af die toewyding kan ontwikkel om aan te hou spiritueel ontwikkel en om 'n lewenslange en volgehoue spiritualiteit te beoefen.
- Laastens is dit van kritiese belang dat kinderbediening doelgerig toegepas moet word. Sonder 'n spesifieke doel is enige iets sinneloos en 'n gejaag na wind. Net so is die doel van kinderbediening ook baie belangrik en kan dit teen die agtergrond van die Frankena-model se vyf bepalende vra geformuleer word. Die doel van kinderbediening kan nie sonder teologiese begroning geformuleer word nie. Dit is baie belangrik om in gedagte te hou dat die Skrif vir ons leer dat kinders geskenke van God is en dat ons hulle dienooreenkomstig sal hanteer; dat hulle

sondig van natuur is en leiding nodig het; dat hulle 'n toonbeeld van geloof is en ook vir ander mense van God kan leer. Wanneer hierdie teologiese beginsels in gedagte gehou word, sal die formulering van die doelwitte van die kinderbediening daarin slaag om kinders doelgerig tydens hul spirituele ontwikkeling te begelei.

Hierdie pragmatiese voorstelle spreek van die leemtes aan om 'n beter konseptuele verstaan van kinders se spirituele ontwikkeling te vorm en om kinders tydens hul spirituele ontwikkeling te begelei; tog is daar nog leemtes wat aangespreek moet word en vervolgens word voorstelle gemaak vir verdere studies wat hierdie leemtes kan aanspreek.

6.4 Verdere studies

Gedurende die studie het daar sekere aspekte na vore gekom wat nog verdere duidelikheid en ondersoek verg. Van hierdie aspekte wat verder nagevors moet word, is die volgende:

- Baie studies poog om 'n omvattende en werkende definisie vir spiritualiteit te vorm en dus is daar menige studies daarvoor. Tog is daar steeds 'n gebrek aan die formulering van 'n definisie vir kinderspiritualiteit en bestaan die behoefte aan verdere studies na 'n werkende definisie van kinderspiritualiteit, veral binne 'n raamwerk van die Christelike tradisie.
- Kinderteologie is nog 'n nuwe veld en duidelikheid oor hoe hierdie dissipline binne die teologie tot sy reg kan kom, moet nog verder bestudeer word.
- Baie studies wys die beperkinge van die faseteorieë uit en verdere studies bewys dat kinders se spirituele ontwikkeling veel meer as net die morele, emosionele en kognitiewe ontwikkeling behels. Tog ontbreek hierdie studies aan empiriese navorsing oor wat kinders werklik tydens hul spirituele ontwikkeling ervaar. Verdere empiriese studies oor kinders se ervaring is noodsaaklik.
- Roehlkepartain gee 'n omvattende raamwerk om die universele aard van kinders se spirituele ontwikkeling te verstaan, maar tog ontbreek dit aan navorsing oor spesifieke godsdienste. Hierdie betrokke studie is ook net gerig op die spirituele

ontwikkeling van kinders binne die Christelike tradisie en dus is studies oor kinders se spirituele ontwikkeling in ander godsdienste en tradisies ook nodig.

- In afdeling 5.7 word aangedui dat kinderbediening verder strek as net die gemeentelike konteks, en dus ontstaan die behoefte dat die bediening aan kinders verder ondersoek word in al die verskillende kontekste waarin kinders hulleself bevind.
- In die studie is daar min aandag gegee aan die definiëring en omskrywing van wat die rol van die kerk en ouers in die spirituele ontwikkeling van kinders is. Verdere studies oor presies waar hierdie rolle onderskei word en oorvleuel, is 'n behoefte wat verder as hierdie studie strek. Familiebedienings staan ook voor die uitdaging om duidelikheid oor hierdie rolle te bied. Gepaardgaande hiermee is daar ook die behoefte aan toerusting van ouers en gemeentes om hierdie rolle te vervul. Studies oor hoe ouers en gemeentes hierdie verantwoordelikheid kan nakom is noodsaaklik.
- In hierdie studie word die tendense rondom die bediening aan kinders uitgewys. Uit hierdie tendense blyk dit dat 'n ryker beeld van die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling noodsaaklik is. Daar is ook aangedui dat hierdie omvattende beeld van kinders se spirituele ontwikkeling onderliggend aan die kerkbegrip van gemeentes behoort te staan sodat kinders as volwaardige en deelnemende lidmate beskou kan word. Die noodsaaklikheid van so 'n kerkbegrip oor kinders se spiritualiteit is aangedui, maar hoe hierdie kerkbegrip en perspektief aangewend moet word sodat dit deurslag vind in gemeentes, is nog onduidelik. Verdere studies oor hoe gemeentes hierdie kerkbegrip oor kinders se spiritualiteit kan ontwikkel, sal van waarde wees.

6.5. Slot

In hierdie studie is die volgende vraag ondersoek: Hoe kan ons kinders se spirituele ontwikkeling beter verstaan en wat is die implikasies vir kinderbediening? Hierdie studie het bevind dat spiritualiteit inherent deel is van elke mens se bestaan. Hierdie inherente spiritualiteit ontwikkel deur die loop van die mens se lewensjare. Die studie toon dat 'n definisie vir algemene spiritualiteit erkenning gee aan die transendente en relasionele verwantskap. Definisies vir kinderspiritualiteit stem ooreen met die algemene definisies

vir spiritualiteit, maar terme soos "ontwikkel" of "groei" word bygevoeg. Hierdie studie het gevind dat spirituele ontwikkeling in kinders nie 'n liniêre of chronologiese ontwikkelingsproses nie, maar die ontwikkeling van spiritualiteit behels 'n verdieping of verryking van die bewustheid van die transendente en die relasionele verwantskap tot ander, die self en die wêreld. Die studie toon ook aan die hand van historiese navorsing wat oor kinders gedoen is, dat daar verkeerdelik klem geplaas is op kognitiewe ontwikkeling as spirituele ontwikkeling in kinders. Die beperktheid van die faseteorieë het hierdie studie gelei om 'n ryker beeld van kinders se spirituele ontwikkeling te verken. In die studie word die konteks, die universele aard van ontwikkeling, en 'n kollektiewe benadering as eksterne faktore aangedui, wat ook 'n rol in die spirituele ontwikkeling van kinders speel. Hierdie studie het verder gevind dat die teologiese nadenke oor kinders die wyse waarop kinders in 'n gemeentelike konteks bedien word, bepaal. Die studie toon aan dat kinders se spirituele ontwikkeling in gemeentes in die algemeen tot kategorieë beperk word en dat kinders nie as volle deelnemende lidmate beskou word nie. Ten slotte poog hierdie studie om die rykdom en die kompleksiteit van kinders se spirituele ontwikkeling te bevorder deur 'n holistiese en inklusiewe benadering in gemeentes voor te stel.

Deur kinders as holistiese wesens te bedien en die inklusiewe verantwoordelikheid teenoor kinders te herken, kan gemeentes sorg dat kinders in die samelewing tot hul reg kom as die wonderlike skepsels wat God hulle gemaak het. Ter afsluiting beteken die die openingsaanhaling vir my soveel meer na hierdie studie, en beklemtoon dit vir my die belangrikheid daarvan om kinders deur hul spirituele ontwikkelingspad as waardevolle wesens te ag en te hanteer:

Children are as much spiritual beings as are the adults in their lives. From the very beginning of life, infants seem to live a life of awe and wonder, often transfixed in the moment. Watch a baby who gazes at the face of his mother in wonder of this mysterious other ... Spiritual aliveness knows no age barriers; the young child and aged philosopher stand on level ground. [Ratcliff, 2004: 7-8]

BRONNELYS

- Allen, H.C. 2008a. *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices*. Eugene: Cascade Books.
- Allen, H. C. 2008b. Exploring Children's Spirituality from a Christian Perspective. In H. C. Allen, *Nurturing Children's Spirituality: Christian Perspectives and Best Practices* (5-20). Eugene, Oregon: Cascade Books.
- Allred, B. 2009. *An investigation into the use of film and literature in the Christian education of children aged 10-12 years*. Master of Arts: Melbourne College of Divinity [Online]. Beskikbaar: http://repository.mcd.edu.au/6/1/Allred_MA_Thesis.pdf. [2013, 15 Maart].
- Anthony, M.J. (red.) 2006. *Perspectives on children's spiritual formation*. Nashville: Broadman & Holman.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2009. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.
- Barth, K. *Church Dogmatics* 4(3): 506-507. In Dykstra, C. *Growing in the life of faith*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Barna, G. 2003. *Transforming children into spiritual champions*. Ventura: CA Regal.
- Beckham, W.A. 1995. *The second reformation. Reshaping the church for the 21st century*. Houston: Touch Publications.
- Beckwith, I. 2004. *Postmodern children's ministry*. Grand Rapids: Zondervan.

- Beckwith, I. 2012. *Formational children's ministry: Shaping children using story, ritual and relationship*. Grand Rapids: Baker Books.
- Benson, P.L., Roehlkepartain, E.C. & Rude, S.P. 2003. Spiritual development in childhood and adolescence: Toward a field of inquiry. *Applied Developmental Science*, 7: 204-212.
- Bensons, P.L. 2006. The science of child and adolescent development: Definitional, theoretical, and field-building challenges. In: Roehlkepartain, E.C., Benson, P.L., King, P.E. & Wagener, L.M. *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence*, 484-497. Thousand Oaks, California; London, UK; New Delhi, India: Sage.
- Berry, L. & Guthrie, T. 2003. *Rapid assessment: The situation of children in South Africa*. Cape Town: Children's Institute and Save the Children, University of Cape Town.
- Berryman, J.W. 1991. *Godly play: An imaginative approach to religious education*. Minneapolis: Augsburg.
- Beukes, M.J. du P. 1995. Ontwikkeling van die kategese tot 'n familiale-gemeentelike geloofshandeling. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 10(2), 13-26.
- Bischoff, J.H. 1998. Verslag van die vyfde wetenskaplike opname van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Maart 1996 in opdrag van die Algemene Sinode. *Kerkspieël V*. Pretoria: Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Bischoff, J.H. & Schoeman, K. 2005. Verslag van die sewende wetenskaplike opname van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Maart 2004 in opdrag van die Algemene Sinode. *Kerkspieël 2004*. Pretoria: Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Borg, M. 2003. *The heart of Christianity*. San Francisco: HarperSanFrancisco.

- Boyatzis, C.J. 2008. Children's spiritual development: advancing the field in definition, measurement, and theory. In Allen, H.C. *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices* (43-57). Eugene: Cascade Books.
- Boynton, H.M. 2011. Children's spirituality: epistemology and theory from various helping professions. *International Journal of Children's Spirituality*, 16 2), 109-127.
- Bradford, J. 1995. *Caring for the whole child. A holistic approach to spirituality*. London: The Children's Society.
- Breckenridge, L. 2004. An ecological perspective and spiritual direction in childhood: The ecology and social dynamics of childhood spirituality. In Ratcliff, D. (red.) *Children's spirituality: Christian perspectives, research, and applications*. Eugene: Cascade Books. (325 -333.)
- Brewster, D. & McDonald 2004. Children – the great omission? *Viva Network* [Aanlyn].
Beskikbaar: http://www.viva.org/?page_id+286 Toegang verkry op 28 April 2013.
- Brewster, D. 2005. *Child, church and mission. A resource book for Christian child development workers*. Makati City: Church Strengthening Ministry.
- Brewster, D. 2011. *Children and childhood in the Bible: a workbook* (hersiene uitg.). Compassion International.
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development. Experiments by nature and design*. Cambridge: Harvard University Press.
- Bunge, M.J. 2001. *The child in Christian thoughts*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bunge, M.J. 2003. A more vibrant theology of children. *The enter for Christian Ethics at Baylor University*, 11-19.
- Bunge, M.J. 2004. Historical perspectives on children in the church: Resources for spiritual formation and a theology of childhood today. In D. Ratcliff (ed.).

- Children's Spirituality: Christian Perspectives, Research, and Applications*, (42-53) Eugene: Cascade Books.
- Bunge, M.J. 2006. The child, religion, and the academy: Developing robust theological and religious understandings of children and childhood. *Journal of Religion*, 86(4): 549-579.
- Bunge, M.J. 2008a. *The child in the Bible*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bunge, M.J. 2008b. Biblical and theological perspectives on children, parents, and 'best practices' for faith formation: Resources for child, youth, and family ministry today. *Dialog: A Journal of Theology*, 47(4) 348-360.
- Burger, C.W. 1997. Geloofsvorming by kinders: die huidige stand van die gesprek. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 38(4): 340-348.
- Burke, C. 2008. Theories of childhood. *Encyclopedia of children and childhood in history and society* [Online]. Beskikbaar: <http://www.faqs.org/childhood/So-Th/Theories-of-Childhood.html> Toegang verkry op 12 Januarie 2013.
- Burns, J. 2010. *What is family-based youth ministry?* [Online] Beskikbaar: <http://www.youthworker.com/youth-ministry-resourcesideas/youthministry/11624050> Toegang verkry op 23 Mei 2013.
- Chromey, R. 2012. The ABC's of spiritual growth [Online]. Beskikbaar: <http://childrensministry.com/articles/the-abcs-of-spiritual-growth> Toegang verkry op 5 Desember 2012.
- Clark, C. 1997. *The youth worker's handbook to family ministry: Strategies and practical ideas for reaching your student's families*. Grand Rapids: Zondervan.
- Clayden, D. 2005. Evangelization of children. *Lausanne Occasional Paper No. 47*. [Online]. Beskikbaar: <http://www.lausanne.org/Brix?pageID=12890> Toegang verkry op 12 Mei 2013.

- Cloete, A. 2012. Spiritual formation as focus of youth ministry. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 53(3+4): 70-77.
- Coles, R. 1990. *The spiritual life of children*. Boston: Houghton Mifflin.
- Collins, K.J. 2000. *Exploring Christian spirituality*. Grand Rapids: Baker.
- Copsey, K. 2005. *Understanding the spiritual world of the child from the ground up*. Oxford: The Bible Reading Fellowship.
- Csanyi, D.A. 1982. Faith Development and the readiness for the Bible. *Religious Educations*, 77 5), 518-524.
- Dawes, A. & Donald, D. 2005. *Improving children's chances: Linking developmental theory and practice. Children & poverty working paper 2*. [Online]. Beskikbaar: <http://www.hsrc.ac.za/Document-1532.phtml> Toegang verkry op 26 April 2013.
- Dean, K.C. 2001. Theological rocks - first things first. In Dean, K.C., Chap, C. & David, R. *Starting right: thinking theologically about youth ministry* (15-23). Grand Rapids: Zondervan.
- De Klerk-Luttig, J. 2008. Spirituality in the workplace: A reality for South African teachers? In *South African Journal of Education EASA*, 28(4): 505-517. [Online] Beskikbaar: <http://www.ajol.info/index.php/saje/article/view/25171/4370> Toegang verkry op 14 Januarie 2013.
- Dulles, A. 1988. *Models of the church*. (2de uitg.) Dublin: Gill & Macmillan.
- Du Toit, P A 2001. Jeugleiers is avonturiers wat op nuwe paaie loop. *Ons Jeug. Bylae tot Die Kerkbode* 17 Augustus, pvi-vii.
- Dykstra, C. 2005. *Growing in the life of faith* (2de uitg.) Louisville: Westminster John Knox Press.

- Eaude, T. 2003. Shining Lights in Unexpected Corners: new angles on young children's spiritual development. *International Journal of Children's Spirituality*. 8 10), 151-162.
- Ellis, T. Baumgart, B. & Carper, G. 2006. Media-Driven Active-Engagement Model. In M.J. Anthony (ed.). *Perspectives on children's spiritual formation*, (225-278). Nashville: Broadman & Holman.
- Erikson, E.H. 1963. *Childhood and society*. (2de uitg.) New York: Norton.
- Erricker, C. 2007. Children's Spirituality and Postmodern Faith. *International Journal of Children's Spirituality*, 12 1), 51-60.
- Estep, J.R. 2004. The social dynamics of childhood spiritual formation: The ecology and social dynamics of childhood spirituality. In Ratcliff, D. (red.) *Children's spirituality: Christian perspectives, research, and applications* (333- 342). Eugene: Cascade Books.
- Estep, J.R. & Breckenridge, L. 2004. The ecology and social dynamics of childhood spirituality. In D. Ratcliff (ed.). *Children's Spirituality: Christian Perspectives, Research, and Applications*, (324-325). Eugene: Cascade Books.
- Freudenburg, B. 1998. *The family-friendly church*. Loveland: Group Publishing.
- Fouché, C. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.L. & et al. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions* (3rde uitg.). Pretoria: Van Schaik.
- Fowler, J.W. 1981. *Stages of faith*. San Francisco: Harper & Row.
- Fowler, J.W. 1991. *Weaving the new creation. Stages of faith and the public church*. San Francisco: Harper Collins.

- Fowler, J.W. & Dell, M.L. 2006. Stages of faith from infancy through adolescence: reflections on three decades. In Roehlkepartain, E.C.; Benson, P.L.; King, P.E. & Wagener, L.M. *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence* (34-45). Thousand Oaks; London; New Delhi: Sage.
- Furnish, D.J. 1993. Rethinking children's ministry. In Schuller, D.S. (red.) *Rethinking Christian education* (73-84). St. Louis: Chalice Press.
- Gilliam, B. & Franklin, J.T. 2004. The Strength of Vulnerability. *Reclaiming Children and Youth*, 13 (3), 144-148.
- Goldman, R. 1987. Teaching the Bible developmentally. *Christian Education Journal*, 7(2): 21-52.
- Gorsuch, R. L. & Walker, D. 2006. Measurement and Research Design in Studying Spiritual Development. In E.C. Roehlkepartain, et al, *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence*, 92-103). Thousand Oaks, California; London, UK; New Dehli, India: Sage Publications.
- Graves, T. 2006. Pragmatic-Participatory model. In M.J. Anthony (ed.). *Perspectives on children's spiritual formation*. Nashville: Broadman & Holman. 165-224.
- Greener, S. 2002. *What is holistic child development?* [Online]. Beskikbaar: <http://prevetterresearch.net/wp-content/2009/07/What-Is-Holistic-Child-Development.pdf> Toegang verkry op 5 Desember 2012.
- Grobbelaar, J. 2008. 'n Ondersoek na die bediening van laerskoolkinders in en deur die gemeente as 'n intergenerasionele ruimte. DTh proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- Groome, T.H. 1988. The spirituality of the religious educator. *Religious Education*, 83: 9-20.

- Hanekom, B. 2006. Uitdagings en geleenthede vir plaaslike gemeentes. Uitdaging 8: die vestiging van 'n kinderbediening. *Kerkbode*, 23 Junie (9).
- Hanson, B.C. (red.) 1990. *Modern Christian spirituality: Methodological and historical essays*. Georgia: Scholars Press.
- Harkness, A.G. 1996. Intergenerational Christian education: Reclaiming a significant educational strategy in Christian faith communities. Ph.D. Tesis, Murdoch Universiteit, Perth.
- Harris, M. 1988. Teaching: forming and transforming grace. In Nelson, C.E. (red.) *Congregations: their power to form and transform*, (238-263). Atlanta: John Knox Press.
- Harris, K.I. 2007. Re-conceptualizing spirituality in the light of educating young children. *International Journal of Children's Spirituality*, 12 (3), 263–275.
- Hausfather, S.J. 1996. Vygotski and schooling: Creating a social context for learning. *action in teacher education*, (182): 1-10.
- Hay, D. & Nye, R. 2006. *Spirit of the child* (Hersiene uitg.). London: Kingsley.
- Hay, D. Reich, K.H. & Utsch, M. 2006. Spiritual development: Intersections and divergence with religious development. In Roehlkepartain, E.C., King, P.E., Wagner, L. & Benson, P.L. (reds.). *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence*. London: Sage Publications. 46-59.
- Helm, J.H. Berg, S. & Scranton, P. 2008. Documenting children's spiritual development in a Preschool program. In Allen, H.C. (red.). *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices*. Eugene: Cascade Books. 214-229.
- Hendriks, H.J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van gemeentevernuwing*. Wellington: Hugenote Uitgewers.

- Hendriks, H.J. & Grobbelaar, J. 2009. Tendense in kinderbediening aan die begin van die 21ste eeu. *Tendense in Kinderbediening*, 50(1): 360-370.
- Hendriks, H.J. & Grobbelaar, J. 2009. Op soek na 'n nuwe wyse om kinderbediening in en deur die gemeente te verstaan. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 50(1-2): 350-359.
- Hill, P. C. & Hood, R. W. 1999. *Measurement of Religiosity*. Birmingham, AL: Religious Education Press.
- Hill, P.C., Pargament, K.I., Hood, R.W., McCullough, M.E., Swyers, J.P., Larson, D.B. et al. 2000. Conceptualizing religion and spirituality: Points of commonality, points of departure. *Journal for the theory of Social Behaviour*, 30: 52-77.
- Holmen, M. 2010. *Church and home*. Ventura: Regal.
- Holmen, M. 2005. *Faith Begins at Home*. Ventura, California: Regal.
- Hood, R. W., Spilka, B., Hunsberger, B., & Gorsuch, R. 1996. *The Psychology of Religion: An Empirical Approach 2nd ed.*. New York: Guilford.
- Hood, D.K. 2004. Six children seeking God: Exploring childhood spiritual development in context. In Ratcliff, D. (red.). *Children's spirituality: Christian perspectives, research, and applications*. Eugene: Cascade Books. 233-248.
- Hornberger, S. Jones, R.F. & Miller, R.L. 2006. Bridging to public policy and civil society. In Roehlkepartain, E.C., King, P.E., Wagner, L. & Benson, P.L. (reds.). *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence*. London: Sage Publications. 458- 472.
- Jensen, D.H. 2005. *Grace vulnerability: A theology of childhood*. Cleveland: The Pilgrim Press.

- Jensen, D.H. 2010. Adopted into the family: Toward a theology of parenting. *Journal of Childhood and Religion*, 1(2): 1-15.
- Johnson, E.L. & Jones, S.L. 2000. *Psychology and Christianity. Four views*. Downers Grove: InterVarsity.
- Joiner, R. 2009. *Think orange*. Colorado Springs: David C. Cook.
- Jones, T.P. 2011. *Family ministry field guide*. Indianapolis: Wesleyan.
- Kaplan, B. 1983. Genetic-dramatism: Old wines in new bottles. In Kaplan, B. *Toward a holistic developmental psychology*, (53-75). Hillsdale: Erlbaum.
- Keely, R.J. 2008. *Helping Our Children Grow in Faith*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.
- Keely, R.J. 2010. *Shaped by God: Twelve Essentials for Nurturing Faith in Children, Youth and Adults*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.
- Lehmann, W. Jr. 1998. The philosophic roots of research into children's spirituality. In Morgenthaler, S.K. (red.) *Exploring children's spiritual formation: Foundational issues* (81-96). River Forest: Pillars.
- Lerner, R. M., Alberts, A. E., Anderson, P. M. & Dowling, E. M. 2006. On Making Humans Human: Spirituality and the Promotion of Positive Youth Development. In Roehlkepartain, E.C., et al *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence* 60-72). Thousand Oaks, California; London, UK; New Dehli, India: Sage Publications.
- Lewis, J. 2000. Spiritual education as the cultivation of qualities of the heart and mind: A reply to Blake and Carr. *Oxford Review of Education*, 26: 263-283.
- Lindner, E. W. 2004. Children as Theologians. In R. B. Pufall % R. P. Unsworth, *Rethinking Childhood* 54-68). New Brunswick, NJ: Rutgers University Press.

- Malherbe, J 2001. 'n Ruimer kyk op kinderbediening. *Kruisgewys* 12), 35–36.
- Marais, F. 2003. Herdink jeugwerk nou! *Kerkbode*, 26 September (10).
- Mathewson, S.E. 2011. Spiritual nurturing of children living in the context of poverty, with specific reference to the role of the Christian children's worker. M.Th.-proefskrif. Universiteit van Stellenbosch.
- Mattis, J. S. & Jagers, R. J. 2001. A relational framework for the study of religiosity and spirituality in the lives of African Americans. *Journal of Community Psychology* 29, 519-539.
- Mattis, J. S., Ahluwalia, M. K., Cowie, S. E, & Kirkland-Harris, A. M. 2006. Ethnicity, Culture and Spiritual Development. In Roehlkepartain, E.C., et al *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence* 283-296). Thousand Oaks, California; London, UK; New Dehli, India: Sage Publications.
- May, S. Posterski, B. Stonehouse, C. & Cannell, L. 2005. *Children matter. Celebrating their place in the church, family, and community*. Grand Rapids: William B. Eerdmans.
- May, S., Stemp, K. & Burns, G. 2011. Children's place in the new forms of church: An exploratory survey of their ministry with children and families. *Christian Educational Journal*, 8(2): 278-305.
- Mead, L.B. & Nash, R.N. 1997. *An eight-track church in a CD world: The modern church in a postmodern world*. Macon: Smyth & Helwys.
- Mercer, J. 2005. *Welcoming children: A practical theology of children*. Danvers: Chalice Press.
- Miller-McLemore, B.J. 2003. *Let the children come. Reimagining childhood from a Christian perspective*. San Francisco: Jossey-Bass.

- Miller-McLemore, B.J. 2004. Thinking about Children: Christian Faith and Popular Psychology. *Family Ministry*, 18 (4), 10-23.
- Morgenthaler, S. K. 1999. *Exploring children's spiritual formation: Foundational issues*. River Frost: Pillars.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's & doctoral studies. A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.
- Mueller, C.R. 2010. Spirituality in Children: Understanding and Developing Interventions. *Pediatric Nursing*, 36 4), 197-208.
- Myers, B.K. 1997. *Young children and spirituality*. New York: Routledge.
- Nel, M. 2001. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Bloemfontein: Barnabas.
- Nye, R. M. 1999. Relational consciousness and the spiritual lives of children: convergence with children's theory of mind. *The case of religion: Psychological studies on spiritual and religious development*. Vol 2: 57-82.
- Nye R. M. 2009. *Children's spirituality, what it is and why it matters*. London: Church House Publishing.
- Ortberg, J. 1995. What makes spirituality Christian? *Christianity Today*, 39(3): 16-17.
- Osmer, F. & Scarlett, W.G. 1991. *Religious development in childhood and adolescence*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, Mich: Eerdmans.

- Overton, W. F. 1998. Developmental psychology: Philosophy, concepts, and methodology. In W. Damon & R. M. Lerner, *Handbook of child psychology: Vol 1. Theoretical models of development* 107-188). New York: Wiley.
- Piaget, J. & Inhelder, B. 1969. *The psychology of the child*. New York: Basic Books.
- Powell, K.E. & Clark, C. 2011. *Sticky Faith*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Prest, E. 1992. *God, children and the church*. Pinelands: TFL Publishing.
- Prest, E. 1993. *From one generation to another*. Pinelands: TFL Publishing.
- Ratcliff, D. 2004. *Children's spirituality: Christian perspectives, research and applications*. Eugene: Cascade Books.
- Ratcliff, D. 2008. "The Spirit of Children Past": A Century of Children's Spirituality Research. In Allen, H.C. *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices* (21-42). Eugene: Cascade Books.
- Ratcliff, D. 2010. Children's spirituality: Past and future. *Journal of Spiritual Formation & Soul Care*, 3(1) 6–20.
- Ratcliff, D. & May, S. 2004. Identifying children's spirituality, Walter Wangerin's perspectives, and an overview of this book. In D. Ratcliff (ed.). *Children's Spirituality: Christian Perspectives, Research, and Applications*, (7-22). Eugene: Cascade Books.
- Roehlkepartain, E.C. 2004. Exploring scientific and theological perspectives on children's spirituality. In Ratcliff, R. *Children's spirituality: Christian perspectives, research and applications*, (120-132). Eugene: Cascade Books.
- Roehlkepartain, E.C. 2008. Engaging international advisors in creating a shared understanding of spiritual development. *The center for spiritual development in childhood & adolescence*. [Online]. Beskikbaar: <http://www.search-institute.org/csd/major-projects/definition-update> Toegang verkry op 28 April 2013.

- Roehlkepartain, E.C., King, P.E., Wagener, L., & Benson, P.L. 2006. *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence*. Thousand Oaks; London; New Dehli: Sage Publications.
- Roehlkepartain, E.C., Benson, P.L., King, P.E., & Wagener, L.M. 2004. Spiritual development in childhood and adolescence: Moving to the scientific mainstream. In Roehlkepartain, E.C. *et al.* *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence* (1-15). Thousand Oaks; London; New Dehli: Sage Publications.
- Root, A. 2007. *Revisiting relational youth ministry. From a strategy of influence to a theology Of incarnation*. Downers Grove: IVP Books.
- Rutter, M. 1983. Continuities and discontinuities in socio-emotional development: Empirical and conceptual perspectives. In R. N. Emde & R. J. Harmon, *Continuities and discontinuities in development*, 41-68). New York: Plenum.
- Scales, P. C., Sesma, A. Jr., & Bolstroom, B. 2004. *Coming into their own: How developmental assests promote possitive growth in middle childhood*. Minneapolis, MN: Search Institue.
- Scarlett, W.G. 2006. Towards a developmental analysis of religious and spiritual development. In Roehlkepartain, E.C. *et al.* *The handbook of spiritual development in childhood and adolescence* (21-33). Thousand Oaks; London; New Delhi: Sage.
- Schneiders, S. 1990. Theology and spirituality: Strangers, rivals, and partners. *Horizon*, 13: 253-74.
- Schneiders, S. 2000. *Exploring Christian spirituality: An ecumenical reader*. Grand Rapids: Baker.

- Schwartz, K.D. 2006. Transformations in parent and Friend Faith Support Predicting Adolescents' Religious Faith. *The International Journal For The Psychology Of Religion*, 76 4), 311-32.
- Sheldrake, P. 2000. What is spirituality? In Collins, K.J. (red.) *Exploring Christian spirituality* (21-42). Grand Rapids: Baker.
- Sims, D.A. 2005. The child in American evangelicalism and the problem of affluence: A theological anthropology of the affluent American-evangelical child (AAEC) in late modernity. PH.D.-tesis, Universiteit van Durham.
- Simpson, N.W. & Hendriks, J. 1999. Traditioning and reinterpretation. The quest for a methodology of faith-formation. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 40(3&4): 250-257.
- Smith, C. 2005. *Soul searching*. New York: Oxford Press.
- Stafford, W. 2005. *Too small to ignore: Why children are the next big thing*. Colorado Springs: Waterbrook Press.
- Stonehouse, C. 2008. *Joining children on the spiritual journey*. Michigan: Baker Academic.
- Stonehouse, C. & May, S. 2008. The story and the spiritual formation of children in the church and in the home. In Allen, H.C., *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices*, (366-379). Eugene: Cascade Books.
- Strommen, M.P. & Hardel, R.A. 2000. *Passing on the faith*. Winona: Saint Mary's Press/Christian Brothers Publications.
- Swinton, J. & Harriett, M. 2006. *Practical theology and qualitative research*. London: SCM Press.
- Thompson, R. & William, G. 2008. *SCM studyguide to Christian spirituality*. Norfolk: SCM Press.

UNICEF, N.d.a. *The Convention on the Rights of the Child*. [Aanlyn] Beskikbaar: http://www.unicef.org/rightsite/237_202.htm Toegang verkry op 12 Januarie 2013.

Van der Veer, R. & Valsiner, J. 1991. *Understanding Vygotski: A quest for synthesis*. Cambridge: Blackwell.

Watkins, T.W. 2008. Unfettered Wonder: Rediscovering Prayer through the inspired voices of children. In In Allen, H.C., *Nurturing children's spirituality: Christian perspectives and best practices*, (131-145). Eugene: Cascade Books.

White, K.J. 2010. *Child theology and the emerging theology of development*. Voorgelê vir Victorian Association for Religious Education, Melbourne, (M.Phil.), 1-7.

Wilson, R.A. 2012. Developing the Whole Child: Celebrating the Spirit of Each Child. Beskikbaar: http://www.earlychildhoodnews.com/earlychildhood/article_print. [2013, Maart 13]

Wink, P. & Dillon, M. 2002. Spiritual development across the adult life course: Findings from a longitudinal study. *Journal of Adult Development*, 9: 79-94.

Withers, M. 2006. *Mission-shaped children*. London: Church House Publishing.

Yaconelli, M. 2006. *Contemplative Youth Ministry: Practicing the presence of Jesus*. GrandRapids: Zondervan.

Yust, K.M. 2003. Toddler spiritual formation and the faith community. *International Journal of Children's Spirituality*. 8(2) 133-149.

Yust, K.M. 2004. *Real kids, real faith: Practices for nurturing children's spiritual lives*. San Francisco: Jossey-Bass.

- Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C. 2006. Traditional wisdom: Creating space for religious reflection on child and adolescent spirituality. In Yust, K.M., Johnson, A.N., Sasso, S.E. & Roehlkepartain, E.C. (eds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: perspectives from the world's religious traditions*. Lanham: Rowman & Littlefield. 1-14.
- Zinnbauer, B. J., Pargament, K. I., & Scott, A. B. 1999. The emerging meanings of religiousness and spirituality: Problems and prospects. *Journal of Personality*, 67, 889-919.